

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING

DE GELATENE

Ik open 't raam en laat de najaar binnen,
Het onuitsprekelyke, het van weleer
En van altyd. Als ik één ding begeer
Is het: dit tot het heel laatste te beminnen.

Er was in 't leven niet veel te winnen,
Het deert mij niet meer. Heen is elk verweer,
Als men zich op het wereldoude zeer
Van de milliarden voor ons gaat bezinnen.

Jeugd is onrustig zijn en een verdwaasd
Hunkren naar onverganklyke beminden,
En een eenzaamheid is dan gemis en pijn.

Dat is voorbij, zoals het leven haast.
Maar in alleen zijn is nu rust te vinden,
En dan: 't had zooveel erger kunnen zijn.

J.C. Bloem (1977:138)

1.1 PROBLEEMSTELLING

Gerontologiese studies, veral in die sielkunde en sosiologie, is die natuurlike uitvloeisel van die groeiende getal ouer mense in die ouerwordende wêreldbevolking en die probleme wat daaruit voorgekom het. Hierdie studies stem saam oor 'n hele aantal kenmerkende gemeenskaplike eienskappe wat onteenseglik verband hou met die ouderdom.

Omdat die mens se kuns sy leefwêreld en -werklikheid weerspieël, is dit vanselfsprekend dat die veroudering ook in die letterkunde neerslag sal vind, veral aangesien die groot aantal ou mense kunstenaars insluit wat volgehoue bly produseer. Hierdie mense ontkom nie aan die probleme wat saamhang met veroudering nie.

Om 'n idee te vorm wat met hierdie studie ondersoek word, is dit

nodig om eers vlugtig na die kernbegrippe in die titel en tema van hierdie studie te verwys, naamlik **gerontologie** en **kode**.

Volgens HAT (Odendal, 1994:266) is gerontologie:

die wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die liggaamlike en geestelike verskynsels wat by die mens in die ouderdom voorkom. (Verdere definisies en

omskrywings volg in hoofstuk 2 (2.3.1.)

Die woordeboekomskrywing van **kode** (Odendal, 1994:551) is:

woorde en tekens met betekenis soos ooreengekom om 'n mededeling te verkort of vir die oningewyde of vyandige persone onverstaanbaar te maak.

In meer teoreties-literêre terme word kode deur Van Gorp (1991:74) soos volg omskryf:

...code (staat) aldus voor een systeem van tekens en verbindingsregels met behulp waarvan een voorafbestaande boodschap wordt overgebracht. Deze laatste wordt volgens een eenduidige en afgesproken systematiek getransformeerd tot zgn. signalen, die de ontvanger weer kan ontcijferen als hij de code kent.

Verdere toeligting en literêre omskrywing van hierdie term volg in hoofstuk 2 (2.1).

Voordat 'n hoofsaaklik tematiese gerigte studie soos hierdie een aangepak word, moet helderheid oor 'n teoretiese raamwerk (die gerontologiese kodebenadering) en sekere ander aspekte verkry word. Die volgende sake moet dus aandag kry:

- * Bestaan daar gronde en genoegsame beskikbare poësietekste vir 'n tematiese ondersoek na die gerontologiese kodes in die Afrikaanse poësie?
- * Hoe vind die ouderdom neerslag in die digkuns van die ouer digter, of die jonger digter wat reeds op vroeë leeftyd die ouderdom as deel van sy lewenspatroon erken en begin ver-

werk?

- * Hoe word gerontologiese kodes bepaal?
- * Hoe word die ouderdom, veral in die poësie, gekodeer?
- * Watter kodes is in die gerontologiese tekste werksaam?
- * Watter literêre kodes is kenmerkend van gerontologiese poësie en ander tekste?
- * Word gerontologiese poësie deur 'n eiesoortige metaforiek gekenmerk?
- * Watter verstegniese tendense en stylmiddele is tipierend van die gerontologiese gedigte?
- * Wanneer kan daar van 'n gerontologiese subgenre gepraat word?

Om die gerontologiese kodes te bepaal, is dit nodig om in gedagte te hou dat die lewensverwagting van die mens in die Westerse samelewing aanmerklik gestyg het in vergelyking met die vorige eeu. Die vrae wat hieruit voortvloei, is die volgende:

- * Hoe benut mense die langer tydperk waarin hulle aktiwiteite kan voortgaan?
- * Watter uitwerking het die biologiese en psigologiese veranderinge, soos die afname in fisiese vermoëns en liggaamskragte, op die mens se ingesteldheid, sy lewensuitkyk en toekomsverwagting?
- * Hoe beïnvloed veroudering 'n mens se kreatiwiteit?
- * Watter spesiale aanpassings sou veranderde omstandighede verg? Omstandighede soos aftrede, verhuising, die afsterwe van eggenotes, fisieke agteruitgang, die verlies aan status en die benutting van baie meer vrye tyd.
- * Watter vorme van bejaardheid moet in aanmerking geneem word?

Alhoewel gerontologie eintlik meer op die **sosiale** vlak as op die **literêre** vlak lê, is dit ook ten opsigte van die literêre ondersoek nodig om te bepaal wat gebeur en hoe reageer mense op die verouderingsproses en die aanpassings en probleme wat daarmee saamhang. Gerontologiese kodes kan hieruit bepaal word en weer as kodes in die digkuns geïdentifiseer word. Daarby moet ook vasgestel word of daar sekere literêre tendense in die sogenaamde gerontologiese letterkunde voorkom. Daarom sal dit nodig wees om die inhoudelike kodes - die kodes wat die veroudering en ouderdom kwalifiseer - asook die literêre kodes wat kenmerkend is van die diskoers in die gerontologiese tekste, te identifiseer. Die ouderdomsbenutting en die veranderde literêre tegnieke wat in meer as een (ouer) digter se poësie voorkom, moet herken en beskryf word, voordat daar van gerontologiese kodes gepraat kan word.

1.1.1 DIE OUDERDOM IN DIE AFRIKAANSE DIGKUNS

Uit 'n aanvanklike kursoriese ondersoek het gou geblyk dat daar in die Afrikaanse digkuns wel terdeë 'n bewustheid is van die ouderdom as verskynsel. Dit blyk ook dat die beskrywing en hantering van die ouderdom van die jonger en ouer kunstenaars beduidend verskil ten opsigte van die deurleefdheid van hulle ervaring, maar ook ten opsigte van verstegniek en stylmiddele. Verdere uitgebreide toeligting oor dié verskille word teen die einde van dié hoofstuk (1.8) gegee.

1.1.2 GERONTOLOGIE AS TEMA IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Hoewel, soos later (1.6.1-1.6.3) aangedui sal word, die letterkundige kritiek weinig wetenskaplike aandag aan die tema bestee

het, word die gerontologie tematies in die Afrikaanse letterkunde verreken deur skrywers wat ouer karakters skep en uitbeeld. Die poësie, kontemporêre romans, nouvelles en verhale is verrassend vol ou mense. Dit lyk of hulle kwantitatiewe teenwoordigheid as karakters in die hedendaagse fiksie toeneem in dieselfde mate waarin bejaardes in getalle in die wêreldbevolking en onder kunstenaars verhoudingsgewys toeneem. Daarby verdien die oumenskarakters in die moderne literatuur meer as net 'n verbygaande blik. Anders as die gestereotipeerde bejaardes van die verlede betree hulle nou toenemend belangrike rolle. Miskien verskerp die getalstoename (die feit dat bejaardes 'n algemene verskynsel is) die besef by ander dat ouderdom elkeen se voorland is. C. Rooke (1992:242), 'n literêre gerontoloog, meen dat dit selfs tot nuuskierigheid oor die bejaardheid kan aanleiding gee en daartoe bydra dat stereotipering gereduseer word:

This is not to say that we choose the destination of old age; admittedly, our tickets have been prearranged and our passage is very nearly obligatory. Still we are curious because for many of us today the habit of denial is wearing thin. We have begun, in a combination of hope and dread, to imagine ourselves in the country of the old.

Rooke sinspeel dus daarop dat nuuskierigheid ten opsigte van die mens se lot om oud te word by skrywers en lesers gegroei het. Daarom vind die verhale met die ouderdom as tematiek miskien makliker 'n leserspubliek. Die begrip wat die leser uit literêre werke put, kan die klimaat ten opsigte van die ouderdom verander. Anders as Simone De Beauvoir wat gemeen het dat 'n ou mens nie 'n waardige karakter kan wees nie, is die teendeel reeds bewys.

1.1.3 OUER KUNSTENAARS

In die Afrikaanse letterkunde is daar etlike kunstenaars wat nog

steeds produktief is selfs na die amptelike aftreeouderdom, byvoorbeeld: Anna M. Louw (geb. 1913), Elisabeth Eybers (1915), Ernst van Heerden (1916), Audrey Blignault (1916) S.J. Pretorius (1917), Alba Bouwer (1920), Elsa Joubert (1922); Sheila Cussons (1922) T.T. Cloete (1924) en andere. M.E.R se laaste werk, *My beskeie deel* word tussen haar vyf en sewentigste en een en negentigste jaar geskryf. Evelyn Marais, oorlede op 26 Desember 1995, se trilogie word na haar tagtigste jaar geskryf en die eerste hiervan *Huis tussen die rante* (1986) verskyn toe sy 84 was.

Nie alleen is hierdie ouer kunstenaars nog aktief in hulle bedryf nie, maar hulle lewer werke wat bekroon word. T.T. Cloete het op 69-jarige ouderdom weer die Hertzogprys verower vir *Met die aarde praat* (1992), Bertha Smit (toe 68) die Andrew Murray-prys vir *Juffrou Sophia vlug vorentoe* (1993) en Karel Schoeman kry in 1995 die Hertzogprys vir *Hierdie lewe* (1993). Elsa Joubert (nou 74) se *Die reise van Isobelle* (1995) word allerweë as 'n uitstaande letterkundige werk beskou.

1.1.4 BEJAARDES AS KARAKTERS

'n Mens moet onderskei tussen die verskillende gedaantes waarin die ouderdom in die literatuur manifesteer, want ook jonger kunstenaars pak die tema aan of gebruik ouer karakters in hulle werke soos duidelik blyk uit Marlene van Niekerk se *Triomf* (1994) waarin Mol, Pop en Treppie duidelik oumense is en beslis nie gestereotipeerde karakters is nie. Schoeman, gebore in 1939, is 'n jonger kunstenaar wat 'n bejaarde hoofkarakter in *Hierdie lewe* (1993) as fokaliseerder inspan. Al die werke van die ouer kunstenaars sal nie noodwendig gerontologiese kodes vertoon nie. *Met*

die aarde praat van Cloete (1992), bevat nie 'n enkele gedig met dié eienskappe nie, alhoewel die ouderdom en die uitwerking daarvan in sy vroeëre *Angelliera* (1980) en *Jukstaposisie* (1982) in 'n hele aantal gedigte voorkom. Verdere toeligting volg aan die einde van die hoofstuk in 1.7.3

1.2 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie tematiese studie is om vas te stel en om aan te toon watter manifestasies van die verouderingsproses en die daarmee gepaardgaande selfbeskouings, vrese, sosiale verhoudings, lewensbeskouings en so meer in die poësie van 'n aantal Afrikaanse digters voorkom. Daarby wil hierdie studie die weg baan sodat 'n gerontologiese subgenre in die Afrikaanse literatuurstudie geïdentifiseer kan word en erkenning kan geniet.

Daarom word daar met behulp van 'n aantal primêre tekste 'n stel gerontologiese kodes en teoretiese sake wat kenmerkend en karakteristiek in werking is in die produksie en resepsie van ouderdomsgedigte onderskei en geïdentifiseer. Dit dien as 'n teoretiese raamwerk vir hierdie studie. Die studie moet aandui wat die geval in die Afrikaanse poësie tans is ten opsigte van die representasie van ouderdom en dié tydperk as voorloper van die dood, omdat die twee aspekte onlosmaaklik verbonde is.

Daar word verder gepoog om vas te stel waaroor digters in hulle ouderdom en volwasse jare dig; watter temas hulle aandag trek; hoe hulle die ouderdom hanteer; hoe hulle daarvoor voel; hoe hulle dit konfronteer en watter gemene delers daar dalk bestaan.

'n Vraag wat beantwoord moet word, is of digters gerontologiese poësie beoefen om in balans te kom sodat hulle oudword en sterfte vreesloos kan wees. Daar moet ook vasgestel word of daar 'n ewigheidsperspektief teenwoordig is en hoe dit hulle vrees of aanvaarding van die dood beïnvloed. Daarom sal die aard en inhoud van die uitbeelding van veroudering en bejaardheid in sekere geselekteerde gedigte bestudeer word.

Die einddoel is om 'n kodemodel op te stel en so by te dra tot die teorie wat gerontologiese tekste kan help ontsluit. Sodoende sal herkenning van die verskillende poëtiese manifestasies van ouderdom in die betrokke gedigte moontlik gemaak word.

Die gekose tekste is nie bedoel om gesamentlik of afsonderlik 'n representasie van die ouderdom in sy volle kompleksiteit te wees nie. Dit sou myns insiens nie moontlik wees nie. Die leser sal 'n rol speel sodat ander lesings bykomende en opponerende insigte kan bied. Kulturele, etniese en klasseverskille in 'n heterogene samelewing kan die gevolgtrekkings beïnvloed.

1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die proses van veroudering geskied langsam maar uiteindelik besef die mens dat hy al nader aan die dood beweeg. Hierdie liggaamlike aftakeling gaan dikwels gepaard met 'n kleinerwordende sosiale wêreld, maar ook 'n verdieping wat die innerlike lewe betref. In die werk van sekere digters vind die verinnerliking van die verouderingsproses, die verwerking van bepaalde vrese en die aanpassing by veranderde omstandighede, eksplisiet en/of implisiet volgens herkenbare kulturele en literêre kodes

neerslag. Inhoudelike (wat ook die kulturele kodes insluit) en literêre kodes sal die gerontologiese aard van die poësie bepaal.

As resultaat van die inhoudelike ondersoek wat geriatrie, gerontologie, die sielkunde, sosiologie en die literêre teorie betrek het, is die gevolgtrekkings van hierdie studie ook vir hierdie wetenskappe van waarde en kan dit bydra tot die verdere ontwikkeling van interdisiplinêre studies.

1.4 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED

In die verkenning en identifisering van gerontologiese kodes in die poësie, word die terrein beperk tot die oeuvres van die drie Afrikaanse digters: Elisabeth Eybers, Ernst Van Heerden en S.J. Pretorius.¹ Hierdie digters het as jong kunstenaars gedebuteer en bly produseer tot op 'n gevorderde leeftyd. Ernst Van Heerden het met *Die herfstelike lig* (1996) en Elisabeth Eybers met *Tyd-verdryf Pastime* (1996) aangekondig dat hulle met hierdie bundels halt roep.² Die doel is om die gerontologiese tendens by elkeen aan te toon en dié kodes aan ander lesers te ontsluit. Hierdeur word nie geïmpliseer dat bejaardheidskodes slegs in die poësie van bejaardes te vind is nie maar vanuit hulle ervaringswêreld is dit waarskynliker. By T.T. Cloete is dié kodes byvoorbeeld die duidelikste sigbaar in sy vroeër bundels soos *Jukstaposisie* (1984) en *Allotroop* (1985) en afwesig in sy jongste bundel *Met die aarde praat* (1992). By Van Heerden, Eybers en Pretorius is

1.S.J. Pretorius is teen die einde van Maart 1995 oorlede.

2. Hierdie bundels het verskyn toe dié studie bykans afgehandel was, daarom is die gedigte nie betrek nie.

daar 'n definitiewe beginpunt wat geïdentifiseer kan word en van daar neem die ouderdomsgedigte in elke daaropvolgende bundel toe.

Alhoewel hierdie nie 'n psigoanalitiese studie van ouderdom is nie, sal 'n mens nie anders kan as om die dieptesielkunde soms te betrek vir die verklaring van sekere verskynsels in en om die tema van bejaardheid nie.

In hierdie studie word bejaardes se poësie oor bejaardheid ondersoek. Die identifisering beteken natuurlik nie dat gerontologiese kodes slegs by ouer digters voorkom nie.

Breyten Breytenbach, Peter Blum en andere het op 'n vroeë leeftyd (soos die geselekteerde digters ook) reeds gerontologiese kodes in hulle poësie benut. Die verskil is dat die ouer digters uit eie ervaring die ouderdomsprobleme, waarmee elkeen worstel, in hulle poësie verwoord. Verdere toeligting kom voor in 1.7.1

1.5 CHRONOLOGIE EN METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek is begin deur die opstel van 'n toepaslike bibliografie met behulp van 'n rekenaarsoektog ten opsigte van die gerontologie en toepaslike gedigte en digters in die Afrikaanse sowel as Nederlandse poësie.

Ouderdomsonderskeidende kenmerke soos dit as inhoudelike kodes van die ouderdom in die poësie neerslag vind, is geïdentifiseer en daar is ondersoek gedoen om vas te stel watter literêre kodes voorkeur by die geïdentifiseerde digters in hulle poësie geniet. Hoofstuk 2 bevat, as teoretiese invalshoek, 'n begripsomskrywing

en agtergrondstudie ten opsigte van gerontologie en die verhouding daarvan tot die poësie. 'n Teoretiese begronding word geformuleer deur middel van die identifisering van ouderdomskodes. Die onderskeid tussen die spreker in die gedig en die persoon van die digter; gedig en werklikheid, is hier van toepaslike belang.

'n Keuse van gedigte met duidelike gerontologiese verwysings uit die oeuvres van Ernst van Heerden, E. Eybers en S.J. Pretorius is gemaak met die oog op die ontleding en identifisering van die gerontologiese kodes.

Hoofstuk 3 tot 5 bevat 'n toegepaste studieanalise ten opsigte van die gerontologiese manifestasies in die poësie van die genoemde digters. Met behulp van die semiotiese leesstrategie is aangetoon hoe die gerontologiese kodes inhoudelik en literêr manifesteer en hoe dit met die gerontologie en ander dissiplines korreleer.

Die veelfasettige resultaat van die ondersoek word in die slot-hoofstuk tot 'n sintese gebring sodat 'n meer omvattende siening van gerontologiese kodes in die poësie gegee kan word.

1.6 VERDERE TOELIGTING

Hier volg nou agtergrondinligting in verband met ouderdom as algemene menslike verskynsel, die verwerking van ouderdom in die letterkunde en die oorsig oor navorsing wat reeds onderneem is.

1.6.1 OORSIG OOR VORIGE NAVORSING

Literatoure in Suid-Afrika het die verskynsel van ouderdomslitera-

tuur en die hantering van die ouderdom as tema nog baie min eksplisiet bestudeer.¹ 'n Mens sou kon vra waarom literatore, nie net in Suid-Afrika nie, so stadig is om die rol wat ouderdom in die kreatiewe proses en die produkte van die kreatiewe proses speel, te erken.

1.6.2 PROBLEME MET DIE BESTUDERING VAN OUDERDOMSLETTERKUNDE

Die navorser wat hierdie literêre verskynsel wil bestudeer, ondervind verskeie probleme. Gerontologiese teorieë en aanverwante wetenskappe moet moontlik bestudeer en die onbekende sosiale wetenskapswoordeskat moet bemeester word. Daarna moet 'n interdisiplinêre gehoor wat in staat is om intelligent en krities op die navorsers se insigte te kan reageer, aangespreek word.

1.6.3 GERONTOLOGIESE STUDIES IN DIE LETTERKUNDE

Die feit dat verskeie studies oor die gerontologie die afgelope dekade in Amerika verskyn het, toon dat akademiese belangstelling vir die terrein groei en dat navorsing oor die gerontologie wetenskaplike status en erkenning kry.

Anne M. Wyatt-Brown (1992) toon aan dat daar begin is om gerontologie as wetenskaplike studieterrein aan te durf met die "Conference on Human Values and Aging" wat in 1975 by Case Western Reserve University aangebied is. Hierna het studente in die literatuur die onderwerp begin bestudeer. Twee psigoanalitiese

1. In Ena Jansen se *Afstand en verbintenis* (1996) - wat verskyn het toe dié studie reeds afgehandel was - wy sy die slothoofstuk aan Eybers se ouderdomsgedigte.

literêre ontledings is deur Leon Edel (1979) en Leslie Fiedler (1979) aangebied. Eersgenoemde s'n handel oor Goethe, Tolstoi en Henry James en kreatiwiteit op 'n hoë ouderdom. L.A. Fiedler (1979) bespreek die onbewuste strewes "of dirty old men". Erik Erikson (1979) se bydrae is 'n bespreking van Bergman se film "Wild Strawberries". Tussen 1980 en 1992 het 33 artikels oor die onderwerp in Amerikaanse tydskrifte verskyn waarvan 15, interessant genoeg, in 1986.

Gerontologiese ondersoekers het reeds die rol van die letterkundige bydraes wat tot die begrip van gerontologie bydra, bespreek maar Kathleen Woodward (1980) en Janice Sokoloff (1986,1987) is die eerste persone wat studies aangepak het waarmee hulle die Amerikaanse literêre wêreld kon oortuig dat vanuit die gerontologiese invalshoek 'n geldige studie gedoen kan word. So 'n perspektief het tot dusver ontbreek en kan as 'n vermiste skakel beskou word. Tot op hierdie stadium is die uitwerking van veroudering op 'n kunstenaar se lewe en die representasie daarvan in 'n literêre werk in 'n groot mate deur literatore geïgnoreer.

As gevolg hiervan is die verhouding tussen ouderdom en literatuur hoofsaaklik oorgelaat aan opvoeders, bibliotekarisse en gedragswetenskaplikes met literêre belangstelling. Redakteurs wat bereid was om versamelbundels oor gerontologiese studies te publiseer, het vir dié doel bydraes aangevra. Omdat meer studente die gaping tussen gerontologie en literatuur oorbrug het, kon aan hierdie versoek voldoen word en 'n subspesialiteit in die literêre studies het ontstaan. Anne Wyatt Brown (1992:332) verklaar:

Thus it is not surprising that relatively few literary

scholars have written on aging¹ except when energetic editors have put together edited volumes. (...) But now that there is a greater interest in qualitative research, more literature scholars have mastered gerontological theory, thereby bridging the gap between the two fields and creating a legitimate subspeciality in literary studies.

Literêre gerontologiese studies wat verskyn het, kan volgens Wyatt-Brown (1992:332) in die volgende kategorieë verdeel word:

Briefly, they consist of (1) analysis of literary attitudes towards aging; (2) humanistic approaches to literature and aging; (3) psychoanalytic explorations of literary works and their authors; (4) applications of gerontological theories about autobiography, life review, and midlife transitions; and (5) psychoanalytically informed studies of the creative process

Hier word nou aandag geskenk aan die verskillende kategorieë, soos deur Wyatt-Brown (1992:232) geïdentifiseer:

- * In die studies in die **eerste kategorie**, waar die klem op die gesindhede teenoor ouderdom val, is dit hoofsaaklik die negatiewe stereotipering van die bejaardheid wat aandag geniet. E.F. Ansello (1977), G.F. Blue (1978), M. Clark (1980), D.A. Peterson & E.L. Karnes (1976) het probeer vasstel of individuele werke 'n gebalanseerde of versteurde beeld van die ouderdom weergee in fiksie vir kinders en adolessente. Hulle het tot die slotsom geraak dat daar oor die algemeen 'n gebalanseerde beeld van die bejaarde weer- spieël word.

Met 'n akademiese leser in gedagte het C. Berdes (1981), C. Loughman (1977, 1980), M. Sohngen (1975, 1977, 1978), M.

1. In die Engelse tekste is die spelling "ageing" en in die Amerikaanse tekste is dit "aging."

Sohnngen & R.J. Smith (1978) en S.S Tamke (1978) kontemporêre prosa en poësie ontleed met die aksent op die hantering van die ouderdom en ouderdomsverskynsel. Uittreksels is gemaak met die doel om dit as kursusmateriaal te gebruik. Aangesien die kommentaar baie kort is, het die estetiese ontleding in genoemde studies in die slag gebly en is daar geen aandag aan taal, styl, genre, ensovoorts gegee nie.

Loughman (1977) het in haar studie oor die kontemporêre novelles van Kingsley Amis, Murial Spark, Saul Bellow en Junichiro Tanizaki, "Novels of senescence: A new naturalism", probeer om gemeenskaplike tendense in die denkpatrone van hierdie skrywers vas te stel. Sy fokus hoofsaaklik op die onafwendbaarheid van verval en agteruitgang. In haar essay "Eros and the Elderly" (1980) begin sy tot ander insigte kom en suggereer dat die menslike en sensitiewe weergawe van die ouderdom in literatuur die bestaande stereotipering bevraagteken of bevestig.

- * Die **tweede kategorie** in Wyatt-Brown (1982) se indeling koppel die literêr-gerontologiese studies met die geskiedenis, die godsdiens, die filosofie en die kunste. Komplekse lesings van literêre tekste was die gevolg van hierdie ondersoeke. L. Porter & L.M. Porter (1984), S.F. Spicker, K. Woodward & D.D. Van Tassel (1978) en (1979) is die baanbrekers. Die intense konsentrasie op die gerontologiese aspekte in die tekste het die literêre sy van die studies soms heeltemal oorskadu of 'n versteurde tekslesing tot gevolg gehad.

* Die psigoanalitiese teksinterpretasies is die **derde kategorie** in Wyatt-Brown se indeling en dis veral dié benadering wat vinnig veld wen. Hierdie kritici maak van 'n wye reeks analitiese benaderings gebruik, gegrond op die teorieë van Freud, Jung, Erikson, Winnicot, Kohut en Lacan. Hierdie benadering kan verder in drie onderafdelings verdeel word, naamlik studies waarin die volgende ondersoek is:

* * bewyse van kreatiwiteit en transendensie;

* * die verkenning van die kunstenaar se psige en

* * ouderdomsfenomenologie.

Die eerste studies wat uit hierdie invalshoek voortgespruit het, het getrag om te bewys dat toenemende kreatiwiteit en voortreflikheid by ouer outeurs voorkom. Joernale, memoirs en romans is die primêre bronmateriaal saam met die lewensiklusteorieë van Jung, Ericson en Levinson. D.J. Levinson, C.N. Darrow, E.B. Klein, M.H. Levinson & B. McKee, (1979) verskaf die meeste van die interpretasies. Die probleem lê in die meeste gevalle by die aanwending van die psigoanalitiese teorieë wat te programmaties op die literatuur toegepas word. 'n Ander probleem is dat daar hoofsaaklik aandag gewy is aan die manlike kunstenaar. Die uitsondering is Carol Gilligan se *In a different voice* (1982) en die werke van Nancy Chodorow (1978,1989) en Jean Baker Miller (1986) wat lig werp op die vroulike psige.

Binne die psigoanalitiese sfeer is daar 'n aantal kritici wat die skrywer se psige bestudeer en sy leefwyse en lewens-

ervaring in verband bring met die ouderdomsprobleme wat in die skrywer se tekste aandag geniet. Norman Holland (1986) gebruik een van Freud se bekende gevalle, die van Klein Hansie om 'n nogal ontstellende voorstelling van die ouderdom daar te stel. Vir hom is ouderdom agteruitgang omdat 'n mens die laaste kwart van die lewe al die vermoëns verloor wat hy die eerste driekwart van die lewe aangeleer het, maar hy kom ook tot die gevolgtrekking dat daar steeds innerlike groei plaasvind.

Die ouderdomsfenomenologie is 'n ander psigoanalitiese ondersoekbenadering wat gevolg word. Woodward (1986b) volg hierdie benadering in 'n artikel oor Proust waarin sy 'n hipotese oor die spieëlbeeld in die ouderdom gebruik. Sy gebruik Freud se skokervaring ten opsigte van sy eie ouderdomsbewuswording as aanknopingspunt. Hy het in 'n treingang afgeleef en 'n ou man gesien wat hom tegemoetloop. Tot sy groot verbasing moes hy uitvind dat dit sy eie spieëlbeeld is. Soms verhoog siekte en die skokkende besef van veroudering die kreatiwiteit van 'n kunstenaar.

Die **vierde kategorie** fokus op lewensoorsig, herinneringe en outobiografieë. "Life review" is 'n term wat deur R.N. Butler (1963) gebruik is omdat die herinneringe 'n belangrike rol in die lewens van bejaardes speel. Dit help hulle om die dood tegemoet te gaan en bevorder die ontwikkeling van karaktertrekke soos eerlikheid, sereniteit en wysheid (Butler, 1963:65). Woodward (1986) bevraagteken dié siening en beskou dit as 'n uitgediende Aristoteliese siening dat

die lewe 'n hegte eenheid vorm. B. Zavatzky (1984) meen dat outobiografieë en memoirs feitlik altyd deur 'n buitestaander geïnspireer word. 'n Persoon huldig die mening dat 'n ander se lewenservarings opgeteken behoort te word, of iemand toon belangstelling in 'n ander se lewensgeskiedenis. Dit dien dan as stimulus vir die opteken daarvan.

Die outobiografie en die kreatiewe proses tydens 'n persoon se leeftyd word deur 'n aantal wetenskaplikes ondersoek en die ondersoekers formuleer dan 'n teorie waarmee ander ook die verskynsel kan bestudeer. Carolyn H. Smith (1989:76) toon byvoorbeeld aan hoe Richard Eberhart se poësie sy kognitiewe plastisiteit weerspieël. Omdat hy vroeg in sy lewe 'n belangstelling in sy ouer familie getoon het, het hy 'n positiewe siening teenoor ouderdom ontwikkel wat hom later goed te pas gekom het.

- * Die **vyfde kategorie** bestudeer die psigoanalities-gefundeerde manifestasies van die kreatiewe proses by die ouer kunstenaars. Bertram Wyatt-Brown (1989) toon aan hoe depressie Walker Percy se fiktiewe kreatiwiteit in sy middeljare bevorder het. Omdat soveel van die skrywer se familieleden selfmoord gepleeg het, het hy sy toevlug tot fiksie geneem om hierdie familietragedies, wat ook by hom depressie aangewakker het, aan te teken.

Margaret Gullette (1988) se studie *Safe at last*, betrek skrywers soos Saul Bellow, Margaret Drabble, Anne Tyler en John Updike. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die middeljare 'n tydperk van oplewing van hoop en 'n bevestiging van

lewensmoontlikhede is, eerder as die laaste kreatiewe greep of 'n beeld van die kunstenaar se kwynende lewe. Haar standpunt is: "aging is a cultural construction", en dat daar ten minste twee ideologieë ten opsigte van veroudering is, naamlik dié van agteruitgang en dié van vooruitgang.

Woodward (1991) sluit hierby aan in haar boek, *Aging and its Discontents: Freud and Other Fictions*. (1991) Sy lê klem op die onherstelbare verliese en fokus op die narcistiese leed wat ervaar word. Hierdie uitgangspunt word aan die hand van 'n verskeidenheid literêre werke geïllustreer. Hiermee tree 'n literêre gerontoloog toe tot die debat oor die ouderdomsverskynsel in die moderne wêreld.

Dit lei tot die vraag: wat is die aard van die eiesoortige poëtiese hantering van die probleem van liggaamlike aftakeling en ouderdom in die werk van Afrikaanse digters?

1.7 DIE OUDERDOM IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE

'n Opvallende tematiese verskynsel in die moderne Afrikaanse literatuur is ouderdom en veroudering. Die gerontologiese eienskappe kom in al die literêre genres voor, uiteraard veral in die werke van 'n groot aantal ouer skrywers en digters wat hulle daarmee besig hou.

1.7.1 AANBIEDING VAN OUDERDOM IN DIE AFRIKAANSE DIGKUNS

Uit die poësie blyk dit dat die digters terdeë bewus is van die ouderdom as verskynsel. Die gerontologiese aanbieding van die jonger kunstenaar en die ouere verskil ten opsigte van die deur-

leefdheid van die ervaring, asook die verstegniek. Die volgende sitate uit ouderdomsgedigte sal hierdie stelling illustreer.

Reeds as jong digter publiseer Peter Blum (geb.1925) "Sloping" in 1958 in *Enklaves van die lig*¹ (1963:41). In hierdie gedig word die liggaamlike agteruitgang aangespreek, want die liggaamlike veroudering is die opvallendste gerontologiese kenmerk en word objektief by ander mense waargeneem:

die vel rondom die oë sal eerste swig
want niks is so vermoeiend as die lig

senings sal koord langs die gesonke keel
want om die kop regop te dra verveel

dalk sal die stem ontmelodie en kraak
uitgeput deur herhaleringe spraak

Ernst van Heerden (gebore in 1916) behoort, soos Eybers (1915) en Pretorius (1917), tot die geledere van die ouer digters. Van Heerden se eerste gedig met 'n ouderdoms- en vergankliheidsmotief, "Lied van die verganklikheid", kom in sy bundel *Weerlose uur* (1942)² voor.

Dan word die weelde van jou liggaam dor,
jou ryk-beminde bloed vloei traer heen;
en agter aarslag weet ek reeds die dodeklop
en onder vlees die vroeg-verweerde been

Die aard daarvan verskil aansienlik van dieselfde motief soos vergestalt in byvoorbeeld *Tyd van verhuising* (1975) en *Najaarswys* (1993). In die bundels van die ouer kunstenaar word daar rekening gehou met die religieuse, die aftakeling van die liggaam, die

1. Ek haal aan uit die tweede druk, 1963-uitgawe,

2. Die datums soos aangetoon verwys na die oorspronklike verskyningsdatums van die betrokke bundels. Vir hierdie studie word *Kleur van donkerte Verse 1942 - 1956* (1981), gebruik.

daarmee gepaardgaande inkorting van vryheid en die wete dat aanpassings gemaak moet word.

Die ouer digters is eerliker met hulleself en gee hulle subjektiewe belewenis van die ouderdom. Hulle idealiseer of romantiseer nie die ouderdom nie. Vandaar die konfrontasie met die lelike sy van die aftakeling en die gepaardgaande afhanklikheid. Temperende meganismes soos ironie word ingespan om die ouderdomswerklikheid te hanteer.

Die besef van die naderende dood is duidelik waar te neem en is as't ware 'n deurlopende tema. In "Lied van die verganklikheid" is 'n baie jonger kunstenaar aan die woord wat dus nog nie deur die ouderdom geraak is nie, net soos die geval in Blum se gedig. In "Klein Vaderland" (1975:18) verwys Van Heerden self na sy jeugdige onervarenheid en onkundigheid in hierdie verband:

my verse oor die dood as mooi koraal
was teoreties en versin;
literêre oefeninge vir
'n later ernstige spel.

S.J. Pretorius (geb. 1917) verbeeld in sy vroeëre poësie die stryd van die kwesbare mens in sy aardse bestaan met die seker wete dat die dood onvermydelik deel van die lewe is. Die idee van die afrekening en versoening met die ouderdom en die dood en die eensaamheid wat daarmee gepaard gaan, is 'n duidelike tema in sy oeuvre. In die later gedigte staar die mens die ouderdom en dood ontgogeld in die gesig maar sy geloof maak dit moontlik om bo die sterflikheid uit te styg.

Skrikwekkend is die aftakeling en ouderdomsagteruitgang in Pre-

torius se later gedigte. Daarom gaan die ouderdomsuitbeelding dikwels gepaard met 'n proses van devolusie, ondersteun deur die ouderdoms- en doodsmetaforiek en enumerasie. In die betrokke gedigte verword die ou mens (in sy ingeperkte gure wêreld) tot uitgestote, vereensaamde, onaanvaarbare, bejammerenswaardige dier, soos onder andere uitgebeeld in "Gerontologie" (1991:21):

'n klein grys bergskilpadjie
met keelvel en opkykogiesangs.
Wit tjankbang-stert-tussen-die-bene-brakkie.
Ou kraanvoël eenkant siekalleen
op dun verroeste ysterbeen

En agter in hul skemergrot,
holoog, huillip,
krom ou primate wat daglank
miopies, stil apart,
hul verledeluisse sit en knip.

Dis dus nie net die afgetakelde liggaam nie, maar ook die sosiale isolering en die vereensaming van die bejaarde wat die leser op hierdie onafwendbare ouderdomswerklikheid voorberei. Of is dit moontlik 'n manier waarop die digter sy eie vrese besweer - juis deur dit aan te spreek en te objektiveer?

Elisabeth Eybers beskou, beredeneer en beskryf elkeen van haar lewenservarings soos dit in haar lewensfases voorkom. Daarom lyk dit noodwendig dat sy ook haar ouderdomservaring op dieselfde manier sal hanteer.

In haar laaste aantal bundels toon die gediginhoude dat sy daarmee besig is om van die lewe afskeid te neem. Die bundeltitels *Noodluik* (1989) en *Respyt* (1993) versterk hierdie vermoede. Haar poësie word 'n konfrontasie met die eindigheid en die onsekere en wankelrige bestaan van 'n ou mens, haar liggaamlike aftakeling en uiteindelijke dood. Hierdie aspekte van veroudering word opgehef deur die konstatering van die positiewe wat steeds deel bly

van die daaglikse bestaan.

Die besef van die persoonlike weerloosheid en liggaamlike broosheid vereis versigtige optrede wat as persoonlike ervaring aangebied word. Elisabeth Eybers vergelyk hierdie herwaardering van die afgetakelde toestand met die breekbaarheid van 'n porseleimbord in "Pas op" (1990:577):

Sy leer op laas die oggendlik ontvang
en vashou soos 'n porseleindun bord
wat, as sy strompel, sou versplinter word.
Die retoriek waarop sy haarself betrap
-pas op- kom straks te pas op elke stap.

Ook Cloete (1982:56) toon in "Eiewysheid" watter stryd dit word om regop te bly; om die pas versigtig vol te hou. Met behulp van die aangehaalde gedig word getrag om aan te toon hoe gerontologiese kodes - inhoudelik sowel as literêr - in hierdie gedig werksaam is.

Eiewysheid

ek groei aarde toe krom ek hel lewendig
skuins hoe meer jare ek haal
hoe meer raak my kinkels bestendig
ek moet my vertikaal

handhaaf ek moet sekondegetrou
onthou om asem te haal
om koppig uit te hou

en te beweeg kropskeef
en aaphinkende ek moet uitputtend aanhou
oefen om deur die nag te leef

ek moet vratig bly drink
en eet en sweet
en hondhyg ek moet vermoeiend bly dink
in teen die groot vergeet

Gerontologiese kodes wat in die gedig voorkom, is die liggaamlike kodes, aftakelings-, verset- of ontkenningkodes, dood- en/of sterwenskodes, asook die stylmiddele wat kenmerkend in die geron-

tologiese poësie is, naamlik: ironie en enumerasie. Die metafo-
riek (soos in hoofstuk 2 (2.2.2) aangetoon sal word) beklemtoon
die verloop van tyd, dag, voortgang (paaie, roetes en reise), en
die vergelyking van die bejaarde en bejaardheid met 'n groot ver-
skeidenheid diere.

Die gerontologiese liggaamskodes wat die aandag trek, is die
verkromming van die liggaam, versterk deur die talle liggaams-
funksies wat slegs met groot moeite volgehou kan word. Die
spreker verset hom egter hierteen. Die herhaalde gebruik van
"moet" toon watter voortdurende stryd hier teen die aftakeling
volgehou moet word.

Soos dikwels in die gedigte, met die gerontologiese as tema, word
die aftakeling geïroniseer sodat "groei" hier in plaas van 'n
positiewe betekenis die aangroeiende aftakeling beskryf. Groei
vind plaas, maar die groei is "krom". Hierdie "krom" word ver-
sterk met "hel", "skuins" en "kinkels". Die toestand is onomkeer-
baar want die spreker raak in sy "kinkels bestendig". Die voort-
durende stryd word versterk deur die "ek moet" werkwoorde waar-
deur aangetoon word dat die spreker sy liggaam moet dwing om met
elke aksie, selfs die onwillekeurige aksies, soos **asemhaal** en
sweet voort te gaan. Ook woorde soos "handhaaf", "koppig",
"uitputtend", "aanhou oefen", "vratig" en "vermoeiend" bevestig
die stryd wat die aftakeling inhou. Wanneer Cloete se outobiogra-
fiese besonderhede in ag geneem word, is dit duidelik dat die
digter-spreker hier aan die woord is.

Soos by Pretorius, beklemtoon die diermetafore die tragiese van

die aftakeling. Die spreker moet soos 'n dier word om soos 'n mens te probeer lewe.

Deur middel van die gebrek aan leestekens en die enjambemente word hierdie moeisame, hinkende gang (on)ritmies-visueel voorgestel in 'n oomblik-vir-oomblik stryd teen die aftakeling en die dood.

Die spreker kan dit nie meer waag om vir 'n enkele sekonde te verslap in die doelbewuste stryd teen die dood nie. In die verwysing na "aarde" in die eerste versreël lê reeds die eerste verwysing na die dood. Die doodsgedagte word versterk deur die tydsverwysings wat begin met "hoe meer jare ek haal", "sekondegetrou" en in die klimaks eindig met "in teen die groot vergeet" - alles in die stryd om "deur die nag te leef". As in ag geneem word dat nag dikwels 'n doodsmetafoor is, moet "deur die nag leef" saam met "in teen die groot vergeet" gelees word as die digter-spreker se stryd teen die onafwendbare dood, maar meer nog, 'n strewe na immortaliteit. Daar moet saam met die besef van oudwees erken word dat die dood nou naby is, en hierdie verskynsel is universeel.

Milan Kundera (1991:4) stel dit so:

There is a certain part of all of us that lives outside of time. Perhaps we become aware of our age only at exceptional moments and most of the time we are ageless.

Kan dit wees dat die aanvaarding van oudwees sou impliseer dat die naderende dood erken word, en dat die mens daarmee sy sterflikheid moet erken?

Kundera verklaar:

Up to a certain moment our death seems too distant for us to occupy ourselves with. It is unseen and invisible. That is the first happy period in our life.

But then we suddenly begin to see our death ahead of us and we can no longer keep ourselves from thinking about it. It is with us. And because immortality sticks to death as tightly as Laurel to Hardy, we can say that our immortality is with us too. (1991:80)

Wanneer die mens bewus raak van sy kwynende kragte en krimpende toekoms, word dit 'n innerlike stryd wat so intiem is dat dit nie maklik met ander gedeel word nie. Volgens Kundera word die dood 'n bekende gedurende hierdie fase:

This second period of life, when a person cannot tear his eyes away from death, is followed by still another period, the shortest and most mysterious, about which little is known and little is said. Strength is ebbing, and a person is seized by disarming fatigue. Fatigue: a silent bridge leading from the shore of life to the shore of death. At that stage death is so close that looking at it has already become boring. It is again unseen and invisible, in the way objects are when they become too intimately familiar (1991:80).

Veroudering is 'n universele ervaring, maar tog uniek sodat dit tesame met die dood 'n ervaring is van "in die duister tas" (Eybers, 1990:515) wat dus ook deur elke kunstenaar op 'n eiesoortige manier hanteer word.

Ook die tegniek en styl van die ouer kunstenaar se gedigte is waarneembaar anders. Die voorspelbare reëlmaat en rym van die vroeëre gedigte is afwesig of minder opvallend. Stylmiddele wat in die gerontologiese poësie voorrang geniet, is byvoorbeeld ironie, jukstaponering en enumerasie (waardeur die ouderdomseienskappe opgestapel word) soos hierbo aangetoon is.

In 'n bespreking van sy eie bundel *Nege landskappe van ons tye*

bemaak aan 'n beminde (1993) in die program "Skrywers en boeke" (Afrikaans Stereo), op 6 Januarie 1994, huldig Breyten Breytenbach hierdie standpunt dat jou eie ouderdom jou werk "aantas". Hy reken dat skrywers en digters hulle dikwels uitskryf, maar ouer skilders hou aan produseer en verander dikwels hulle tegniek sodat dit heeltemal individualisties word, want hulle het reeds bewys dat hulle die tegniek bemeester het. Hulle hoef hulleself nie meer te bewys nie, hulle hoef nie meer vormlik korrek of tegnies fyn geslyp te wees nie, maar kan hulle eie stempel en individualiteit afdruk, soos wat Breytenbach ook in hierdie bundel van hom doen.

Dis verder belangrik vir die ouer mens en kunstenaar om te weet dat sy waardevolle besit behoue sal bly en in die regte hande sal beland. Reeds in die bundeltitel, maar ook in die gedigte, van hierdie Breytenbach-bundel geniet bemakings byvoorbeeld aandag. Die gedigte is landskappe en skilderye wat bemaak word of beskryf word aan iemand of die geliefde.

Alhoewel bogenoemde digters elkeen die ouderdomservaring hanteer, en ooreenkomste ten opsigte van die ouderdom en die aanbieding voorkom, is elkeen se verwerking daarvan uniek-persoonlik van aard. Anders as die poësie van Van Heerden, Pretorius en Cloete oor aftakeling en dood as gevolg van siekte, handel Eybers se gedigte oor die ouderdom as sodanig. Sy skryf met ervaring en insig oor die ouderdom, verswakking en die uitgelewerdheid van die mens daaraan.

As gevolg van 'n terugslag of siekte word 'n mens dikwels skielik

met die besef van ouderdom gekonfronteer. Dit noodsaak rekenskap. Dit is 'n bekende feit dat T.T. Cloete as gevolg van ernstige siekte sy poësie byeengebring het vir publikasie. Ernst van Heerden verwerk die amputasie van sy bene en die besef van die volgehoue slopingsproses in die bundels wat na die traumatiese gebeure verskyn. Dit is opvallend dat die ouer digters baie eerliker en persoonliker, eintlik intiem, reageer in die poëtiese hantering van hulle eie ouderdom.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat daar by die ouer digter 'n ander dimensie na vore tree wanneer daar oor die ouderdom gedig word. Die ouderdomsgedigte is 'n manier waarop die digter hierdie lewensfase verwerk. Die ouer sprekers of digters kan as "beleë" mense terugkyk op 'n vol, ryk lewe en dit herwaardeer.

1.7.2 OUER KUNSTENAARS

Die proses van veroudering kom nie net in die skryfkuns nie, maar in al die kunsvorme tot uiting. Michelangelo het byvoorbeeld drie Pietàs gedurende sy lewe voltooi. Die eerste een is die baie bekende marmerbeeld in die St. Pieterskerk wat tussen 1498 en 1500 gemaak is toe hy in sy vroeë twintigs was. Beide Christus en Maria is in die beeld as twee jeugdiges uitgebeeld. Hierna volg nog 'n Pietà wat as 'n grafversiering bedoel was in 1555. Hier ondersteun en omring Maria Magdalena, Maria (moeder) en Josef van Arimatea Christus in 'n piramidale komposisie. In hierdie selfde tyd begin hy ook 'n derde (die Rondanini Pietà) wat slegs 'n paar dae voor sy dood in 1564 voltooi is.

Mary Winkler (1992: 272 - 274) toon aan dat hierdie drie Pietàs direk verband hou met sy veroudering en die verwerking van sy eie

dood. Die eerste het hom beroemd gemaak, maar die laaste twee word die metafoor waarmee hy sy begrip vir die laaste lewensfase uitbeeld en waardeur daar aangetoon word dat volkome vrede na die stryd wag. Hierdie vrede blyk uit die vertroostende sekerheid wat aan 'n mistieke ervaring grens en deur die Rondanini Pietà uitgestraal word. Dié beeld toon duidelik dat dit 'n stryd vir die vervalle liggaam word om regop te bly in teenstelling met die vroeëre gespierde mense wat die swaartekrag kon uittart.

Die skilder Käthe Kollwitz skilder selfportrette in verskillende fases van haar lewe en beeld so haar eie veroudering uit. 'n Jeugdige portret is die van 'n jong vrou wat die kyker reg in die oë kyk. Haar latere portrette is die van 'n profiel en nog later die verkromde figuur van 'n ou vrou (Winkler, 1992:275 - 280).

Dit is dus duidelik dat ouer kunstenaars hulle medium benut om vrede met die ouderdom te maak en perspektief op hulle eie ouderdom te verkry.

Uit die bogenoemde wil ek aflei dat daar 'n subgenre in die kunste en by name in die letterkunde, geïdentifiseer kan word, wat beskryf kan word as gerontologiese literatuur. Hierdie studie wil die weg baan vir sodanige identifikasie aan die hand van die poësie van 'n aantal ouer digters in Afrikaans na aanleiding van die manifestasies van die verouderingsproses in hulle gedigte.

Die afwesigheid van navorsing ten opsigte van die gerontologie in die Afrikaanse letterkunde mag 'n weerspieëling wees van die mens

se oogklappe of kop-in-die-sand-houding wanneer dit by die erkenning van ouderdom kom. Hierdeur word die ouderdom as lewenswerklikheid ontken. Hierdie haplografering is universeel en blyk daaruit dat ouderdomsprokies weggelaat is toe die mondelinge sprokietradisie gedurende die sewentiende eeu in Europa opgeteken is. Die weglating van die ouderdomsprokies kan in 'n mate daaraan toegeskryf word dat die teikenmark met die opteken van die sprokies, kinders was (Chinen:1992). In die Afrikaanse letterkunde kan die afwesigheid van gerontologiese literêre studies miskien geleë wees in die kulturele klimaat jeens bejaardes en bejaardheid.

1.7.3 BEJAARDES AS KARAKTERS IN DIE AFRIKAANSE PROSA

Soos reeds hierbo (1.1.4) aangetoon, is die gerontologiese kodes nie net tot die digkuns beperk nie, maar kry uitvoerig aandag in van die jongste prosawerke in Afrikaans.

'n Hele aantal tekste wat aan C.Rooke (1992) se genrevereistes vir die *Vollendungsroman* (vergelyk hoofstuk 2: 2.2.1.) voldoen, het in die afgelope tyd in Afrikaans verskyn. Daar is byvoorbeeld *Hierdie lewe* van Karel Schoeman (1993); *Juffrou Sophia vlug vorentoe* van Berta Smit (1993); *Die afdraand van die dag is kil* van Alba Bouwer (1992); *Dalk gaan niks verlore nie* van Hennie Aucamp (1992); *Abjater wat so lag* van Wilma Stockenström (1991); *Wolftyd* van Anna M. Louw (1991); *Die ou man en die duif* (1987) en *Die dag toe ek my naam vergeet het* (1995) van F.A. Venter, *Die reise van Isobelle* (1995) van Elsa Joubert en andere.

Hier word nou ter illustrasie na slegs 'n paar van die genoemde tekste se karakters verwys. F. A. Venter se jongste roman *Die dag*

toe ek my naam vergeet het (1995) gee die outobiografiese besonderhede van die skrywer se beroerte, die langsame herstel en die magteloosheid wat ervaar word. Na 'n ernstige siekbed en hospitaalverblyf is Sophia, die bejaarde hoofkarakter in *Juffrou Sophia vlug vorentoe* (1993), nou aangewese op haar huishulp in haar ingeperkte leefruimte. Dit dwing haar om haar lewe en leefwêreld in oënskou te neem en sin daaruit te haal. Die weduwe Leonie Obach delf in die geskiedenis en verlede om perspektief op haar lewe en huwelik te kry (*Wolftyd*, 1991). Die naamlose eerstepersoonsverteller (*Abjater wat so lag*, 1991) peins oor die beloop van die lewe terwyl sy ouer, terminale siek mense tot hulle dood versorg. Alba Bouwer se eerste volwasse roman, *Die afdraand van die dag is kil* (1992), beeld die ontheftingsproses van twee susters uit, naamlik Marie en Bettie. Die onthefting vind plaas vanaf hulle toetrede tot die ouetehuis tot hulle dood. In al hierdie werke word die dood 'n werklikheid wat verwerk (moet) word. Die karakters word teen die agtergrond van hulle milieu uitgebeeld en die medemens se reaksies op die bejaardheid en die aftakeling word realisties weergegee.

Hierdie werke het 'n dubbele gemene faktor: dis geskryf deur ouer skrywers en bevat 'n blik op die lewe van bejaardes, bestekopname en aanvaarding en verwerking van die agteruitgang en dood.

1.8.1 VORME VAN BEJAARDHEID TER SPRAKE: 'n ALGEMENE OORSIG

Die representasie van bejaardheid in die literatuur moet gesien word teen die agtergrond van bejaardheid en ouderdom as 'n onvervreembare aspek van die mens se lewe. Hier volg 'n algemene bespreking van sekere algemene eienskappe van bejaardheid voordat

op gerontologiese kodes in die literatuur in hoofstuk 2 gekonsentreer word.

Nieteenstaande bogenoemde, maklik herkenbare gerontologiese voorbeelde in die Afrikaanse poësie, is dit in die algemeen opmerklik dat niemand graag erken dat hy oud is nie, want dit is iets wat in die toekoms lê; slegs diegene wat ouer as jyself is, word as oud geklassifiseer. Daarom is dit nodig om aandag aan die volgende vrae te skenk:

- * Waarom skram die mens so weg van die (h)erkenning van sy eie oudwees?
- * Waarom is dit so dat elke mens erken dat hy oud word, maar nie dat hy oud is nie?
- * Wat is die implikasies van die erkenning van sy ouderdom, die besef dat die grootste deel van sy lewe verby is en dat ook hy sterflik is?
- * Is dit so dat die mens nie wil erken dat alles uiteindelik tot niks gekom het nie?
- * Moet daar saam met die besef van oudwees erken word dat die dood nou naby gekom het?

Dat die mens sy lewens(ver)loop vooruit as natuurlik ervaar, blyk reeds vanaf die vroegste tye in die literatuur. Bromley (1974:37) beweer dat die oudste bekende geskrif oor die ouderdom reeds ongeveer 1600 v.C. geskryf is en dit beskryf hoe 'n ou man weer in 'n jeugdige kan verander. Dit blyk dus dat nieteenstaande die besef dat veroudering gaan plaasvind, berusting in die feit van die ouderdom uitbly.

'n Egiptiese hiëroglief wat oud of ouderdom voorstel, is 'n geboë

menslike figuur wat deur 'n kiere ondersteun word en dit verskyn die eerste keer sowat 2700 v.C. op papiirus. 'n Ander geskrif wat teen 1550 v.C. verskyn, verwys na 'n aantal algemene probleme van die bejaarde en 'n verskeidenheid behandelings, inkantasies, magiese en religieuse rituele, asook die aanwending van verskeie medikasies en middels.

Die bereiking van 'n hoë ouderdom is in die Bybel met respek bejeën en word as die beloning vir 'n voorbeeldige lewe beskou, vergelyk byvoorbeeld die vyfde van die tien gebooie en Psalm 90. In laasgenoemde word 70 en 80 jaar as 'n geseënde ouderdom beskou. In Prediker 12 word die liggaamlike aftakeling beskryf en toe Dawid oud geword het, is Abisai gebruik in die behandeling van hipotermie.

Die mens is dus van die vroegste tye af met sy eie aftakeling gekonfronteer en die worsteling daarmee en die verwerking daarvan word in van die oudste geskifte weergegee.

Ouderdom het egter nie net met die liggaamlike aftakeling te make nie, maar ook met die psigologiese implikasies daarvan wat die volgende aspekte insluit:

- * geestelik groei en wysheid;
- * depressie;
- * ouderdomsontkenning;
- * onthegting en sosiale aanpassing;
- * doodsbeseef en die verwerking daarvan en
- * ewigheidspersepsies.

Hierdie sake geniet aandag as **gerontologiese kodes** in hoofstuk 2 vanaf 2.3.3.

1.8.2 OUDERDOM AS (LAASTE) LEWENSFASE

Dat 'n mens gedurende die lewe deur verskeie fases beweeg en ontwikkel, word nie betwyfel nie. Die laaste fase is die ouderdom. Oor die ander fases en die algemene ouderdom waarop dit 'n aanvang neem en oorgaan in die volgende fase, byvoorbeeld die kleuterfase, adolessensie en volwassenheid, bestaan daar eenstemmigheid. Waar oud begin, word nie so geredelik deur elkeen erken nie.

Die algemeen menslike persepsie van lewensfases word dus nie betwyfel nie. Gerontologie as wetenskap vind aansluiting by ander dissiplines soos die sielkunde waarin Erikson agt lewensfases onderskei. Die lewensfases word deur digters en skrywers soos Shakespeare benut in karakterisering en deur 'n digter-spreker Yeats¹ as outobiografiese besonderhede weergegee.

In *As you like it* (Shakespeare, 1975:56 - 57) verwoord Duke Senior (as karakter) die mens se lewensloop in sewe stadia, soos volg:

His act being seven ages. At first the infant,
Mewing and puking in the nurse's arms.
Then the whining school-boy with his satchel
And shining morning face, creeping like a snail
Unwillingly to school. And then the lover,
Sighing like a furnace, with a woeful ballad
Made to his mistress' eyebrow. Then a soldier,
Full of strange oaths, and bearded like the pard,
Jealous in honour, sudden, and quick in quarrel,
Seeking the bubble reputation
Even in the cannon's mouth. And then the justice,
In fair round belly, with good capon lin'd.
With eyes severe, and beard of formal cut.
Full of wise saws, and modern instances.
And so he plays the part. The sixth age shifts
Into the lean and slipper'd panteloon,

1.W.B Yeats is op 74-jarige ouderdom oorlede (1865 -1939).

With spectacles on nose, and pouch on side.
His youthful hose shrank, and his big manly voice.
Turning again toward childish treble, pipes
And whistles in his sound. Last scene of all,
That ends the strange eventful history,
In second childishness and mere oblivion,
Sans teeth, sans eyes, sans taste, sans everything.

'n Poëtiese persoonlik siening van vier verskillende lewensfases word in W.B. Yeats (1978:332) se gedig: "The four ages of man" verwoord.

The four ages of man

He with body waged a fight,
But body won; it walks up right.

Then he struggled with the heart:
Innocence and peace depart.

Then he struggled with the mind;
His proud heart he left behind.

Now his wars on God begin;
At stroke of midnight God shall win.

In die Shakespeariaanse teks val die klem op die liggaamlike aftakeling en vervorming in die hoofkarakter. Yeats toon die fases as 'n progressiewe psigologiese ontwikkeling.

Erik Erikson¹ (1964:219 - 231) se verdeling van die mens se lewensverloop in agt fases is 'n wetenskaplike siening spesifiek vanuit die sielkunde. Die sewende hiervan noem hy die stryd tussen vrugbaarheid en stagnasie en dit is die produktiewe tydperk vanaf vroeë volwassenheid tot in die ouderdom. Hierdie tyd is belangrik vir 'n mens se ervaring van sukses en tevredenheid. Indien hierdie tyd nie suksesvol hanteer word nie, kan dit tot bitterheid, stagnasie en psigologiese en emosionele aftakeling -----

1.Erikson is die sielkundige wat beslag gegee het aan die term **identiteitskrisis**. Hy is onlangs oorlede op die ouderdom van 90.

lei. Dit is iets wat moontlik uit Pretorius se poësie blyk, vergelyk hoofstuk 6 (6.3).

Die agtste en laaste fase in Erikson se teorie is die van integrering versus wanhoop. 'n Mens se hele belewing en hantering van hierdie tydperk word gekleur deur die bewustheid van die eindigheid van die lewe en die naderende dood. Wanneer die eerste sewe fases as vervullend beleef is, daar erkenning is en jou nakomelinge vooruitgang impliseer, word 'n gevoel van integrasieervaar. Die negatiewe ervaring, daarenteen, lei tot die gewaarwording van 'n nuttelose lewe. Indien die laaste fase nie positief beleef word nie, word dit 'n negatiewe ervaring wat lei tot die gewaarwording van 'n nuttelose lewe, 'n wanhoopservaring sonder enige positiewe vooruitsigte.

Volgens hierdie siening van die lewenstadia identifiseer elkeen van bogenoemde 'n voorafbepaalde volgorde en vordering wat op die lewenspad uitgestippel is. Nie net lê die onderskeidings op die populêre vlak nie, maar dit is wetenskaplik verantwoord en in die literatuur word al die stadiums verreken. Alhoewel die aantal stadia verskil, is almal dit eens dat die ouderdom die slotfase is.

Niemand kan ontken dat kleuter-, kinder- en jeuglektuur 'n prominente plek inneem en dat dit 'n reg op bestaan het nie. In literêre studies word aandag gegee aan liefdespoësie, religieuse gedigte, verse oor kinders, feminisme, grens-, gayliteratuur, ensovoorts. Daar bestaan baie versamelbundels oor hierdie soorte literatuur. Waarom dan, is daar, veral in die Afrikaanse letterkundige studies, so min aandag gegee aan die ontleding van

literatuur waarin die ouderdom of die gerontologiese neerslag gevind het? Waarom word dit byna geïgnoreer of gehaplografeer uit die letterkundige studies en kritiek?

1.8.3 OUDERDOMSPERSEPSIES

Ouderdomspersesies lê op die populêre vlak en bepaal die mens se waarneming en ingesteldheid ten opsigte van die ouderdomservaring. Sou die haplografering en negering van die ouderdom in die letterkundige studies en kritiek kon voortvloei uit die feit dat veroudering negatief geresepteer word omdat dit so deur die samelewing bepaal word?

Woodward (1991:4), 'n literêre gerontoloog, gee 'n sielkundige verklaring vir die mens se ouderdomsingesteldheid en verduidelik dat dit grootliks kultureel bepaal word:

... old age is a time in our lives about which many of us feel anxiety and fear. The symptoms of these feelings of apprehension are denial and repression of the very subject of aging and old age. But a fear of aging is not a strictly 'personal' problem. Our culture's representations of aging are predominantly negative and thus inextricably linked to our personal anxieties. And denial (...) can take many forms. In the West it often takes the form of a screen obsession with chronological age, of a concern with precise numbering which in the end collapses into the polar divide of youth and age.

Die mens se behepthed met ouderdom blyk fundamenteel te wees. Ouers noem graag hulle kinders se ouderdomme. Kleuters en kinders fikseer op hulle verjaardae en ouderdom. Naas die naam van 'n persoon is die ouderdom die primêre gegewe in enige koerantberig en op elke vorm is dit standardinligting. As volwassene is dit egter baie swak smaak om na iemand se ouderdom te verneem. Is dit al die begin daarvan om die ouderdom te ignoreer en neger?

Ouderdom kwalifiseer en diskwalifiseer mense vir bepaalde rolle. In Suid-Afrika het 'n agtienjarige persoon stemreg, hy mag 'n kroeg of drankwinkel betree en 'n rybewys verkry. In die VSA is die toelatingsouderdom tot die Senaat 30. Deur 'n persoon se ouderdom kan afleidings ten opsigte van sy sosiale status gemaak word. Mense in 'n bepaalde kultuur het baie gemeen, nie net ten opsigte van die rolle wat hulle op 'n bepaalde stadium vul nie, maar ook ten opsigte van gedeelde geskiedkundige ervarings.

Daar word van 'n persoon verwag om in ooreenstemming met die sosiale ouderdomskode op te tree: op die gegewe tyd te trou, kinders te hê, klaar te studeer, tot 'n beroep toe te tree, af te tree, ens. Sukses en ouderdom word gedurig vergelyk; hoe jonger 'n persoon, hoe groter word die prestasie wat bereik is, geag.

Stereotipering en 'n lang tradisie van negatiewe konnotasies ten opsigte van ouderdom word weerspieël in die wyse waarop die ouderdom verwoord word. Daarom is dit opvallend in watter groot mate daar van eufemismes gebruik gemaak word. Aan die ander kant word ouderdom as belediging gebruik. 'n Swak, stadige of onnoukeurige motorbestuurder word byvoorbeeld met 'n ou vrou vergelyk. Hierdie ingesteldheid word verder weerspieël in die leksikale betekenis van die ouderdomsbegrip. In die *Woordkeusegids* (Harteveld, 1992:31) word die betekenisverwante woorde vir "bejaard" aangegee as: senior, swak, uitgeleef en vir "oud" (219) as: gaar, senior, swak, verouderd.

In die Westerse wêreld is daar amper 'n behepthed met ouderdom. Naas 'n persoon se naam is die ouderdom die kwalifiserende gegewe wat in alle koerantberigte vermeld word want die ouderdomsver-

wysing toon dus aan of iemand jonk, oud of middeljarig is. Ouderdom is egter vir elke mens 'n subjektiewe belewenis. Alhoewel veroudering uiterlik sigbaar is, bly die mens sover as wat sy innerlike betref, vir homself jonk. Woodward (1991:6) gee 'n verklaring uit die sielkunde vir hierdie hiperbewustheid van die ouderdom:

But as people grow older, most of them - of us - take youth with them, as if it were a precious possession not to be left behind. ... as we grow older, youth come to occupy the vast proportion of the continuum of the life course. Old age is relegated to the very end.

Saam met die aanbidding van die jeugdigheid word dit ook geïdealiseer. Daarby kan 'n mens nie werklik begrip hê vir 'n ervaring wat nog nie self beleef is nie, so ook nie ten opsigte van ouderdom nie, alleen maar uit jou waarnemings. Ouderdomsbelewenisse verskil dus. Ouderdomsbelewenisse sluit die volgende in:

- * pessimisme aangaande die ouderdom;
- * onvergenoegdheid;
- * ontkenning van die ouderdom;
- * skielike verrassende ontdekking van die eie ouderdom;
- * langsame onbewuste veroudering;
- * identiteitskrisis;
- * die verskil tussen oudword en oudwees en
- * bestekopname, ontnugtering en vrees.

Hier volg nou 'n kort uiteensetting van elkeen van bogenoemde ouderdomservarings.

Daar heers 'n diepgewortelde pessimisme aangaande ouderdom, juis omdat soveel klem op prestasie en produktiwiteit gelê word.

Daarom kan Woodward na ouderdom "as one of the discontents of our civilization " (1991:10) verwys.

Hierdie onvergenoegdheid ontstaan omdat die mens ouderdom as 'n liggaamlike aftakelingsproses beskou (let wel nie self ervaar nie): 'n waarneembare agteruitgang. Die mens is 'n psigo-somatiese wese, daarom kan veroudering nie net in terme van die liggaamlike ondersoek word nie, maar moet die psigologiese ook in aanmerking geneem word. Baie bekend is die beeld van die gryse, wyse ou man of vader wat met respek bejeën word en wie se lewenservaring 'n bron van wysheid is waaruit die jongeres kan put. Renoir het geglo dat die ouderdom sy kuns verryk het, al kon hy die liggaamlike aftakeling moeilik aanvaar (soos vermeld in De Beauvoir, 1985:313). By hom lyk dit asof die geesteskragte verskerp het toe die liggaamskragte begin faal het.

Ouderdom is die logiese uitvloei van die lewe as jy nie jonk sterf nie, tog verras die besef van sy eie ouderdom die meeste mense. Dit word beskou as iets wat ver in die toekoms lê en daarom is die aanvaarding moeilik. Verder bly 'n mens jouself ervaar soos op 'n jeugdige leeftyd. Daarom vra De Beauvoir (1985: 238) "hoe is dit moontlik dat 'n mens in 'n vreemde (uiterlik) kan verander terwyl jy steeds (innerlik) jouself bly".

Die ouderdom bekruip elkeen. Elkeen word gewaarsku deur liggaamlike tekens wat liefers geïgnoreer word. Verder sien 'n mens nie werklik dit wat vir jou bekend is nie en daarom ook nie jou eie veroudering nie, behalwe wanneer jy onverwags daarmee gekonfronteer word. Dit gebeur dikwels deur die oë van ander soos by 'n reünie wanneer daar met verbystering besef word hoeveel tydgenote

verouder het. Dit dwing 'n mens tot die besef dat dieselfde vir jou ook geld. 'n Onverwagse, onbeplande beeld in 'n winkelvenster of spieël sorg vir 'n objektiewe beeld van die self. Dit bring dikwels ook die skokbesef dat die lewensjare al gevorder het. 'n Skielike verandering soos siekte (wat die uiterlike proses verhaas) verskerp gewoonlik die ouderdomsbesef. Dis duidelik dat 'n persoon se ouderdom makliker deur buitestaanders waargeneem word as deur die self.

Die psigoanalisis Martin Grotjhan (De Beauvoir, 1985:292) toon aan dat ons onderbewuste geen kennis dra van bejaardheid nie. Dit klou vas aan die illusie van ewigduurende jeug. Wanneer hierdie illusie verpletter word, veroorsaak dit 'n narcistiese trauma wat aanleiding tot 'n depressiepsigose kan gee. Met die aanvang van adolessensie word die identiteitsbeeld verpletter en moet dit met 'n nuwe vervang word. Iets van dieselfde aard gebeur met die mens wanneer hy tot die besef van sy bejaardheid kom. In albei gevalle kan daar na 'n identiteitskrisis verwys word.

Norman Holland (1986:51) toon dat daar twee betekenisse aan die begrip "veroudering" gekoppel kan word. Eerstens is dit 'n proses, die bereiking van die ouderdomsfase soos 'n bestemming. Dis die tyd wanneer die paradokse en verliese van die ouderdom ervaar word en soos dit al eeue lank deur kunstenaars uitgebeeld is. Tweedens is die betekenis wat aan die woord geheg word, bloot dat ons besig is om deur die tyd te beweeg; besig met 'n evolusieproses, soos deur elke objek in die heelal ervaar. Die eersgenoemde betekenis is dus spesifiek dat ons oud word en in die tweede sin word ons ouer. Om oud te wees of oud te word, word oor die algemeen negatief ervaar as aftakeling, maar om ouer te

word, is positief want dit impliseer groei.

Bejaardheid is tyd vir bestekopname wat dikwels gepaard gaan met woede, vrees en angs omdat die pad vorentoe definitief korter is as dit wat verby is. Dikwels word 'n gevoel van mislukking ervaar omdat ideale nie bereik is nie en nou heeltemal onbereikbaar blyk.

Soos in bogenoemde aangetoon word, is daar sekere gerontologiese kenmerke wat opsigtelik en maklik herkenbaar is, ander is minder opvallend. Om die gerontologiese kodes in die tekste te herken, is dit nodig om sodanige kodes te identifiseer. Daarom sal dit nodig wees om te kyk watter aspekte in die poësie verwoord word en hóé dit gedoen word. Dis veral die volgende aspekte wat ondersoek sal moet word: verwerking van die aftakeling; siektes; naderende dood; die vrese wat daarmee gepaard gaan; die aanpassing by veranderde omstandighede; die onthechting uit 'n aktiewe lewe; die aanpassing by 'n verkleinde ruimte; statusverlies; eensaamheid; verwerping; gereedmaak om die lewenstaak af te rond; bestekopname; rekenskap; sosialisering en verhoudings.

1.9 SLOTOPMERKING

Die kodes waardeur die gerontologiese kenmerke gemanifesteer word, kan dus in positiewe en negatiewe elemente verdeel word. Dit wil voorkom asof die negatiewe oorheers, maar dit sal ook weer van die ingesteldheid van die individu en sy persoonlike ervaring en verwerking daarvan afhang. Die identifisering van die ouderdomskodes en die toepassing daarvan sal in die volgende hoofstukke aandag geniet.

DANKWOORD

Mijn ziel moge altijd dankbaar blijven
voor de genade van het woord
dat met mij vecht en aan den lijve
tekeergaat, wie ik toebehoor
en nooit en nimmer kan weerstreven,
dat in de smidse van de taal
het vuur stookt van mijn oude leven
tot aan het slot van mijn verhaal.
A. Roland Holst (1981:1006)

2. BEGRIPSOMSKRYWING

Die twee begrippe **gerontologie** en **kode** is reeds in die eerste hoofstuk gebruik. Tog benodig dit 'n uitvoeriger toeligting. Eerstens word aandag geskenk aan **kode** omdat dit die benutting en resepsie van **gerontologie** in die literêre teks kwalifiseer en konstateer.

2.1 BEGRIPSOMSKRYWING: KODE

Die term **kode** kom via die semiotiek en taalwetenskap uit die informasiewetenskap in die literatuurwetenskap en het sedertdien 'n baie wye aanwending geniet.

Volgens Jakobson se kommunikasie- en taalmodel word 'n boodskap deur middel van 'n kode vanaf 'n sender (enkodeerder) na 'n ontvanger (dekodeerder) oorgedra. Die boodskap is suksesvol oorgedra wanneer dit tot 'n reaksie by die ontvanger lei omdat hy daarin kon slaag om die boodskap korrek te ontsyfer. Sukses impliseer dat beide die sender en ontvanger die kode moet ken. Hoe groter die ooreenkoms tussen die twee instansies se kodes, hoe beter sal die sender en ontvanger se betekenis ooreenstem. Om verstaanbare betekenis te skep, is kodes noodsaaklik.

Sedert die formulering van die eerste definisies wat **kode** moes omskryf, het die begrip **kode** baie verruim.

George Miller (1951:7) beskou taal as 'n kode:

... any system of symbols that, by prior agreement between the source and destination, is used to represent and convey information will be called a code.

J. Lotman (1976) onderskei ten minste twee kodes in 'n literêre teks, naamlik die taal- en literêre kode. Dus moet daar baie wyer as net na die taal gekyk word om die bestaande heersende kodes in berekening te bring en sodoende in staat te wees om die teks of boodskap korrek te kan ontsyfer. Elke kode het ook nog sy sy eie pragmatiese reëls.

Genette (1966:149) wys op die supralinguistiese aspek van die literatuur. Die literêre kodes mag hulleself opdring aan die linguistiese kodes, dit weerspreek of bevestig.

R. Scholes (1982:143) verwoord die sin wat uit 'n mededeling gehaal moet word, soos volg:

Whenever we 'make sense' of an event it is because we possess a system of thought, a code, that enables us to do so... Human languages are the most developed instances of coding that we know, but codes exist that are sublinguistic (facial expressions, for instance) and supralinguistic (literary conventions, for instance). Interpretation of complex human utterances involves the appropriate use of a number of codes simultaneously.

Kritici en teoretici gebruik die term kode ook vir konvensies en reëls en daardeur word die begrip so wyd toegepas dat dit sy waarde kan verloor. Volgens A. Van Zoest (1978:85) kan kode, eenvoudig gesien, enige primêre tekensisteem wees wat in staat is om inligting tussen die sender en ontvanger oor te dra.

H. Ohlhoff (Cloete, 1992:221) stel dit soos volg:

Dit gaan dus oor 'n versameling verwante tekens/simbole saam met die reëls wat hulle kombinasie reguleer sodat hulle bepaalde boodskappe kan oordra en in kommunikasieprosesse gebruik kan word.

Taal as kode impliseer dat alle vlakke van linguistiese sub sisteme in werking sal wees. R. Fowler (1986:20) redeneer soos volg:

... as well as vocabulary and syntax, still further levels of linguistic structure are involved in encoding meanings - and in turn, consolidating these meanings and mobilizing them in practical action. I have in mind the 'stylistic' and 'socio-linguistic' dimensions of discourse, the conventions which communicate such features as politeness, formality, genre..., membership of social, geographical and occupational groups, and so on.

Ek sou by bogenoemde voorbeelde ook die bejaardes as spesifieke groep kodes wou voeg.

Afgesien van die taal eis tekste en genres sekere reëls waarvolgens dit geënkodeer en gedekodeer moet word sodat dit betekenis draend kan wees.

H.W. Ludwig (1981:15) toon aan dat dit in die literatuur (sover kodes ter sprake is) baie meer as net die taalkode behels by die dekodering van 'n teks. Die algemene kultuuragtergrond, waardevoorstellings, ideologieë, estetiese en literêre norme sal 'n noodsaaklike rol by die enkodering van die literêre boodskap speel. Indien hierdie voorwaardes nie in ag geneem word nie, sal dit as steurnisse die kommunikasieproses in die wiele ry. Daarom is dit so belangrik dat elke teks op 'n besondere wyse benader moet word.

J. Lotman (1976:340) bekyk die saak vanaf die kant van die leser en sien dit soos volg:

As soon as the recipient of information becomes aware that he is dealing with a literary communication, he

approaches it in a special way. The text stands before him as, at minimum, doubly encoded; the first encoding is the system of natural language ... However, the recipient of the information knows that the text is encoded in some other way as well... In applying to the work of literature a whole hierarchy of supplementary codes (those of epoch, of genre, of style)... we are faced in one and the same text with the most varied sets of significant elements...

Volgens Lotman kry die teks 'n groter betekenis as 'n boodskap wat suiwer linguisties gedekodeer is. In artistieke tekste bestaan daar nie iets soos formele elemente (soos in die taalkode) nie, maar in die literêre kode word alles betekenisdraend. In die poësie word die versreël, die strofe betekenisvolle elemente; tipografiese plasing dra 'n boodskap; rym en metrum skep en onderstreep betekenis; parallelisme impliseer ekwivalensie van betekenis; ironie en paradokse versoen oënskynlik afwykende dinge met verskillende struktureke konvensies; woordspelings skep betekenis en herhaling skep ekwivalensies en die totale komposisie van die literêre werk.

Steurnisse wat veroorsaak dat die kode nie reg gedekodeer word nie, moet in ag geneem word. In die geval van gerontologiese kodes is daar etlike faktore wat sodanige steurnisse kan veroorsaak, byvoorbeeld die ontkenning van ouderdom en die weersin om daarmee te identifiseer. Daarom is dit noodsaaklik dat die gerontologiese kodes geïdentifiseer word sodat die (h)erkenning daarvan tot die dekodering van hierdie kodes by die leser kan lei.

J. Culler (1975:981) beskou die literêre kodes se werking soos volg in die *Princeton encyclopedia of poetry and poetics*::

... those (conventions) which govern the ways in which formal features, such as enjambment, caesura, metrical deviation, rhyme, and repetition of sounds, may become signs and contribute to poetic effect.

Afgesien van literêre kodes is daar dus ander kodes werksaam. Fokkema (1985:646,647) onderskei vyf kodes, naamlik:

1. Die linguistiese kode, wat aan die leser toon dat die teks as byvoorbeeld 'n Engelse teks gelees moet word.
2. Die literêre kode, wat sekere voorveronderstellings van die leser verwag sodat hy 'n sekere samehang (kohesie) in die teks sal ontdek. Die leser moet ook samehang aan die teks verleen, wat daarop neerkom dat die interne verwysings meer as net die gewone betekenis vereis. Die aanvaarde of werklike samehang beklemtoon die rol van konnotasies en versterk die aanvaarbaarheid van ongewone metaforiek en ander afwykings van die standaard linguistiese gebruik en betekenis. (Dieselfde vereistes word gestel om die gerontologiese kodes te kan herken.)
3. Die genrekode, byvoorbeeld prosa of poësie wat aan die leser die opdrag gee om sekere verwagtings te aktiveer en ander te onderdruk, afhangende van die betrokke genre.
4. Die periode- of sosiokode wat die leser moet aktiveer oor die kulturele konvensies van 'n bepaalde tydperk of semiotiese gemeenskap.
5. Die idiolek van die outeur soos dit blyk uit onderskeibare herhaalde terugkerende eienskappe, het 'n kodekarakter.

Fokkema (1985: 647) toon aan dat hierdie kodes nie los van mekaar staan nie en ook beperkend op mekaar inwerk. Dit is waarom hy die aantal kodes tot vyf beperk:

Thus the literary code restricts the options that are open under the régime of the linguistic code. The choice of genre further restricts the options of the two preceding codes. The selection of a sociocode further restricts the range of options open under the

three preceding codes. Finally resorting to a particular idiolect again restricts the range of possible options.

Hoe meer kodes die sender gebruik vir die enkodering van die teks, hoe meer inligting bevat die teks. Die kennis van die ontvanger ten opsigte van die kodes in die teks bepaal hoe geslaagd sy dekodeering van daardie teks kan wees. Daarom is dit byvoorbeeld noodsaaklik dat die gerontologiese kodes werkzaam in 'n bepaalde kultuur en die teks deur die leser herken moet word om sodanige teks te kan dekodeer.

Wat die periodekode betref, meen Kunne-Ibsch (1977:287) dat dit gevorm word deur 'n aantal literêre tekste wat binne 'n tydskrif bestek wat noukeurig aangegee kan word op 'n ooreenkomstige manier geskep of geënkodeer is. 'n Skrywer kan behoudend of vernuwend optree. In laasgenoemde geval sal dit meewerk om 'n nuwe periode te help skep. By die rekonstruksie van 'n periode en senderkode kan die wetenskaplike volgens (Fokkema (1979:4) van verskillende bronne gebruik maak, byvoorbeeld die skrywer se manifeste, sy literêre kritiek; uitlatings in dagboeke en briewe en ander kritiese kommentaar, eksplisiete verwysings in die skrywer se kreatiewe werk na vroeëre kodes waarvan hulle afwyk, parodiëring van bekende literêre tekste en style; die opmerkings van persone met 'n intieme kennis van die skrywer se koderingsisteme. Daarom sal dit byvoorbeeld nodig wees om outobiografiese kennis van Ernst van Heerden te hê om die gedigte wat na die amputasie van sy bene ontstaan het en die aftakeling wat so prominent in sy gedigte voorkom, te kan verstaan.

So bepaal die tydsgeslag ook die gedrag en optrede van die gemeenskap. Die manier waarop bejaardheid bejeën word, deur die indivi-

du en die samelewing, gaan dus die gesindheid van die leser en die mate van geslaagdheid waarmee die gerontologiese kodes vasgestel en gedekodeer kan word, bepaal.

Ohlhoff (1992:222) toon aan dat die periodekode, soos ook die literêre kode uit drie komponente bestaan, naamlik:

die sintaktiese komponent wat die verhoudinge tussen die literêre tekens van 'n bepaalde periodekode reël, die leksikaal-semantiese komponent wat vir 'n bepaalde periode 'n opvallende frekwensie van woorde met ooreenkomstige semantiese kenmerke vertoon, en die pragmatiese komponent wat bepaal wanneer 'n bepaalde periodekode gebruik kan word en wanneer nie.

Bogenoemde drie komponente bepaal ook die aard van die gerontologiese kodes.

Nie alle skrywers en lesers sal by 'n bepaalde kode aansluiting vind nie. So is daar baie skrywers wat nie die Postmodernistiese skryfstyl as kunsvorm aandurf nie asook lesers wat nie daarin geïnteresseerd is nie. Daarby is daar altyd agterosse in 'n bepaalde periode en ook weer voorlopers waarin reeds kodes van die volgende periode teenwoordig sal wees.

Die leser moet by die lees van tekste dus die kodes wat vir daardie bepaalde teks geld, in ag neem en daarvolgens dekodeer. Op grond van sy verwysingsraamwerk en vorige leeservarings het die leser reeds 'n sekere literêre kode ontwikkel en weet hy iets van die literatuur se werking. In die Postmodernisme sal hy byvoorbeeld dikwels werke teenkom wat daarop gemik is om die leserskodes te deurbreek sodat daar by die lees van so 'n werk aanvanklik 'n diskrepansie tussen sender- en tekskode enersyds en leserskode andersyds bestaan. Dit sal ook in die geval van die gerontologiese kodes geld omdat persepsies verskil.

Die definisie van wanneer iemand oud is, wissel saam met die behoeftes van die gemeenskap. Na die Tweede Wêreldoorlog kom daar 'n herwaardering van bejaardheid en die bejaarde met die mens se algemeen langer lewensverwagting as gevolg van beter mediese sorg. Hulle dwing die samelewing tot 'n positiewer gesindheid met hulle aktiewe deelname. Hierdie kodes mag dus ook soos die periodieke wissel. In plaas daarvan dat die oorwegende beskouing van die ouderdom, naamlik fisieke aftakeling, desillusie en verganklikheid oorheers, mag dit verskuif na een van harmonie van verwerfde wysheid.

Die verwagte rol wat die bejaarde in die samelewing moet speel, bepaal hulle status. Cox (1984:68) kontrasteer die verskil van die bejaarde se status in Abkasië, woonagtig in die bergagtige streek noord van die Swartsee in Suid-Rusland, met dié van die Amerikaners. Die Abkasiërs, waar die rolle, take en verantwoordelikhede vir elke lewensfase duidelik gedefinieer word, geniet baie meer status, want met die ouderdom groei die aansien. Tot op die ouderdom van 120 werk hulle nog gereeld, beskik nog oor goeie sig en het nog die meeste van hulle tande, hulle loop nog gemiddeld meer as twee myl per dag en swem in die bergstrome. Hulle het geen term soos "bejaarde" nie, daar word van die langlewendes gepraat wanneer hulle die honderdkerf verbysteek.

Sedert die vroegste tye kom die bejaarde in die literatuur voor. Daar is egter 'n verskil te bespeur wanneer 'n jonger kunstenaar oor ou mense skryf. Al meer digters word oud genoeg om uit eie ervaring oor die ouderdom te skryf. Waar verganklikheid soms 'n tema in die poësie was, verander die aanslag en kom die klein besonderhede by soos die ouderdom persoonlik ervaar word. Ook die

ouer leser behoort die gerontologiese kodes uit eie ervaring te herken. Interne blokkasies mag dit onmoontlik maak om die kodes te erken.

R.T. Segers (1980:63) bevestig die stelling dat eie ervaring en waarneming daartoe sal bydra om 'n boodskap te kan dekodeer, maar dat dit voortdurende aanpassing by die bepaalde teks verg:

De lezer tracht door middel van accommodatie en assimilatie zijn ingezette systeem zoveel mogelijk aan te passen aan dat van de tekst. Tijdens de receptie bouwt de lezer zijn aanvankelijk ingezet codesysteem uit tot een definitief systeem: de socio-culturele en literaire code, die de lezer in staat stellen die boodschap... uit het materiaal te coderen.

Roland Barthes (1974:10) meen die leser self is:

"a plurality of other texts, of codes which are indefinite, or, more precisely, lost (whose origin is lost)

'n Teks word dus 'n teks deurdat dit deur 'n netwerk van kodes van die bestaande en reeds gelese tekste beweeg en 'n begin van intertekstualiteit word waaruit die teks gewef word. Daarom is 'n teks potensieel oneindig en kan sy betekenis nie opgespoor en geklassifiseer word nie.

Probleme wat Fokkema (1985:648 -654) met die kodekonsep in die literêre studie voorsien, is die volgende:

As daar van die veronderstelling uitgegaan word dat daar vooraf ooreengekom moet word ten opsigte van die kode tussen bron en bestemming, skep dit 'n probleem tussen skrywer en leser. Sodanige ooreenkoms is nie moontlik nie. Hierdie ooreenkoms kan net ten opsigte van kunsmatige kodes aangewend word, en nie dié wat in die taal, letterkunde, modes of sosiale bestel wortel nie.

Nonartificial codes do not rely on prior agreement

between sender and receiver. However, the receiver must learn the codes that are used in a community of which he is part (Fokkema, 1985:649).

Daar word aanvaar dat 'n kode moet dien om 'n geformuleerde boodskap te encodeer in 'n representasie wat vinniger en wyd oorgedra moet word en by ontvangs in sy oorspronklike vorm gedekodeer word. Die probleem is egter dat dit net vir die heel eenvoudigste boodskappe sal geld, glad nie vir ingewikkelde of literêre tekste of boodskappe nie. Literêre tekste word binne die leser se verwysingsraamwerk gedekodeer, daarom sal dit van leser tot leser verskillend geïnterpreteer word. Daar sal wel raakpunte wees waar definitiewe gegewe alle lesers tot dieselfde gevolgtrekking sal laat kom.

Indeed, there is a difference between the transformation of one message into another message with the same meaning, and the transformation of an experience or thought into a message. Nevertheless the opposition between message (verbal text) - encoded message - decoded message (verbal text) on the one hand, and experience - encoded message (verbal text) - decoded message (experience) on the other, may be less impressive than it at first sight appears to be (Fokkema, 1985;649).

Omdat die leser nie op hoogte is van die gerontologiese kodes nie, kan dié kodes nie as sodanig erken word nie. Dit is ook die dilemma van die gerontologiese tekste. Kodes pas binne 'n bepaalde raamwerk. 'n Mens herken of verstaan nie 'n nuwe of veranderende kode nie want dit word nog in die konteks van die ou kode geïnterpreteer. 'n Nuwe konsep kan dus slegs in die konteks van die oue begryp word - binne 'n bepaalde konseptuele raamwerk. Daarom is dit nodig om in 'n nuwe veld soos die gerontologiese manifestasies die kodes te identifiseer en sodanige raamwerk daar te stel.

Vir die doel van hierdie studie word Fokkema se kode-indeling

erken en benut, maar hergroepeer in hoofsaaklik twee kodegroepe, naamlik literêre en inhoudelike kodes. Die kodes en die benadering wat hier geformuleer word, is deur die tekste wat bestudeer is, self gesuggereer.

By die literêre kode word die linguistiese, genrekode en idiolek betrek. Die literêre betekenisreëls of kodes soos geformuleer deur Viljoen (1986:90) word erken en nagevolg. Die inhoudelike kodes sluit aspekte in soos die biologiese en psigologiese veroudering, sterwe en die dood, ontkenning van die ouderdom, die ruimtelike en sosiale omgewing en die strewe na immortaliteit.

Soos hierbo (1.1.2 en 1.6.3) reeds aangetoon is, word daar nog nie 'n gerontologiese subgenre in Afrikaans erken nie. In die Amerikaanse letterkunde is daar al 'n definitiewe beweging aan die gang en te oordeel aan die publikasies is hulle besig om veld te wen. Die bibliografiese besonderhede in Kathleen Woodward se *Aging and its discontents* (1991), T.R Cole et. al. (1992) en ander werke oor die onderwerp getuig daarvan.

2.2 LITERÊRE KODES

Eerstens word hier nou aandag gegee aan die literêre kodes soos dit ter sprake kom in die gerontologiese gedigte. Daarna kom die inhoudelike kodes aan die beurt.

2.2.1 GENREKODES

Aangesien daar nog nie 'n erkende gerontologiese subgenre is nie, beteken dit nie dat sodanige genre daarom nie bestaan nie. Dit sou egter nodig wees om die kodes te identifiseer.

2.2.1.1 DIE "VOLLENDUNGSROMAN"

Rooke (1992:244) meen dat daar 'n ontploffing van die prosa oor en in verband met die ouderdom plaasgevind het en dat die tendens sodanig toegeneem het, dat dit die erkenning van 'n literêre subgenre noodsaak want:

A literary genre is constituted by a significant number of texts that share a significant number of characteristics; as a discernible kind or type of literary production, it has a tendency to call other examples into existence (Rooke, 1992:244).

'n Voorgestelde benaming vir die gerontologiese roman is *Vollendungsroman*. Tussen hierdie soort verhaal en die *Bildungsroman* is nogal opvallende ooreenkomste. Laasgenoemde is 'n term wat gebruik word in prosa wat te doen het met volwassewording, jeug en ontwikkeling soos Charles Dickens se *David Copperfield*. Albei die genres het te make met kritieke fases in die menslike ontwikkelingsproses. Rooke (1992:245) identifiseer die volgende ooreenkomste tussen die twee genres. Beide het te make met:

- * basiese identiteitstemas;
- * die verhouding van die individu tot die gemeenskap;
- * 'n bestekopname van wat 'n goeie lewe behels en
- * die vraag oor wat die toekoms inhou.

Die uittrede, die onthegting, die aftree van die sosiale verhoog, dis waar die *Vollendungsroman* begin. Een van die prominentste eienskappe van hierdie letterkunde is die bemoeienis met die voor- en nadele van onthegting asook die ander tipiese probleme soos die verlies van 'n lewensmaat, verlies aan sosiale status, verlaagde inkomste, verhuising, verkleinde wêreld, liggaamlike agteruitgang, doodsafwagting, ensovoorts. Dit is amper of die outeur voordat die lewe heeltemal verby is, iets daarvan wil

vasvang sodat sy verdwyning (met die dood) nie so finaal sal wees nie. Dié roman word dus 'n manier om die eie dood te verwerk:

The writers imagination is challenged by the prospect of the character's demise and the need to "capture" a life before it vanishes. Behind this, and quite apart from the question of how old the writer is, lurks the specter¹ of the writer's own prospective death. Writing is always an act directed against death, but it may become that more specifically and more urgently when the writer's subject is old age (Rooke, 1992:248).

Die taak van hierdie soort roman is om vir die protagonis en die leser 'n soort gerusstelling te verleen in die aangesig van verlies. Dit is verder ook die letterkunde se taak in die algemeen. Literatuur leer empatie en voer as't ware 'n reddingoperasie uit. Dit help ons om ons lewens te herwaardeer, dit wat ons misgekyk het weer raak te sien en perspektief te verkry na verliese. Hierdie aspek behoort 'n interessante studieveld te bied, maar word nie verder hier ontgin nie.

2.2.1.2 OUDERDOMSPROKIES

Dat die letterkunde kan meehelp om probleme te verwerk, is met die bestudering van sprokies en hulle psigologiese werking reeds bevestig deur onder andere Bruno Bettelheim in sy *The uses of enchantment* (1976). Sprokies help kinders om probleme op te los, negatiewe gevoelens te verwerk en tot volwassenheid te ontwikkel deur hulle identifisering met die hoofkarakters (1976:5). Dieselfde geld ook vir volwassenes en selfs bejaardes.

Chinen (1992) toon dat ouderdomsprokies 'n subgenre van sprokies

1. 'n Mens sou verwag dat dit "spectre" gespel word. Hierdie is bronverwysing uit 'n Amerikaanse bron.

is en dat ouer mense die protagoniste in die verhale is. Hierdie sprokies, uit verskeie kulture, stem ooreen met dié vir kinders ten opsigte van temas, verloop en afloop, maar verskil in ander opsigte. Chinen (1992:198) verduidelik soos volg:

The unique cross-cultural motives of elder tales, ... , reveal the psychology in late life, just as youth tales reveal the psychology of youth. Elder tales essentially contain centuries of wisdom about aging (1992:198).

Soos enige ander literatuur wat die toets van die tyd deurstaan het, weerspieël die sprokies die dieper menslike aspirasies, naamlik liever dit wat kán as dit wat is. Ouderdomsprokies fokus op die ideale volwassewording, geestelike ontwikkeling en transendensie.

Verder bevind Chinen dat die belangrikste temas in ouderdomsprokies die drama van die laat lewe is, die reis verby die self tot die "illumination" van die gemeenskap. Dié sprokies is 'n ryk skat van wysheid oor veroudering, dit spreek die ontwikkeling van geestelike volwassenheid aan en die sprokies uit verskillende kulture bied 'n verrassende nondenominatiewe perspektief wat dit maklik tot moderne sekulêre interpretasies leen. Die tydlose volkswysheid in die sprokies is verbasend relevant in die moderne wêreld.

Daar word vermoed dat die tematiese en inhoudelike kodes wat in bogenoemde genres werksaam is, ook in die poësie van toepassing sal wees.

2.2.2 METAFORIESE KODES

Daar is 'n hele aantal metafore wat sterk figureer in die gerontologiese tekste. Reis- en tydmetafore kom in al die variasies

voor en is die algemeenste, maar daar is ook ander metafore wat by die meeste kunstenaars voorkom wanneer daar in die ouderdom-sfeer beweeg word.

Bromley (1974:31 - 38) onderskei drie groepe metaforiese beelde wat gerontologies kodeer.

2.2.2.1 HOUERS AS METAFORE

Voordat hy eendag droë lykbus word,
is daar nog tyd
oordadig vir die lyf om uit te skei
E.van Heerden (1993:56)

Die eerste groep is die beelde van 'n houer of kruik gevul met 'n noodsaaklike substansie, gees, hitte, vog, beweging, lewe en lewenskrag. Dit word geleidelik uitgeput of verniel sodat dit afkoel, uitdroog, verhard, die krag uitput, verstadig en groter weerloosheid laat ten opsigte van siektes en beserings. Hieruit vloei metafore soos: die kers brand uit, die put word leeg, die droë, verskrompelde blaar, ens. Dit hou verband met biologiese tyd wat gereflekteer word en die historiese siening dat die lewenstyd sy loop neem. Hieruit spruit metafore soos: die uurglas loop leeg, einde van die dag, sonsondergang, aand van die lewe, skaduwees word lank, die verwysing na seisoene en die pad wat ten einde loop.

2.2.2.2 KONFLIK TUSSEN POSITIEWE EN NEGATIEWE MAGTE AS METAFOR

Die tweede groep beelde is dié van konflik tussen die positiewe magte soos gesondheid, groei en herstel en die negatiewe magte soos siekte, aftakeling en vernietiging. Die negatiewe magte oorwin altyd. Beelde wat hieruit voortvloei is wurms, ontbinding, verslete klere, geroeste en stukkende gereedskap, bouvalle

ensovoorts. (Laasgenoemde is opvallend in Van Heerden se poësie, vergelyk 3.9)

2.2.2.3 HERLEWING OF METAMORFOSE AS METAFOOR

Die derde groep beelde wat vry algemeen gebruik word, is die van herlewing. Die saad moet sterf om te kan ontkiem; die reptiel of slang vervel om te vernu en die vlinder kom uit die papie te voorskyn. Die beplooide verrimpelde vel van die oue was verdere aanleiding tot die vergelyking tussen die ou vel wat die mens moes afskud om die nuwe lewe te evaar. Mites en legendes in verband met die verjonging van die mens is te vinde in die folklore van die primitiewe volke.

Alhoewel die sosiale en gedragsgerontologie relatief nuwe wetenskappe is, lê die wortels daarvan in die mediese wetenskap en filosofie. Onder die primitiewe volke was daar byvoorbeeld 'n bewustheid dat die afskud van die ou vel saamhang met vernuwing - ook die feit dat sommige insekte deur 'n larwestadium gaan, hang hiermee saam. Die simbool van die slang met die stert in die bek simboliseer die ewigheid. Die slang en wurm figureer ook as simbole in die antieke medisyne. Die slang as simbool vir die geneeskunde kan teruggevoer word na 2500 v. C. in Sumerië. Die idee dat die lewende wese van een vorm na 'n ander vernuwe kan word, het aanleiding gegee tot die idee dat die mens se lewe en persoonlikheid na die dood voortbestaan. Die antieke Grieke sien siekte en dood as bande wat hulle knel, aldus Bromley.

2.2.2.4 TYDMETAFORE

Ten opsigte van die gerontologiese poësie is daar 'n bepaalde

metaforiek wat kenmerkend is en veral konsentreer op die tyd wat vir die mens verbybeweeg of verby is. Die metaforiek word gekoppel aan die verloop van seisoene, waar herfs en veral winter sterk figureer. Die herlewing uit die winter, as metafoor, suggereer nuwe lewe en deur die sikliese aard daarvan, selfs onsterflikheid. Die etmaalsiklus kom vry algemeen voor, met die skemer en nag as die afloop van die lewe. Vanselfsprekend word winter en nag metafoor vir dood. Afgesien daarvan dat nag dikwels die deurgang is na 'n nuwe dag of lewe, word nag in ander gevalle die verduistering wat in die vooruitsig gestel word. Saam met slaaploosheid en doodsvrees word die nag 'n algemene metaforiese kode.

2.2.2.5 REISMETAFORE

Die lewe word dikwels as 'n reis voorgestel. Die reis word dan met behulp van 'n verskeidenheid rytuie afgelê. Selfs die tuig waarmee die laaste (ent van die) reis voltooi word, dien as metaforiese kode. Vergelyk Charon met sy boot op die Styx en die swart koets in *'n Ander land* van Karel Schoeman (1984).

Charlotte Herfray (1988), 'n Franse sielkundige, het bevind dat bejaardes na aan die dood se taalgebruik deurspek is van reismetafore: aankoms, vertrek, terugkeer, huis toe gaan en om gevind te word.

Lakoff en Turner (1989, 3 - 4) toon aan dat lewe, dood en tyd dikwels deur 'n komplekse reismetafoor voorgestel word:

- The person leading life is a traveller.
- His purposes are destinations.
- The means for achieving purposes are routes.
- Difficulties in life are impediments to travel.

- Counsellors are guides.
- Progress is the distance travelled.
- Things you gauge your progress by are landmarks.
- Choices in life are crossroads.
- Material resources and talents are provisions.

Die gebondenheid aan die lewe word algemene metaforiese bande, drade, toue wat losgeknoop of verbreek word. Woodward (1991:125) kom tot die gevolgtrekking dat hierdie bande ook verbreek word met diegene wat reeds gesterf het. Die lewe bestaan volgens haar uit verhoudingswebbe. Elke dood van 'n geliefde verswak die web. Gereedmaak vir die dood beteken om ook jou eie bande los te maak (te laat skiet). Losmaak of onthefting versnel dikwels na die dood van 'n geliefde of siekbed. Die persoon is nie meer bereid om 'n substituuat of surrogaat te skep nie. Niks word gedoen om die verlies te vervang nie. Vergelyk Eybers in 4.6.

2.2.2.6 INVENTARIS AS METAFOR

Inventarisse as metafoor vir lewensoorsoeging kom algemeen voor. Hierdeur word die verlede nie net opgesom nie, maar ook hersien en herbelewe deur middel van die herinneringe deur besittings opgeroep. Vergelyk byvoorbeeld Ernst van Heerden se "Aan die verhuisingsmanne" (1989:15); "Inventaris", P.W. Buys (1987:45); "Die ou Bokser", "Sloping" (1958:41) Peter Blum, ensovoorts.

2.2.2.7 PLANTE EN DIERE AS METAFORE

Die boom van 'n man is dood.
Talle lang tunnels is leeg
waar sy wortels was, die lug
waar sy kroon was is oop en bloot.
T.T. Cloete (1980:55)

Die mens in sy bejaarde en liggaamlike afgetakeldheid word meer-

male metafories verdierlik of met plante vergelyk, byvoorbeeld die Bybelse beeld van die mens wat met gras se kortstondigheid vergelyk word. Soms word die ouderdom hierdeur geobjektiveer.

2.2.2.8 SPIEËLMETAFORE

Die spieël is 'n bekende beeld in die representasie van die werklikheid. Die kunstenaar is die spieël waardeur die werklikheid gereflekteer word. Soos 'n spieël die kwaliteit van die weerkaatsing bepaal en kan beïnvloed of manipuleer, het die kunstenaar dieselfde uitwerking op die representasie. Die feministe benut die spieëlbeeld om die vroulike ingesteldheid of belewing na 'n outokratiese wêreld te kaats.

In die gerontologiese aanslag speel die spieël 'n tweeledige rol. Aan die een kant moet dit die diskrepansie wat daar ten opsigte van die innerlike jeugdige beeld wat bly voortleef in die self-persepsie van die verouderde individu blootlê. Aan die ander kant is dit die tydgenote en samelewing wat vir 'n persoon die spieël is waarin hy sy veroudering moet waarneem.

Die spieëlbeeld hou verband met die identiteit, maar omdat die mens eintlik blind is vir die bekende en daarom sy eie uiterlike veroudering miskyk, ignoreer of negeer, is dit die onbeplande konfrontasie met die self in 'n winkelveenster of onverwagte spieël wat tot 'n skokkende (raak)sien lei.

Die spieël dien dus as ontbloting van die onaangename waarheid én die bevestiging van identiteit, maar is terselfdertyd 'n paradoks: die ontkenning van die ouderdom en die angstigheid om die verlies van eie identiteit. Die ouderdom stroop die mens in so 'n

mate van sy identiteit dat 'n naam later al is wat daarvan oorbly en hoe ouer hy word, hoe minder mense is daar wat hom op sy naam durf aanspreek. Hy word Meneer, Pa, Oupa en selfs deur vreemdes aangespreek as Oupatjie. Daar is later niemand oor om hom op sy noemnaam aan te spreek nie. Vergelyk byvoorbeeld die kortverhaal "Lustrum" van Clare Lennart (1970).

Die obsessie met die spieël asook ontkenning van die ouderdom is dikwels 'n bewys van narcistiese gevoelens. Ontkenning is geleë in die feit dat ouderdom verwerplik is. Die oues word verwerp as 'n groep wat meer verbruik as wat hulle lewer of produseer. Deur jou eie ouderdom te erken, verban jy jouself uit die samelewing en bevestig daarmee die samelewing se siening.

2.2.2.8.1 DIE MOEDERFIGUUR AS SPIEËL (METAFOOR)

Tydens my wording
was ek in jou.
Met jou verwording
is jy in my:
Gistende see
van vergete gebeure,
duister tot aan my uiterste strande
vul jy my, stoei teen my ingewande,
styg en stoot oor
in trane wat brand.

Olga Kirsch (Afskeide 1982)

Die rol van die moeder word duidelik 'n spieëlkode. Nie net as die dominante figuur in herinneringe nie, maar amper as 'n soort gewete, of die maatstaf wat bepalend bly vir die waardeoordele; die grondlegger van die morele norme en motiverings.

Die verhouding met die ma word gedurig gereëvalueer want alle mense is op 'n stadium kind. 'n Dogter herhaal in 'n sekere sin 'n ma se lewe. Eers is sy dogter, daarna ma en dikwels 'n ma vir

die ma wanneer die ouer oud en afhanklik word. Woodward (1991:1996) toon aan hoe hierdie proses ontwikkel:

The daughter thus repeats in a certain sense the life of her mother. If from birth on she is always a daughter to her mother, as she grows older she becomes a mother to her daughter. As she ages, she becomes a mother to her mother. Dying, she oscillates between the two identities, she is a mother, she is a child.

Alba Bouwer se werk *Die Afdraand van die dag is kil* (1992) weer-spieël hierdie veranderende rol van die kind-ma-kind duidelik.

Die ma as spieël vir die kind is 'n algemeen aanvaarde feit, maar die sielkundige, D. Bernstein (1979:108), beweer dat die kind as spieël vir haar ma dien: "All mothers share one common experience: the mother sees herself in the body of her infant daughter".

Dit beteken dat 'n tweerigtingspieël tussen moeder en dogter in werking tree. Woodward kom tot die slotsom:

Thus we could say that the female infant is a mirror for the mother just as the mother is a mirror for the little girl. With the mother and the infant girl facing each other, it is as if we have the fascinating phenomenon of two mirrors facing each other, reflecting each other's surfaces (and feelings?) in an infinity of endless reverberations and permutations of familiar and familial proportions (1991:97 - 98).

Woodward (1991:96) toon verder aan dat die dogter nie net met die moeder identifiseer nie, maar ook internaliseer. Die spieël is dus 'n baie komplekse metafoor.

Die metaforiese kodes het so alledaags geword dat dit dikwels nie meer as metafore herken word nie, maar gesien word as die manier waarop die mens onbewustelik en outomaties betekenis aan die lewe en die dood gee.

2.2.3 JUKSTAPONERING

Dis geensins ongewoon of verrassend dat al die literêre kodes wat op teenstelling berus, volop voorkom in gerontologiese literatuur nie. Juis deur die vitale jeug teenoor die verskrompelde bejaardheid te stel, word die hele proses skreiender (gruwelik, skandelik, vreeslik). Die ouderdom is intiem verbind met die biologiese manifestasie, maar die beste verweer daarteen is die dra of voorhou van 'n masker. Daarom dat ironisering, die gebruik van die paradoks en jukstaponering veelbenutte stylmiddele is.

Veral in die uitbeelding van die liggaamlike aftakeling speel enumerasie en jukstaponering 'n belangrike rol. Deur eufemisme wil die waarheid wat vir die spreker sowel as die leser 'n pynlike ervaring is wat hy liever sal ontken, versag word. Saam met voorafgaande speel enumerasie 'n belangrike rol in die totstandbring van die gerontologiese literêre kodes.

2.2.4 VORMLIKHEID

Soos reeds in hoofstuk een (1.7.1) aangetoon, is die ouer kunstenaar minder geneig om hom/haar aan vormlike voorskrifte te hou. In Eybers se laaste bundels is daar opvallend minder van die sonnetvorm gebruik gemaak as in haar vroeër werk. Aforismes kom dikwels op 'n later leeftyd by kunstenaars voor, asook huldeblyke aan bekendes en medekunstenaars. 'n Nuwe genre word dikwels vir die eerste keer aangepak. Vergelyk Alba Bouwer se eerste roman wat na haar sewentigste verjaardag verskyn. Vroeër het sy haar op kinderliteratuur toegelê. Ook wat die inhoud betref, is die kunstenaar minder gesteld op die formaliteite wat sy vroeër werk gekenmerk het. In haar ondersoek na die latere poësie van Eliot,

Pound, Stephens en Williams kom Woodward tot 'n soortgelyke gevolgtrekking (1980:5):

And in general, these characteristics also appear in the late works of other poets. We no longer encounter the careful impersonality of the poet that was the hallmark of much early American modernists. Instead there is a new closeness, a more open dialogue between the poet and himself and between the poet and the reader - he shows us himself.

Van Heerden (1988:138) sug ook na Eliot se "still point" en ervaar dat die korter gedig sig al meer aan hom opdring.

2.2.5 BUNDELTITELS

Bundeltitels gee 'n definitiewe (metaforiese) aanduiding van gerontologiese ervaring en bewustheid. Vergelyk byvoorbeeld Ernst van Heerden se *Tyd van verhuising* (1989), *Kanse op 'n wrak* (1982), *Najaarswys* (1993). Ook *Die swart skip* (1985) en *Amulet teen die vuur* (1987) sal gerontologiese kodes oproep. Elisabeth Eybers se laaste bundels klink almal na afskeid of stryd: *Einder* (1977), *Bestand* (1982), *Dryfsand* (1985), *Noodluik* (1989), *Teë-spraak* (1991) en *Respyt* (1993). Karel Jonckheere se laaste bundels se titels roep onmiddellik die gerontologiese kodes op: *De ringen van die boom*, *Poetische inventaris*, *Na-zicht*, *De overkant is hier* (MCMLXXXII, 1982). Selfs Gerrit Kouwenaar se jongste bundel *Een geur van verbrande veren* (1993) toon reeds in die titel dat dit hier gaan oor iets wat onherroeplik verby is. As in ag geneem word dat die voël ter sprake 'n uil (aankondiger van die dood) is, word die gerontologiese verband nog duideliker. Pretorius se bundeltitels verrai geen gerontologiese verband nie, maar 'n bundel wat met sy dood reeds by die uitgewers was, verskyn onder die titel *Amper postuum* (1995).

2.2.6 GEDIGTTITELS

Gedigtitels, soos die bundeltitels, tipeer die gerontologiese probleme en ervarings van die spreker direk of metafories. Hier word slegs enkele voorbeelde genoem want al die tersaaklike gedigtitels word in hoofstuk 3 tot 5 genoem. By Eybers is daar onder andere gedigte met die volgende titels: "Ouer word" (345),¹ "Op jou oudag" (471), "Die ouderdom is nie noodwendig saai" (554) en "Geriatrics" (586). Van Heerden het gedigte met die volgende titels: "Ouetehuis" (1993:13), "Woordpensioen" (1985:42), "Digter emeritus" (1985:63), "Klein himne aan die ouderdom" (1982:8) "Senior burgers" (1985:21). By Pretorius kom titels voor soos "Ouderdom" (1981:80), "Ou man in ouetehuis" (1983:) en "Gerontologie" (1991:21).

2.2.7 TEMATIESE KODES

Sekere temas kom so prominent in gerontologiese literatuur voor dat 'n stel gerontologiese temas as kodes beskryf kan word.

Tematiese kodes hou verband met die gerontologiese kodes, byvoorbeeld liggaamlike veroudering; verwerping as gevolg van veroudering; doodsvrees en die verwerking daarvan; die ongemak van ouderdom soos chroniese siektetoestande, slaaploosheid; nostalgiese belewenisse; herwaardering van die persoonlike ruimte, toekoms, verhoudings; verwerking van leed en traumatiese ervarings. As gevolg hiervan en met behulp van hulle herinneringe, verbeelding en meditatiewe modus kom hulle tot nuwe insigte in hulle kleiner verstilde wêreld. Woodward (1980:6 - 8) identifiseer veral vier

1.By Eybers word na gedigte in *Versamelde gedigte* (1990) verwys.

ouer digters, naamlik:

1. Die sentrale beeld van die "still point". In hierdie oomblik van tydloosheid word daar gestrewe na die versoening van teenstrydighede, vir die bereiking van heelheid, volkomeheid. Die stilte is die oorsprong van betekenisvolle kreatiwiteit en die oomblik van individuasie en vervulling. Ook die geskiedenis word beskou as 'n patroon van tydlose oomblikke. Die kwaliteit van die stilte in die ouderdom kan vergelyk word met die stilte wat in die simbolisme te vind is.
2. 'n Nuwe meditatiewe modus of refleksiewe aard in die poësie waarin die aksie van die vrywillige en bewuste denke verwerp word en 'n wisselwerking van die gees, denke en omwêreld beklemtoon word.
3. Die nuwe held wat te voorskyn kom, is die wyse ou man wat deur die jeug aangehang word, maar self ook die jeug verheerlik.
4. 'n Huldeblyk aan die tradisie en die kreatiewe handeling as die behoud in die chaos.

Die "still point" is 'n bekende term in ballet, Zen-Boeddhisme en in die Romantiek waar al drie hierdie terreine ingestel is op die versoening van teenstrydighede. Dis deur dié oomblik te bereik waarin alle teenstrydighede opgehef word, dat alles in balans kom in 'n oomblik wat die tirannie van biologiese en historiese tyd kan teenwerk. Dit is iets waarna die ouer kunstenaar ook streef:

Still point is an image of a state of 'grace', still and 'moving'. Released from the demands of the world and inner pressures, one stands outside of time and gains the perspective of wisdom. Thus it presents the ultimate goal of a person's life: enhanced spiritually, increased consciousness and the inner peace that comes from an acceptance of the "partial ecstasy" and "partial" horror of one's life and culture. (Woodward, 1980:8)

Wysheid is net soveel geleë in stilte as in retoriek. Die stilte van die ouderdom het 'n definitiewe eie kwaliteit. Volgens Bloem (1937) ook deels as gevolg van die eensaamheid:

De stilte keert.
Na kreet en stryd
Wordt 't hart gemeerd
Aan de eenzaamheid.
ALLEEN (J.C. Bloem, 1977:133)

2.2.8 LESERSPERSEPSIE

Dit is nie net noodsaaklik dat sowel die sender as die ontvanger die kode moet ken om te verseker dat die boodskap korrek oorgedra word nie. Dit is verder nodig dat die sender en ontvanger bewus sal wees van die steurnisse wat 'n verwronge of onduidelike boodskap tot gevolg kan hê, of die verkeerde reaksie kan veroorsaak. Daarom is dit van belang om te weet dat sekere faktore die lesersreaksie ten opsigte van gerontologiese poësie kan bepaal.

2.2.8.1 DEIKTIESE VERSKILLE

Een van die belangrikste blokkasies wat op dié wyse in die kommunikasieproses ingevoer word, is die ouderdomsverskil tussen digter en leser. Deiktiese verskille mag 'n steurnis wees vir die jonger leser wat die ouer digter se deurleefde ouderdomspoësie lees. Daar word vanuit twee heeltemal verskillende hoeke na die gerontologiese ervaring gekyk. Ouderdom word uitgestel tot aan

die einde van die lewe, veral as gevolg van angstigheid, vrees en ontkenning van die eie ouderdom.

2.2.8.2 ONTKENNING

In die representasie van ouderdom in die Afrikaanse poësie moet rekening gehou word met die feit dat daar by die middeljarige mens bepaalde vrese ten opsigte van die ouderdom bestaan en dat daar juis daarom 'n dikwels negatiewe reaksie op die ouderdomsma bestaan. Kulturele druk veroorsaak dat mense hulle van die ouderdom wil distansieer. Die onderwerp word óf geïgnoreer óf ontken. Die leser mag om hierdie rede bo-oor die gerontologiese kodes lees. Woodward (1991:3) toon dat elke mens sover as moontlik van ouderdom wil wegstroom. Daarom sal mense selfs wanneer oueres hulle persoonlike ouderdomservarings aanhaal of hulle doodsvrees opper, ontkenkend daarop reageer of dit as onwaar afmaak. Identifikasie met die ervaring mag dus geblokkeer word.

2.2.8.3 STEREOTIPERING

Stereotipering van die ouderdom mag 'n ander steurnis wees in die dekodering van die gerontologiese kodes. Daar kleef soveel negatiewe konnotasies aan oudwees dat geen positiewe kenmerke herken kan of wil word nie. Aan die ander kant word ouderdom dikwels geïdealiseer aangebied, wat ook weer 'n vorm van ontkenning is:

...we can understand our culture's representations of aging in terms of splitting. Youth represented by the youthful body, is good; old age, represented by the aging body, is bad; in addition we find *subsplitting*: idealized images of old age constitute a polar opposite to those which express fear. But in the West our representations of old age reflect a dominant geronto-

phobia (Woodward, 1991:7).

Daar bestaan heelwat meer perseptuele steurnisse wat die boodskap in die gewone omgang kan blokkeer, maar hierdie bogenoemde drie is veral in die gerontologiese boodskap werksaam:

2.2.9 IDIOLEK

Alhoewel elke digter volgens eie aard en styl 'n kenmerkende idiolek het, kan bejaarde tydgenote uit dieselfde historiese periode, wat dieselfde belewenisse en ontberings as gevolg daarvan meegemaak het en aan dieselfde soort taal blootgestel was, ooreenkomste vertoon. Dit mag ook wees dat die digters se ouderdomsverse se taal reeds van die jonger tydgenote s'n sal verskil.

Taal in verband met ouderdom is so negatief "gegeur" dat dit moeilik is om dit neutraal aan te bied. Dis veral in hierdie opsig waar die taalaanbieding gerontologies gekleurd sal wees.

Ooreenstemmende terugkerende motiewe en taal by die geselekteerde digters is onder andere jukstaponering, enumerasie paradoksering en parallellie, soos reeds hierbo genoem.

Elke digter se kenmerkende woordgebruik is 'n stempel wat op die hele oeuvre afgedruk is, vergelyk byvoorbeeld Eybers se besondere woordskeppings. Veranderde omstandighede beïnvloed die woordkeuse en -frekwensie, soos Eybers se Nederlandse verblyf, siekte- en hospitaalervarings. By Pretorius is daar in sommige gedigte 'n neiging na retoriek. Van Heerden gebruik 'n aantal argaïsmes, onbekende woorde vir die jonger geslag, soos vermolm, guts, blessure, festoene, kwetsure en tronie.

2.3 INHOUDELIKE KODES

Wat die inhoudelike kodes betref, word daar gekonsentreer op die gerontologiese manifestasies soos dit deur die literêre kodes in die poësie uitkristalliseer.

2.3.1 BEGRIPSOMSKRYWING: GERONTOLOGIE

Die term gerontologie is afgelei van die Grieks geron wat "ou man" beteken en ontos.

Gerontologie, ouderdom en veroudering word soos volg gedefinieer:

Gerontology is the scientific study of older life and the special problems of the elderly (Beaver, 1983:2).

Gerontology is the scientific study of the processes of growing old (Bromley, 1974:15).

Aging refers to the regular changes that occur in mature genetically representative organisms living under representative environmental conditions as they advance in chronological age (Birren & Renner, 1977:4).

Senescence is a change in the behavior of the organism with age, which leads to a decreased power of survival and adjustment (Comfort, 1956:190).

... adult ageing is a series of time-related changes in a set of interconnected variables (Bromley, 1974:16).

"Aging", as the term implies, is a process. It begins before birth and continues until death. As such, aging is synonymous with human development. Customarily, however, the term "aging" is taken to mean the later stage or stages of the process (Burgess, 1960:4).

Gerontology studies the social, economical, political and related social aspects of aging; geriatrics is a branch of medicine that deals with the problems and diseases of old age (Cox, 1984:12).

Uit bogenoemde definisies en omskrywings van die begrip gerontologie is dit duidelik dat die studie van die ouderdom bepaal word deur die invalshoek en daarom uiteraard ook verskil. Omdat die mens in al sy fasette deur die ouderdom aangetas word, is dit vir die doel van hierdie studie nodig om baie wyd na die veroudering

en die representasie daarvan te kyk.

2.3.2 FISIEKE KODES

Ek gee eers 'n omskrywing van die fisiese voorkoms van die ouderdom om daaruit die gerontologiese kodes soos dit in die poësie voorkom, te kan identifiseer.

Veroudering laat dit op allerlei vlakke van die lewe en gedrag van die mens blyk. Organe en gedrag word aangetas. Daar kom veranderinge in die motoriese en sensoriese stelsels sowel as in die verwerkingsfunksies wat met intelligensie en die fisiologiese basis te doen het, naamlik die senuweestelsel.

Daar is groot individuele verskille in die verouderingsproses, maar die persoon se chronologiese ouderdom word die eienskap waarmee hy geassosieer word, alhoewel dit nie 'n opgawe van sy fisieke en intellektuele vermoëns of sy lewensverwagting is nie.

Die onafwendbare liggaamlike veroudering begin sodra volwassenheid bereik is en die veranderinge wat in die liggaam plaasvind, lei tot agteruitgang wat uiteindelik uitloop op die dood.

V. Peterson (1960:156) toon aan dat die tempo waarteen veroudering plaasvind, die somtotaal is van oorerwing, omgewingsfaktore, traumatiese en siekte-ervarings. Chronologiese ouderdom alleen kan nie werklik as maatstaf dien om iemand as oud te klassifiseer nie.

J.A. Treichel (1980:17 -19) onderskei tussen chronologiese, primêre en sekondêre veroudering. Eersgenoemde hou verband met die lewenstydperke vanaf geboorte en die gedragspatrone van 'n be-

paalde samelewing. Primêre veroudering word veroorsaak deur die biochemiese veranderinge wat met chronologiese ouderdom gepaard gaan.

Sekondêre veroudering is die versnelling van die primêre veroudering as gevolg van 'n stresvolle lewe, emosionele spanning, fisiese traumas, siekte en ander aanslae op die lewe.

Vier terreine van veroudering word onderskei, naamlik biologies, psigologies, sosiologies en funksioneel. Birren en Renner (1977: 4-5) toon dat die biologiese ouderdom gedefinieer kan word as:

...an estimate of the individual's present position with respect to his potential life span.

Psigologiese ouderdom verwys na die aanpassingsmoontlikhede van die individu by veranderde omgewingsfaktore in vergelyking met dié van die gemiddelde mens op daardie ouderdom. Dit sluit ook die geheue, vermoë om te kan memoriseer, intelligensie, vaardighede, gevoelens emosies en motivering in.

Funksionele ouderdom is die wyse en vermoë waarop 'n individu in die samelewing funksioneer.

Die sosiale ouderdom is die rolle en sosiale gewoontes ten opsigte van die ander lede van die samelewing. Tree die individu jonger of ouer op as wat die verwagting ten opsigte van sy portuurgroep is, is dit onaanvaarbaar.

Die gerontologiese kodes sal dus uiteenval in biologiese verouderingskodes, sosiaal-gerontologiese, psigologies-gerontologiese en funksioneel-gerontologiese kodes.

2.3.2.1 BIOLOGIESE VEROUDERINGSKODES

Vir die herkenning van die siekte-, aftakelings-, liggaams- en beweeglikheidskodes is dit noodsaaklik dat die proses soos dit in die laat lewe voltrek word, kortliks uiteengesit word.

'n Basiese probleem ten opsigte van gerontologie is om vas te stel in watter mate siekte en liggaamlike agteruitgang 'n onafwendbare normale eienskap van veroudering is. Bejaardes ly aan dieselfde siektes as jongmense, maar herstel baie stadiger (Louw et. al., 1984:486). Siektes wat algemeen voorkom, is kardio-vaskulêre siektes, kanker, arteriosklerose, suikersiekte, asma, be-roerte, griep, longontsteking en toestande wat volg op vroeëre beserings. Siektekodes is maklik identifiseerbaar in die gerontologiese poësie.

Die **skelet** verander mettertyd sodat die digtheid daarvan vermin-der en dit tot beenbreuke lei. Gewrigte word stywer en beweging moeisamer en pynlik. Algemene gesondheid bepaal of die tande behoue bly. Die stryd om regop te bly, is 'n duidelike ouderdomskode.

Die **liggaamsoppervlak**, veral in die gesig, word opmerklik aange-tas: plooie, sakkerigheid onder die oë, verlies aan 'n bloesende gelaatskleur, fyn aartjies en haartjies verskyn op die gesig. Daarby word die hare grys, yler of val uit tot 'n bles die gevolg is. Spatare ontwikkel, die vel word bleker, vlekkerig, verkry 'n perkamentagtige tekstuur en verloor sy elasticiteit. Die hande word knopperig, prominente are verskyn en die naels verdik en word bros. Liggaams- en aftakelingskodes is dikwels vervleg. Daarom is die onaansienlikheid van die bejaardheid ook kode.

Na 55 word die **hartritme** stadiger en onreëlmatig en die **bloeddruk** verhoog effens. Hierdie is 'n prominente kode in Eybers se gedigte soos verder toegelig in hoofstuk 4 (4.3.2.1).

Die **slaappatrone** word versteur, soms omdat bejaardes fisiek minder aktief is. Hulle sukkel om aan die slaap te raak of word dikwels in die nag of vroeër soggens wakker. Slaaploosheid en die intieme kennis van die nag is 'n verdere gerontologiese kode by veral Eybers.

Die **sintuie** word erg deur veroudering aangetas. Afgesien daarvan dat die oogakkommodasie en die onderskeiding van kleure aangetas word, is die meeste mense teen 50 bysiende. Ook die gehoorvermoë neem af. Dit het 'n uitwerking op die kognitiewe vermoëns sowel as die emosionele gesteldheid. Dis veral gehoorprobleme wat tot isolasie lei omdat sosiale verkeer daardeur belemmer word.

Eisdorfer (1970a:232 - 237) meen dat gehoorverlies tot rigiede emosies, 'n kleiner woordeskat en laer perseptuele organisatoriese vlakke lei. As gevolg van sensoriese probleme toon hierdie mense regressie, onttrekking, en 'n onbuigsaamheid ten opsigte van interpersoonlike verhoudings. Hulle gehoorprobleme lei tot negatiewe of swak kommunikasie. 'n Persoon raak gewoonlik bewus daarvan dat sy sig verswak, maar gehoorafname moet deur ander angetoon word.

Biologiese veroudering is die sigbaarste en daarom sekerlik die primêre gerontologiese kode wat onderverdeel kan word in liggaamlike, siekte-, aftakeling- en verontmenslikingskodes.

2.3.3. PSIGOLOGIESE KODES

Ouderdom word dikwels net in terme van die liggaamlike negatief weergegee. Watter psigologiese gerontologiese kodes kan geïdentifiseer word?

Die status van die persoon wat aftree, verander in die samelewing, asook hulle waardes, gesindhede, persoonlike kwaliteite en gedrag. Aftrede beteken onthegting. Daarom heers daar dikwels pessimisme ten opsigte van ouderdom. Freud het dit byvoorbeeld geassosieer met kastrasie en omvattende fisiese en geestelike hulpeloosheid. Jung, aan die ander kant, vergelyk dit met die beeld van die wyse ou man of vader. In die ouderdomsprokies word die wysheid, selfloosheid en gemeenskapsbetrokkenheid van die later jare sterk beklemtoon.

Met aftrede begin reeds die besef dat daar van die bekende lewe afskeid geneem moet word. Liggaamlike aftakeling dra daartoe by dat afskeid eskaleer. Ernst van Heerden toon aan watter invloed die afskeid van die see op hom gehad het:

Want met die opsegging van die see het ek ook afskeid geneem van 'n groot deel van my lewe: 'n komplekse wêreld van belewenisse, die kragtige jeug, die uitviering van vernuf en uithouvermoë, die atletiese, selfs die "digterlike". Voortaan sou die see vir my ingeperk word tot die weemoedige betragting van 'n motor, tot herinnering, tot dekor tot dinge wat heel ver is en heel skoon - tot metafoor (1988:154).

Die psigologies-gerontologiese kodes kan dus onderverdeel word in die vereensamings-, isolasie-, onthegtings- en statuskodes wat ook aansluit by die sosiale kodes. By Van Heerden en Pretorius wat elkeen op die aftreeouderdom hulle betrekkings moes neerlê kom die onthegtingskode dikwels voor, maar is afwesig by Eybers.

2.3.3.1 STERWENSKODES

Men begint met het leven te aanvaarden
en eindelijk aanvaardt men den dood
Aanvaarding, J.C. Bloem (1977:135)

In *Denial of Death* (1975:96) meen Ernest Becker dat die vrees vir die dood die grond van alle vrese is. Volgens hom is die Westerse kultuur nie soos Freud beweer het ingestel op die onderdrukking van seks nie, maar in die onderdrukking van die dood wat deur die liggaam gesimboliseer word as "curse of fate". Ouderdom bring vir die mens agteruitgang, verval en dood.

2.3.3.1.1 ERKENNING VAN DIE NADERENDE DOOD AS KODE

Indirek sluit die erkenning van die veroudering ook die erkenning van die naderende dood in. Hierdie besef lei tot onthechting. Dit gaan gepaard met 'n bestekopname wat enersyds as bewys van 'n sinvolle lewe moet dien en andersyds onsterflikheid moet verseker.

The body in advanced old age not only represents death;
it is close to death and will in due time be inhibited
by death. (Woodward, 1991:19)

Dood en sterwe is lewensfeite en staan natuurlik in verband met ouderdom. Bromley (1974:267) beskou die laaste lewenstyd voor die dood as die terminale fase:

The 'terminal stage' can be defined as a persistent
awareness of the prospect of death from natural causes
in late life.

Drie fasette van sterf word geïdentifiseer, naamlik biologies, psigologies en sosiaal. Die biologiese proses dui op mediese agteruitgang en siekte; psigologies betrek die gedagtes, gevoelens, behoeftes en aktiwiteite van die sterwende persoon en sosiologies betrek die sosiale geïnstitutionaliseerde en kultu-

rele prosesse wat met die dood, sterfte en verlies as gevolg van sterfte gepaard gaan. Die sosiale doodsoomblik het 'n hele aantal implikasies (veral wetlik), onder andere die verdeling van die boedel. Dit vereis reorganisasie in ander se lewens soortgelyk as na 'n huwelik of die geboorte van 'n kind. Daar is bepaalde religieuse rituele, die doodsnuus moet bekend gemaak word en die begrafnisreëlins getref word. Hierdie optrede word in 'n groot mate kultureel bepaal.

2.3.3.1.2 INDIVIDUELE DOODSBENADERINGSKODES

Die manier waarop die dood benader word, verskil individueel. In die moderne samelewing word die dood medies hanteer. Die terminale fase begin met die aanvang van 'n progressiewe verslegtende fisiese toestand wat 'n fatale roete volg in 'n betreklike kort tyd. Al die elemente in die proses is voorspelbaar, soos die tydsduur, erns van die toestand, prognose en die uiteinde. Die ouer persoon het gewoonlik met veelvuldige biologiese probleme te kampe.

Daar bestaan groot individuele verskille in mense se doodsbenedering wat veral deur elkeen se omstandighede bepaal word. Sommige sien die dood as deel van die lewe en ontwikkel meganismes om hierdie onafwendbare werklikheid te hanteer. Ander is vreesbevange. Depressiewe persone sal byvoorbeeld anders optree as die wat goed aangepas is. Die gewone reaksie op die geliefde se dood is skok en smart, maar die intensiteit daarvan sal afhang van die persoonlike verbintenis. Cox (1984:254) meen dat die religieuse ingesteldheid mense help om dit wat hulle nie beheer nie, te verwerk. Malinowski (1948:29) reken die geloof dat daar lewe na

die dood is, maaak die vrees vir die dood hanteerbaar. Geloof verminder die doodsvrees deur die hoop op 'n nuwe toekoms. In die laat lewensfase speel religieuse bestekopname 'n toenemende rol. Lucebert, 'n erkende agnostikus, bespiegel oor lewe na die dood in sy laaste gedigte. Karel Jonckheere besin oor die verlies aan geloof tydens sy lewe en voel daarom skuldig teenoor sy moeder wat hom hierin onderrig het.

2.3.3.1.3 DOODSVREES AS KODE

Vir 'n groot deel van 'n mens se lewe is die idee aan die dood 'n gedagte aan iets wat ver in die toekoms lê, veral in hierdie eeu waar die sterftesyfer voor die tienerjare baie afgeneem het. Daarom word doodsvrees eintlik onderdruk tot die onderbewussyn. Tog is daar sekere gebeure wat die mens kort-kort fel daarmee in aanraking bring, soos die dood van 'n geliefde of hegte vriend, 'n sluipmoord op 'n openbare figuur, 'n terrorisetaanval, moord op bejaardes en motorongelukke. Cox (1984:255) toon aan dat die mens die dood liewer as 'n ongeluk, iets wat per toeval gebeur of aan 'n siekte toeskryf in plaas daarvan om te erken dat dit, net soos geboorte, 'n lewenservaring is wat vir elke mens beskore is.

Normaalweg ontwikkel die doodsbesef geleidelik en word dit sterker by ouer mense want baie van hulle geliefdes en tydgenote sterf om hulle. Bromley (1974:277) redeneer dat die vooruitsig nie meer so skrikwekkend soos vroeër is nie omdat daar nie meer soveel goeie redes is om te bly lewe nie. Ander oueres raak angstig, depressief en wanaangepas oor die naderende dood en 'n verlore lewe. Hulle is verward oor die pynlike vooruitsig buite hulle beheer.

2.3.3.1.4 DOODSPERSEPSIES AS KODES

Jeffers en Verwoerd (1969:163 -181) lei uit 'n studie af dat die doodsvrees universeel is, maar dat die aanvaarding van die dood 'n kenmerk van ware volwassenheid is. Hulle onderskei die volgende sienings wat mense oor die dood huldig:

- * Sommige beskou die dood as die einde van die lewe, maar ook as die oorgang na 'n ander lewe.
- * Ander beskou dit as 'n vyandige inmenging en ontwrigting van die mens se lewenspatroon
- * Nog ander sien dit as 'n geleentheid om met die reeds gestorwe geliefdes te herenig.
- * Vir 'n ander groep is dit straf of beloning vir die lewe gelei.
- * Baie mense is besonder nuuskierig oor die dood en sien met verwagting uit daarna.
- * Daar is ook diegene vir wie dit die einde van 'n pad is.

2.3.3.1.5 HANTERING VAN DIE DOODSBESEF AS KODE

Cox (1984:257) toon aan dat daar tradisioneel in die Westerse tradisie 'n onwrikbare geloof in lewe na die dood was en dat dit 'n verband met Christendom hou. Met die toename in sekularisasie is die dood nou vir baie mense nie meer die oorgang nie, maar slegs die einde, 'n verlies aan identiteit en 'n uitwissing. Omdat die samelewing so toekomsgerig funksioneer, veroorsaak die gedagte aan die dood 'n soort vyandigheid, ontkenning en verwyt.

Ses verskillende maniere waarop die doodsgedagte hanteer word, word deur Jeffers en Verwoerd (1969: 163 -181) geïdentifiseer:

- * Mense met sterk religieuse oortuigings aanvaar die dood.
- * 'n Positiewe verhouding met kinders en kleinkinders verbind die mens met die volgende geslag en die toekoms en gee betekenis aan die lewe.
- * Boedelbeplanning dui ook op aanvaarding. Deur die saak te ignoreer, glo sommige bygelowig dat hulle daardeur die dood kan afweer.
- * Die gedagte aan die dood word heeltemal geïgnoreer, onderdruk of gerasionaliseer.
- * Onttrekking aan die sosiale lewe, die gevolglike onbetrokkenheid by ander mense en hulle dood en die oormatige gebruik van alkohol is ontvlugtingsmetodes om die werklikheid van die naderende dood te ignoreer.
- * Daar word gepoog om beheer oor die krisis te verkry deur kontrafobiese optrede, soos die pogings om jonk te bly lyk en hiperaktief te wees ten opsigte van sosiale betrokkenheid. Op hierdie wyse is daar nie tyd om aan die dood te dink nie.

Kastenbaum (1977) toon in sy werk vier moontlike betekenis aan wat aan die dood geheg kan word, naamlik:

- * Deur sommige word die dood as die groot gelykmaker gesien want almal, arm en ryk, bekend en onbekend, sterf. Daarom is die dood eintlik 'n waarskuwing vir enige iemand wat hom aanstellerig wil gedra.
- * Hierteenoor word die dood as die groot evalueerder beskou want die ryk of gesiene persoon word met groot eerbetoen en seremonie begrawe maar die arm en onbeduidende persoon se

begrafnis en rusplek is obskuur. Die aard en versorging van die graf is 'n verdere bewys hiervan.

- * Ander sien die dood as 'n drastiese verandering ten opsigte van die individu se menseverhoudings. Aan die een kant is daar die reünie met die reeds gestorwenes en aan die ander kant verbreking van die kontak met die lewendes. Enersyds veronderstel dit 'n sekere afwagting en andersyds skeiding en hartseer.
- * Verder word dit terselfdertyd as die algehele oplossing en grootste probleem beskou; beide vir die individu en die gemeenskap. Vir mense wat lank aan stres en depressie onderwerp was, word die dood die oplossing vir die onbevredigende lewe. Maar die dood word ook gesien as die einde van geleenthede aan ervarings, strewes en die verwesenliking van ideale.

2.3.3.1.6 VOORBEREIDINGSKODES

Voorbereiding vir die terminale fase beteken dat daar gereed gemaak moet word vir die oorgang van verantwoordelikhede, die voltooiing van take en geleenthede wat nog beskikbaar is, moet benut en geniet word. Die groot probleme is meestal sielkundig. Pyn, ongemak, frustrasie, angsk en depressie moet tesame met die daaglikse lewe en probleme hanteer word. Die gedagte aan die dood self lei soms tot woede, skuldgevoelens en depressie. Bromley (1974:281) onderskei vier redes waarom die angskigheid ten opsigte van die dood afneem:

- * Deur sy leerproses het die bejaarde sy gedagtes, gevoelens en motiewe georganiseer om hom tot aanvaarding van sy persoonlike sterfte te bring. (Hierdie ordeningsproses kan baie

duidelik in die poësie van die gekose digters waargeneem word.)

- * Die bejaarde raak uit voeling en simpatie met die moderne wêreld. Daarom is sy persoonlike betrokkenheid en toekomstperspektief beperk.
- * Die eise ten opsigte van die voordele om aan die lewe te bly, word te hoog en die waarde van voortbestaan verlaag.
- * Die ontheftingsproses het so ver gevorder dat daar geen aansporings is wat hom motiveer om verder te wil bly lewe nie.

Van Heerden (1988:154) meen dat onthefting ook tot 'n dieper doodsbeseef lei:

Betekén dit 'n dieper, meer gefundeerde doodsbeseef? Die dood - alomteenwoordig, of jy nou ses of sestig is, maar die beseef, 'n vrees? Ek weet nie. Eerder aanvaarding, begrip, dankbaarheid dat daar tog aan alle pyn 'n einde sal kom. Moontlik is 'n digter so bewus van die dood omdat sy eie verse so min kans op oorlewing het.

Terminale gedrag is dus 'n handeling om die situasie te kan hanteer. Dit berei die persoon voor vir die verwagte omstandighede rondom die dood en die uitsig op 'n ander lewe. Die terminale mens raak baie afhanklik van ander mense vir mediese en soms selfs persoonlike versorging. Die bejaarde beseef dat so 'n siekte en die gepaardgaande afhanklikheid 'n groot waarskynlikheid op 'n hoë ouderdom is en vrees daarvoor. Alhoewel hulle nie siek is nie beseef die ou mens dat hy terminaal lewe en deurworstel dikwels dieselfde fases as die terminale siek pasiënt.

Kübler-Ross (1969) kom deur die noue kontak met sterwendes tot die gevolgtrekking dat daar vyf stadia in die aanpassing by die doodsgedagte van terminale pasiënte is.

- * Eerstens is daar die ontkenningsfase waarin die persoon weier om die gedagte te aanvaar en alle mense en omstandighede wat daarop mag dui, te ignoreer.
- * Tydens die tweede fase kom daar geleidelik erkenning dat hy/sy besig is om te sterf. Dis onmoontlik om die bewyse daarvan langer te ignoreer.
- * 'n Manier om 'n kompromis te tref en die uiteinde uit te stel, is die beloop van die derde fase.
- * Depressie is 'n duidelike kenmerk van die vierde fase. Die feit dat die dood onafwendbaar is, staar die persoon te duidelik in die gesig.
- * Die vyfde fase is die aanvaarding en gereedmaak vir die dood. Die probleem om versoen te raak met die naderende dood is nie net beperk tot die sterwende nie maar kring uit na die naasbestaandes.

Dis dikwels vir hierdie omstanders wat nog nie met die gedagte aan die dood versoen is nie, baie traumaties. Hulle beweeg dikwels deur dieselfde fases van skok, ontkenning en uiteindelijke ervaring. Daarom dat daar amper 'n behepthheid met afsterwende tydgenote by die digters te bespeur is. Nie net word die skok en smart beleef nie, maar dis ook 'n bevestiging van hulle eie tydelikheid.

IV AL RUS JOU HOOF TEEN MYNE

Al rus jou hoof teen myne,
 al vou ek my arms dig toe
 om jou skerp skouers -
 hoepel van been en vlees
 om jou verbrokkelende lyf
 byeen te bring en skraag -
 kan ek jou nie teëhou nie.
 Jy sal wegglip en verdwyn
 uit die kring
 Olga Kirsch (1982:10)

2.3.3.1.7 DOODSONTKENNINGSKODES

Soos wat daar ontkenning bestaan ten opsigte van veroudering, kom dieselfde verskynsel met betrekking tot die dood voor. 'n Aantal valse aannames vorm deel van die mens se verweer om nie by die sterwendes betrokke te raak nie en om enige gedagte aan die dood te vermy. Daar word byvoorbeeld geglo dat doodsvrees toenemend voorkom by bejaardes; doodsversoening en -voorbereiding onmoontlik is en daarom as onderwerp vermy behoort te word; slegs depressiewe psigotiese mense sterwensbereid is; medici sterwendes teen wil en dank solank moontlik aan die lewe moet hou; of dat die terminale bejaarde in elk geval verdoem is en dit wreed en roekeloos is om die familie en sieke aan onnodige pyn en lyding bloot te stel. Niks kan in elke geval 'n verskil maak nie, die oorlewendes sal wel mettertyd oor die skok kom. Die poësie van die gekose digters weerlê hierdie mites duidelik.

Om te bewys dat alles nie sommer met die dood tot 'n einde kom nie, is dit belangrik om iets van jouself na te laat. Die besef aan die naderende dood gee dikwels aanleiding tot die optekening van die persoonlike geskiedenis. Evelyn Marais se trilogie waarvan die eerste deel verskyn het toe sy 84 was, is so 'n voorbeeld.

In addition to one's self-in-the-past being salient to the integrity of the self of the elderly, so may be one's self-in-the-future - that is the survival of the self beyond death (Kamptner, 1989:179).

Hoe kan 'n mens se besittings nog na die dood 'n rol speel? Deur dit te oorhandig (laat erf) verleen dit iets onsterfliks aan die nalater. Deur die testament (ook ten opsigte van wat gepubliseer is) kan bepaal word watter besittings (en identiteit) die erflater behoue wil laat bly. Hierdeur word die skenker se gevoelens

aan ander uitgedruk. Poësie is die digter se nalatenskap:

Ek hoop om sonder oordrywing of selfoorskating te mag
sê dat elke gedig wat uit 'n mens se pen voortkom, 'n
stukkjie van jou "testament" is, 'n nalatenskap, 'n
wilsbeskikking vir die nageslag (Van Heerden,
1988:144). (Vergelyk ook hoofstuk 1, 1.7.1.)

Objektivering van die dood is een manier waarop die mens as't
ware vrede met die naderende dood maak. Daardeur word die onbe-
kende nie meer 'n naamlose vrees nie.

Die dood- en sterwenskodes, is soos hierbo aangetoon, baie kom-
plekse gerontologiese kodes. Dit sluit onder andere die volgende
kodes in: doodsbeseft, doodsbenaadering, erkenning en ontkenning
doodsvrees, doodsbeswering, religieuse bestekopname, jeugherin-
neringe en bestekopname.

2.3.3.2 POËTIESE ONSTERFLIKHEID

WIE WEET?

Weldra leg ik mijn pen
voor altijd neer en staar
naar wie ik was en ben
en blijf tot aan de baar.
Al hoop ik dat mijn taal
mij overleeft, wie weet
loopt een te lang verhaal
dood in oud lief en leed.

A. Roland Holst (1981:1004)

Alhoewel daar dikwels tot 'n vergelyk gekom word wat die dood
betref, is dit skynbaar moeilik om te glo dat alles wat deur 'n
leeftyd tot stand gebring is, sommer saam met die presteerder tot
niet moet gaan.

Daar word intens deur die ouer digters oor die digtersambag
besin, rekenskap gedoen en gereëvalueer. Soos vir enige ander

mens is dit vir die kunstenaar belangrik dat sy werk sal voortleef. Uit die geskiedenis en klassieke werke blyk die moontlikheid daarvan. Solank die werke gelees word, word die kunstenaar lewend gehou; bly hy uniek.

Ernst van Heerden laat die digter drie dode sterf ("Vooruitsig", 1993:43): eerstens 'n fisiese dood, daarna 'n digterlike sterwe wanneer niemand meer sy verse lees nie en laastens wanneer diegene wat hom persoonlik geken het, sterf met hulle herinnerings aan hom.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat elke digter "vroeër of later daartoe gedwing word om die tydelikheid, die waarskynlike omverwerping van alles wat hy in sy eie dwase tyd as "ewigheid" wou sien, te erken" (Van Heerden, 1988:136). Hy erken verder dat naas die genoegdoening met wat bereik is, daar 'n bewustheid is van wat agterweë gebly het: "So veel beoog, so min volbring" (1988:136). Die vrees bestaan watter van die werk wat tot stand gekom het die toets van die tyd sal deurstaan en behoue sal bly. Die twyfel word weerspieël in:

... dat die poësie eintlik weinig draagkrag of invloed in die moderne wêreld het, dat die stem van die digter ongehoor en ongewaardeer bly, dat hy op die periferie staan en flou krete uiter terwyl magtige gebeure soos 'n vloed by hom verbygaan (1988:136).

Die digter dig om die doodsvrees te besweer en om die lewe deur woorde draagliker te maak. Daarom, meen Van Heerden, is baie van die gedigte oor die dood "eerder uitdrukkings (is) oor die ellendigheid en jammerlikheid van die lewe" (1988:138).

2.3.3.3 ONTKENNINGSKODE

Ik relativeer niet omdat ik ouder wordt,
maar om niet oud te worden.

Jonckheere (1970:67)

Ons verweer teen die ontstellende ouderdomsang of gerontofobie is ontkenning of verdringing daarvan. Soos reeds aangetoon, geskied dit op verskeie maniere.

Ouderdom word sosiaal sowel as biologies bepaal. Daarom mag ons onself as jonk ervaar, maar ander (jongeres) beleef ons as oud. Die mens ossilleer dikwels tussen blindheid vir die eie ouderdom en insig daarin. Hierin lê die retoriek van entoesiastiese angstigtheid ten opsigte van die toekoms. Dis terselfdertyd doodsontvlugting.

Teruglewe in die verlede in plaas van vorentoe is 'n opvallende ontkenningstegniek. Deur hierdie omkeer word die dood of eindbestemming die rug toegekeer, word die verloop van die tyd gekortwiek en die pas markeer. Die kinderlewe, herkoms, ouers, prestasies en sosiale betrokkenheid kom sterk in die soeklig by die ouer digters. Dikwels word dit geëvalueer en tot nuwe insigte gekom. Dis veral die rol met die moeder wat 'n prominente rol speel.

Ooraktiwiteit, kosmetiese sjirurgie, vriendskappe met oorwegend jonger persone en alle pogings om die bewyse van veroudering te verbloem, is algemene maniere om die toestand te probeer ontwyk.

2.3.4 SOSIALE EN KULTURELE KODES

Daar kleef 'n sosiale stigma aan oudwees. Dit is moeilik om te onderskei tussen gedrag wat per se die gevolg van ouderdom is en

gedrag wat die persoonlikheid van die individu in sy lewenshouding en -gedrag weerspieël.

Die bejaarde se status word in 'n groot mate deur die heersende sosiale bestel bepaal. Cox (1984:60) toon dat 'n groot aantal interafhanklike faktore 'n mens afsonderlik of gesamentlik beïnvloed. Die hoë status wat ouer mense in die landbougemeenskappe gehad het, verlaag in die geïndustrialiseerde gemeenskappe. In dieselfde mate vind daar ook vereensaming en isolasie plaas.

Afsondering is die lot van die bejaarde in die moderne samelewing. Daarom kan die persoon na aftrede geïsoleerd en ongestimuleerd lewe en sy eensaamheid as 'n vorm van straf beskou omdat hy in sy eensaamheid aan sy eie vermoëns begin twyfel. Aan die ander kant kan die afsondering ook 'n mate van vryheid bied. Die persoon kan self sy daaglikse roetine en doen en late bepaal. Eiebelang kan nou voorop gestel word; 'n geleentheid wat min mense in hulle bedrywige lewe kan ervaar.

Alhoewel 'n mens progressief lewe, kan dit alleen retrogressief begryp word. Daar moet dus nie net vasgestel word waarheen beweeg word nie, maar ook waarvandaan. Dis veral laasgenoemde wat 'n duidelike kode word. 'n Mens sou van 'n verledekode kon praat wat tweeledig benut word. Aan die een kant moet dit as't ware bevestig dat 'n lewe geleef is en aan die ander kant moet dit dien as 'n beswering vir die naderende dood en 'n ontkenning van die ouderdom. Nostalgie is 'n ervaring wat daarop gemik is om dit wat in die verlede lê te herroep sodat dit herbeleef en herbesit kan word. Van Heerden se jeugherinnerings stel die ongereptheid van die jeug teenoor die aftakeling van die ouderdom. Ironies bly dit slegs herinneringe en gewoonlik gehaplografeerde herinnering.

Herinneringskodes moet nie net help om die dood te besweer nie, maar ook as bevestiging van die lewe dien.

2.3.5. RUIMTELIKE KODES

Ou mense hou nie daarvan om hulle bekende omgewing te verlaat nie. Hierdie lewensruimte verleen vastigheid en vorm 'n front van permanensie, al besef hulle dat verandering onafwendbaar is. Die huis en besittings dien om die self en sy status te representeer. Kontak met besittings is nie net noodsaaklik vir voortbestaan nie maar veral ten opsigte van identifisering en kontak met die verlede. Ook die liggaamlike belewenisse in 'n bepaalde gebied of ruimte is noodsaaklik vir identiteit. Eie identiteit word met behulp van besittings gekommunikeer. Vergelyk byvoorbeeld hoe belangrik is Sophia (*Juffrou Sophia vlug vorentoe*, 1993) se kontak met haar gunstelingboeke. Ook by Ernst Van Heerden word die probleem en die uitreik na sy boeke 'n erkenning van sy beweeglikheidsprobleem en aanpassingsvermoë. Soos reeds voorheen verwys is die opstel van inventaris van wat tans besit word, en wat voorheen besit is, algemene praktyk. Inventaris word kode van besitterskap, bevestiging van die bestaan en status.

Die krimpande ruimte van die bejaarde hou dikwels verband met sy beweeglikheid aan die een kant en die onafwendbare sosiale ont-hegtingsproses aan die ander kant. Die stilte wat onafwendbaar deel van die kleiner wêreld is, bring nuwe insigte, skep 'n reflekterende modus wat baie duidelik in hulle werk gerepresenteer word. Die verlede en tradisie word herskep om sodoende aan 'n begeerte en behoefte aan heelheid te voldoen. Hierdie isolasie lei tot die eksploitasie van die stilte.

2.3.5.1. INTERAKSIE MET DIE MILIEU

BEDROG

Oud en koud geworden
zit hij voor zijn vensterruit.
Allen zijn hem al ontstorven.
Buiten gaat met bars geluid
de straat tekeer, met brekende ogen
luistert hij en hoort het aan.
De heldere dood heeft hem bedrogen
en is zijn deur voorbijgegaan.
Het sterven rest en het verdrogen.
A. Roland Holst (1981:1000)

Uit verskeie navorsingsprojekte blyk dit dat ou mense toenemend geheg aan hulle huise raak. Dis meer as 'n leefruimte, dis simboles van hulle onafhanklikheid en selfstandigheid; 'n fokuspunt vir familiebyeenkomste; 'n ryke bron van herinnerings, familie-sentimente, tradisies, sekuriteit; die plek waar 'n mens en sy persoonlikheid ontwikkel het; 'n hulpmiddel om eie integriteit te behou en 'n blywende bewys van wie jy is.

Csikszentmihalyi & Rockberg-Halton (1981:144) sien dit soos volg:

The home is a shelter for those persons and objects that define the self; thus it becomes... an indispensable symbolic environment.

Al die besittings wat deur 'n leeftyd vergader is, word die verlengstuk van elkeen en die tuiste is die omgewing wat 'n mens die beste kwalifiseer omdat dit hom omring met objekte wat hom ontwikkel en sy sin vir tuishoort bevestig. Dis een van die laaste vestings vir selfbeeld en identiteit en die manifestasie van die persoonlike geskiedenis. Dit dien as bewys en simbool van fisiese en finansiële afhanklikheid. Dit verleen privaatheid, bied 'n skans teen die buitewêreld en is 'n emosionele toevlugs-oord, soos 'n baarmoeder, beskermmer en fort teen die lewensaan-slae. Die tuiste word kode van weerstand en oorlewing.

'n Groot deel van die volwasse jare word gewy aan die vergader en instandhouding van besittings, aandenkings van besoeke en hoogtepunte uit die lewe. Kamptner toon aan dat daar twee soorte besittings is, naamlik dié wat dienlik is en dié wat simbolies is. Kamptner (1989:166) onderskei soos volg tussen die funksies wat besittings vir die besitter het:

Instrumental functions of possessions are those that in some way enable individuals to manipulate or control their environment, allowing their owners to meet a specific objective or need. Symbolic functions, on the other hand, are those in which objects become symbols of some desirable state or relationship for their owner.

Die besittings speel 'n betekenisvolle rol omdat dit 'n bron van kontrole en gesag oor 'n mens se gevoelens is, dit selfwaarde help bepaal en 'n simboliese band met ander mense, herinneringe en verliese is.

Kamptner (1989:166) meen die betekenis wat persoonlike besittings inhou, is:

- * die stabilisering van persoonlike beheer;
- * outonomie en die behoud van die eie identiteit;
- * die integrasie van die persoon van die verlede met die persoon van die hede en
- * 'n ondersteunende sosiale netwerk van interpersoonlike verhoudings.

Die mens het 'n behoefte om diensbaar en in interaksie met sy persoonlike omgewing te wees. Die afname in outonomie, status en die verliese as gevolg van aftrede of beserings of die dood van 'n eggenoot vind neerslag in die selfbeeld. Besittings bly deur hierdie veranderings die bekende faktor, maak die lewe makliker

en sommige aktiwiteite moontlik. Dis makliker om besittings as mense te manipuleer.

Besittings kan ook gebruik word om die omgewing te beïnvloed of domineer. In alle kulture is daar voorwerpe wat respek, konsiderasie en selfs jaloesie afdwing. Hier geld veral voorwerpe wat as statussimbole kwalifiseer. Ander wat daardeur beïndruk word, bejeën ook die eienaar daarvan met status en superieure kwaliteit. Besittings kan dus die verhouding tussen mense beïnvloed en selfs bepaal.

Omdat besittings die herinneringe en verbintenisse met die verlede beliggaam, kan dit 'n bron van sekuriteit, genot en troos wees.

Simbolies lewer dit bewys van 'n vroeër, ander en selfs 'n beter lewe(en styl). Kamptner (1989:147) reken dat baie van die uitdaginge in die later lewe om die persoon, sy selfidentiteit en integriteit draai. Juis dit wat vroeër die identiteit en self-waarde bepaal het, raak of is reeds verlore, byvoorbeeld fisieke agteruitgang, rolverlies, minder geleenthede vir waardevolle ervarings, sosiale netwerkverlies en devaluasie deur die samelewing. Dis nog 'n rede waarom die verlede so 'n belangrike gerontologiese kode word: hulle ignoreer die hede en leef terug in die verlede met behulp van hulle besittings. Daardeur kan hulle in M.A. Lieberman en S. Tobin (1983:259) se woorde sê: "I am who I always had been."

Besittings help om die self te handhaaf omdat dit in 'n sekere sin artefakte is van 'n mens se persoonlike geskiedenis. Voorwerpe herroep sekere gebeure en foto's vorm 'n rekord en bewaar

die bande met die voorvaders. Daardeur word ook in 'n mate aan die onsterflikheidsgedagte voldoen. Solank daar voortgeleef word in die gedagtes van ander, of daar bewyse is dat jy wel gelewe het, of 'n nageslag wat nagelaat is, lewe die persoon voort.

Hierdie voortgesette dialoog met die besittings is belangrik en selfs noodsaaklik vir die mens se selfbehoud en is 'n manier om die persoonlikheid aan ander te kommunikeer. Dit is nie net 'n simbool van die persoonlikheid nie, maar ook 'n lewensoorisig.

Elke mens ontwikkel 'n persoonlike geskiedenis en die geskiedenis word deur middel van die lewensoorisig geëvalueer. Hierdie lewensoorisigkode is 'n natuurlike en universele aanpassingsproses waar ower mense, deur die verlede terug te roep, hulle identiteit integreer en konsolideer. Deur die verlede te herevalueer en te herintegreer, kan tot beter selfkennis en tot beter kommunikasie van wie en wat hulle is, gekom word (Kamptner, 1989:177).

Die leefwyse van die bejaarde vind in die verkleinde ruimte waarin hy deur sy besittings omring word plaas. Hoe ouer, eensamer en verswakter hy raak, hoe belangriker raak die besittings om sy identiteit te bevestig. Sy waardevolste besittings mag vir 'n ander persoon waardeloos of selfs gemors wees. Culler (1988:170) voer aan dat alle besittings in twee kategorieë verdeel kan word, naamlik waardevolle (verkoopbare, versamelbare, duursame) en waardelose items. Vir die besitter is die "waardelose" items van onskatbare en onvervangbare waarde. Dit sluit onder andere momentos en souvenirs in. Dit word as gemors beskou omdat dit geen gebruikswaarde het nie, maar vir die besitter is dit bewys dat hy gelewe het, dat hy bepaalde opwindende of belangrike belewenisse gehad of prestasies behaal het. Ironies genoeg beklemtoon die

besittingskodes terselfdertyd hoe vlietend die lewe is.

Die ruimtelike kodes sluit dus besittings- of eiendomskodes, huis-, aandenkings-, verblyf- en inperkingskodes in.

2.4 VOORLOPIGE SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is getrag om aan te toon wat onder kodes en gerontologie verstaan word en dit uitvoerig toe te lig.

Die kunstenaar as mens ervaar die verouderingsproses in biologiese verval, fisiese terugslae, asook die ryppwordingsproses wat daarmee gepaard gaan. Nie alleen moet die mens aanpas by die persoonlike veranderinge nie, maar moet ook in die betrokke samelewing kultureel en sosiaal aanvaarbaar optree en vrede maak met die naderende dood. Dis 'n erkenning en aanpassing waarheen die mens genoodsaak word om te ontwikkel. Dis soms makliker om veroudering te ontken of te ignoreer.

Om die manifestasies van die gerontologiese kodes te kan herken, is 'n aantal literêre sowel as inhoudelike kodes geïdentifiseer om as raamwerk te dien by die bestudering van die poësie van kunstenaars wat in die volgende drie hoofstukke bespreek word en wat self oud genoeg geword het sodat hulle die veroudering, en wat dit meebring, uit eie ervaring kan verwoord.

Daar is iets finaals in hierdie somer,
iets bitters, weerloos, onverdiend;
dit bring 'n stygende besef van verlies -
van ou gewoontes, verwagtings en gelowe
E. van Heerden (1993:13)

3. GERONTOLOGIESE KODES IN DIE POËSIE VAN ERNST VAN HEERDEN

In hierdie hoofstuk word die gedigte van Ernst van Heerden ondersoek om vas te stel hoedanig sy persoonlike veroudering in sy gedigte gereflekteer word. Daar sal bepaal word of die temas wat aanvanklik kenmerkend van sy poësie was, deurlopend voorkom en in watter mate daar mettertyd veranderinge ingetree het. Van Heerden se gedigte word getoets aan die kodes soos uiteengesit in hoofstuk twee om aan te toon hoedanig die kodes herkenbaar in sy gedigte aangewend word.

In hierdie hoofstuk sal aangevoer word dat weerloosheid plek maak vir gedigte waarin die aftakeling, sloping en veroudering eksplisiet sowel as verhuld voorkom. 'n Hele aantal mediese verse kom voor. Daar sal aangetoon word dat die mens in Van Heerden se gedigte 'n soekende wese is: ontnugter, onvergenoegd, onvervuld en vol vertwyfeling.

3.1 INLEIDEND

Ernst van Heerden is op 20 Maart 1916 op Pearston gebore. Hy debuteer met *Weerlose uur* (1942) en volg dit op met vyftien ander bundels, afgesien van die versamelbundels en spesiale uitgawes, byvoorbeeld sy sportgedigte. Die jongste bundel is *Die*

Kannemeyer (1983:63 -65) toon aan dat weerloosheid en verganklikheid, gestaltes soos sportlui (wat mode was vanaf die veertigerjare) en belydenis- en stemmingsverse kenmerkend van Van Heerden se poësie is. Naas natuurgedigte vorm dier- en sportgedigte duidelik onderskeibare groepe. Kannemeyer meen verder dat die tema van gevangeneneming, opsluiting, verskrikking en die daarmee gepaardgaande vrees en doodsmotiewe deur Van Heerden se hele oeuvre voorkom.

3.1.1 VERANDERING VANAF 1972

Met die verskyning van *Teenstrydige liedere* (1972, hierna TL) is al die resensente dit eens dat die bundel 'n verandering in Van Heerden se digkuns aankondig (en die volgende bundels bevestig dit). Resensente soos F.R. Gilfillan (1972), P.D. van der Walt (1973), D.H. Steenberg (1974), A.P. Brink (1976). T.T. Cloete (1973) is dit eens dat daar tematies, verstegnies en wat die toonaard betref, 'n verandering en verdieping gekom het. Dit geld ook vir die daaropvolgende bundels, naamlik *Tyd van verhuising* (1975, hierna TV); *Kanse op 'n wrak* (1982, KW) waarby *Ysterwoud* (oorspronklik 1976 ingesluit is), *Die swart skip* (1985, SS); *Amulet teen die vuur* (1987, AV), *Kwadratuur van die sirkel*

1. Van Van Heerden verskyn die volgende bundels: *Weerlose uur* (1942), *Verklaarde nag* (1946), *Die sewe vrese* (1951), *Die bevryding* (1952), *Reisiger* (1953), *Koraal van die dood* (1956), *Die klop* (1961), *Anderkant besit* (1966), *Teenstrydige liedere* (1972), *Tyd van verhuising* (1975), *Die ysterwoud* (1976, 'n faksimile-uitgawe), *Veertien verse* (1979, bibliofiele uitgawe), *Kanse op 'n wrak* (1982), *Die swart skip* (1985), *Amulet teen die vuur* (1987), *Kwadratuur van die sirkel* (1990), *Najaarswys* (1993), *Sportgedigte* (1993) en *Die herfstelike lig* (1996).

(1990,KS) en *Najaarswys* (1993,N). Die resensies van laasgenoemde bundel se koppe dui onteenseglik die gerontologiese aard van die bundel aan, byvoorbeeld: "Lewe vol ervaring, herinnering en hoop lê agter die rug" (George Boshoff, 1993); "Ontgogeling in die najaar" (Cloete, 1993); "Poësie is neerslag van wysheid en pyn" (Van Coller, 1993) en "Uitgesproke najaarsbundel" (A.P. Grové,1993).

Die bundel *Teenstrydige liedere* (1972) verskyn wanneer die digter 56 jaar oud is. In die moderne samelewing is dit nog betreklik jonk, maar vanaf hierdie bundel neem die gerontologiese kodes in die opeenvolgende bundels toe totdat 'n hele afdeling in *Amulet teen die vuur* (1987) aan die ouderdom gewy word. Die opvolgbundel, *Najaarswys* (1993), kan gepas as 'n najaarsbundel beskou word. Die amputasie van die digter se bene lei tot 'n subjektiewe waarneming van die slopingsproses. Kort na *Tyd van verhuising* (1975) se verskyning verwys die digter in 'n onderhoud met Hans Ester (1976) na die verandering en aanpassing wat hy moes maak na die traumatiese ervaring. Hy beskryf dit as:

- 'n verandering in my fisiese toestand waardeur ek dinge in 'n ander perspektief sien, 'n nuwe skaal van waardes ontwikkel en my lys prioriteite heroorweeg.

Hierdie fisieke verandering vind duidelik neerslag in Van Heerden se gedigte waarin die noodsaaklike aanpassing verwerk word. In sy vroeëre bundels is die leser deeglik bewus van die bewegende krag in die sportgedigte. Cloete (1973) toon aan:

... algaande het dit in sy gedigte al meer geestelike krag geword wat alles deurdring, die aarde selfs, maar ook die digter as deel van die aarde.

In *Anderkant besit* (1966) was daar nog 'n sportgedig. Opvallend

is die afwesigheid van sportgedigte in die daaropvolgende bundels, maar die gestaltesvers word steeds beoefen. In die gestaltesvers word die ouderdom dikwels geobjektiveer, vergelyk byvoorbeeld "Dawid-Leeu" (SS,12), "Die tuismeganikus" (SS,20), "Senior burgers" (SS,21). Wat opmerklik is, is die terugskouing en herinneringe, veral ten opsigte van die jeugjare; 'n afwagting vir die einde; daar is 'n soeke na antwoorde om die menslikheid te deurgrond; daar word gesoek na 'n versoening van teenstrydighede rondom die sentrale tema van verval. Nuut is die gedigte rondom die werkerstema.

In Van Heerden se soeke is hy bewus daarvan dat die mens voortdurend moet waak teen 'n vrugtelose lewe wat kan uitloop op stagnasie. Daarom voel die digter verplig om rekenskap van sy verantwoordelikheid te gee. Saam met die siekte en sloping word opsluiting, gevangeneming, verstriking en die daarmee verwante vrees- en doodsmotiewe duidelike temas. Dit sluit die frustrasie en bitterheid wat daarmee gepaard gaan in.

Hiermee saam kom 'n verandering in die ruimtebenutting en beeldgebruik. Die ruimte word gekenmerk deur inperking, maar daardeur kom ook 'n kyk van binne ('n verkleinde, ingeperkte wêreld, en geestelike kyk) na buite. Afgesien van die verkleinde binnenshuise ruimte met die volle gang van die lewe en natuur daarbuite, is die buiteruimte dikwels 'n nag- of winterlandskap wat metafories op die dood sinspeel. Dit vorm 'n teenstelling met Van Heerden se vroeëre buiteruimtetradisie.

In *Tyd van verhuising* (1975) sluit die vertraagde tempo van die gedigte wat vorm en inhoud betref, hierby aan. Hierdie verskynsel sal later in dié hoofstuk (3.5) verder ondersoek en toegelig

word. So sal daar ook aangetoon word dat die versvorm duidelik vryer en losser as voorheen is, maar steeds baie fyn afgerond.

H.C.Lehman (1953) toon in 'n studie oor kreatiwiteit by die ouer persoon aan dat die gehalte daarvan wissel en dat by iemand wat volgehou produseer, se bydraes in die ryper jare dikwels 'n rekonstruksie of hersiening van vroeëre werk is. By Van Heerden is dit opvallend waar van die vroeëre temas. Daar vind egter 'n verruiming plaas. Verganklikheid was van meet af aan 'n tema in sy digkuns, maar die persoonlike ervaring van sloping en aftakeling verleen 'n ander dimensie en 'n verdieping van dié tema. Selfs in hierdie latere bundels is hersirkulasie en progressie ten opsigte van sekere temas en verwysings opmerklik. In "Woordpensioen" (SS,42) word die ouetehuis "Avondrus" en die begraafplaas "Mon Repos" beplan. "Avondrus" (KS,15) word "Ouetehuis" (N,13).

Daar sal getrag word om in hierdie hoofstuk aan te toon watter middele deur Van Heerden aangewend word om die ouderdom te beweer; hoe hy die werklikheid konfronteer en daarmee afreken; hoe die gerontologiese kodes in sy gedigte algaande toeneem; hoe die eienskappe wat sy vroeëre digwerk kenmerk vanaf die fokus op die fisieke krag na die klem op die geestelike krag verskuif; hoe die slopingsproses in die hele wêreld om hom waargeneem word en in homself ervaar word; hoe die ruimte as gerontologiese kode benut word; hoe hy bestek opneem van die verlede, die hede met sy aanpassingsprobleme en die toekoms.

3.2 GERONTOLOGIESE KODES IN BUNDELTITELS, SUBTITELS EN MOTTO'S

Twee bundels,¹ hulle subtitels en motto's word nou as voorbeelde gebruik om aan te toon hoedat die ouderdomskodes daardeur weer-spieël word.

Tyd van verhuising (1975) is die bundel waarin die verandering wat in *Teenstrydige liedere* (1972) ingetree het, bevestig word. Daarom begin die ondersoek daarmee. Daarna kom die bundels volgens hulle verskyningsdatums aan die beurt.

3.2.1 TITEL: *TYD VAN VERHUISING* (1975)

Die titel *Tyd van verhuising* (1975) dui eufemisties op die dood, en op 'n verandering in die bestaande toestand, 'n fisiese, persoonlike verandering wat tot 'n eksistensiële krisis kan lei. Verhuising word 'n sterk godsdienstige motief, met ontsaglike nederigheid en piëteit aangedurf. Verhuising gaan soms gepaard met redding soos Israel se redding en trek uit Egipte en die brandende braambos by die aankondiging in "Vuurboom" (1975:3). *Tyd van verhuising* (1975) is 'n bundel van afskeid en rypheid waarin die huidige gebrokenheid herinneringe van 'n afgelope lewe, wat goed was, herroep. Die gedigte gemoeid met die dood is gedigte van die lewe omdat die dinge van die dood en die lewe saam loop. Die gedigte druk 'n hele lewe met al sy verlangens, vreugdes en teleurstellings uit en dit kan slegs by die ouer, ryper kunstenaar voorkom.

Die gedigte word verslae van die universele menslike lyding en

1. *Tyd van verhuising* (1975) en *Amulet teen die vuur* (1987). Slegs die titel van *Kanse op 'n wrak* (1982) word ter illustrasie gebruik.

heroïese worstelstryd. Van kampioen en kragatleet tot enkelmens, banneling, voëlverskrikker, slaapwandelaar. Verhuising is 'n verandering wat die totale menswees raak. Dit veroorsaak 'n breuk met bekendes, die vertroude ruimte en verg aanpassing in die onbekende. Dit kring uit van die intens-persoonlike na die gemeenskap en nasionale. Die slopingsproses veroorsaak nie net verval nie, maar vernietig alles sodat dit uiteindelik weer tot stof terugkeer. Dit sluit die pyn van die worsteling teen verganklikheid in. Bewuswording van die tydelike aard van die lewe en die onafwendbare konfrontasie met die dood is die finale verhuising. Verhuising en aftakeling word deurlopende kodes.

3.2.1.1 ONDERAFDELINGS: TYD VAN VERHUISING (1975)

Die onderafdelings van *Tyd van verhuising* (1975) is getitel "Grensskending", "Vertraagde tempo" en "Vir die laksman". In eersgenoemde word die jeug enersyds as ongekompliseerde wêreld en toevlugsoord bekyk waar dinge onbelemmerd, heel en skoon is. Andersyds word die ouderdom (as hede) met die gepaardgaande aftakeling, sloping en siekte betrag. Die gedigte word die verslae van 'n grensskending, 'n inval wat dwing tot verhuising.

3.2.1.1.1 "VERTRAAGDE TEMPO"

"Vertraagde tempo" beskryf die huidige toestand met sy belemmerde beweging. Skryf is 'n manier om die menslike bestaan te deurgrond, te verken, te sublimeer en te orden. 'n Vertraagde tempo is deel van die digter se toekoms. Aftakeling word feitlik 'n "via dolorosa-verslag" in "Drukwerk" (TV,26). In hierdie gedig "stap Adam// en sy voete proe// die ongebonde heerlikheid//" wat

die paradys ken, later "strompel hy" met stompies waaruit "wonderose bloei" ("Droom", TV:39). Nagmaal word wondbeswering teen pyn en verganklikheid. In "Verandering" (TV,28) "voel ek die aardepols verflou" en in "Huisbaas" (TV,25) "word my dae ingekontrol// soos vrye vlieërs van weleer".

3.2.1.1.2 "DIE LAKSMAN"

Die laksman, naamlik die voltrekker van die vonnis, is die volledige inperker van die individuele en gemeenskaplike vryheid.

Ook die motto uit *King Lear* bevestig die gerontologiese uiteinde van die mens:

*Men must endure
Their going hence, even as their coming hither:
Ripeness is all. Come on.*

Die mens moet bereid wees om die ouderdom te aanvaar, aangesien daar geen ander keuse is nie. Die positiewe eienskap wat as troos moet dien, is die rytheid wat met die ouderdom kom.

3.2.2 BUNDELTITEL: *KANSE OP 'N WRAK* (1982)

Die bundel wat *Tyd van verhuising* (1975) opvolg, is *Kanse op 'n wrak* (1982). Die titel gee reeds 'n aanduiding van semantiese meerduidigheid, naamlik die moontlikheid om skipbreuk te ly, moontlikheid om skipbreuk te oorleef, moontlikheid om 'n vaartuig (nou 'n wrak) as oorlewingsmiddel aan te wend, (nuwe moontlikhede wat daaruit voortvloei). Dié meerduidigheid word deur die gedig-inhoude in die bundel bevestig. Dit wys op onsekerhede wat die hele eksistensie bedreig. Ou sekerhede word herwaardeer. Die liggaam word stadigaan 'n wrak en ouderdom en verganklikheid is

nie net 'n moontlikheid nie, maar voldonge feit. Wrak impliseer skip, reis, bestemming, lewensreis en onbekende bestemming en is dus ook gerontologiese metafore. (Vergelyk reismetafore in hoofstuk 2, 2.2.2.5.) Die weerloosheid kry in hierdie bundel groter dringendheid, direktheid, sonder sierlike taal. T.T. Cloete (1983:103) beveel aan dat *Kanse op 'n wrak* saam met Eybers se *Bestand* (1982) en S.J. Pretorius se *Serusiet* (1983) gelees moet word.

Die verminkte mens is 'n sigbare voorbeeld van 'n metaforiese wrak wat onkeerbaar dryf na apokalips en oordeel. Die mens se enigste hoop is rypwording, aanvaarding en hergeboorte.

3.2.3 BUNDELTITEL: *AMULET TEEN DIE VUUR* (1987)

Die bundeltitel *Amulet'teen die vuur* (1987) vereis dat 'n mens die woorde elkeen afsonderlik moet bekyk. 'n **Amulet** is 'n voorwerp met heilsame mag, 'n afweermiddel wat gedra moet word teen siektes, agteruitgang, ondergang uitwissing en dood. Dit moet ook die goeie aantrek. Die **vuur** waarteen gewaak moet word, is nie net persoonlik van aard nie, maar ook politiese en apokaliptiese bedreiging van 'n bepaalde bestaansruimte. Rena Pretorius (1987:15) beskou vuur as 'n parallel vir die lewe met sy slopende magte, eensaamheid, honger, verskrikking en terreur, bloed en oorlog. Vuur word veral stroping en loutering tot nuwe groei.

Elke vers word 'n amulet, 'n towerkragtige voorwerp om rampspoed en ouderdom af te weer. 'n Amulet is nodig teen blootgesteldheid en bedreiging en aftakeling want vlees is kwesbaar en die digter is gevangene van sy eie element. André P. Brink (1987:28) bevestig:

Poësie, die woord, as prekêre amulet teen 'n wêreld van bedreiging, vernietiging en vereensaming, en bowenal teen 'n onafwendbare apokalips, is 'n element van vroeg af in Van Heerden se poësie ingebed.

Die subtitels van die bundel is: "Volgende asseblief", "Kannelure", "Insidenteel" en "Korridor".

3.2.3.1 ONDERAFDELINGS: "VOLGENDE ASSEBLIEF"

Met "Volgende asseblief" word daar onder andere assosiasies met 'n dokter se spreekkamer en 'n voorspel tot onheil en ondergang geskep. Elkeen sal ten opsigte van die ouderdom en dood aan die beurt kom. "Die valkenier" (AV,11), toon die mens in sy beperktheid, "Sewentig plus" (AV,12), dui op die komende onheil en dood en bevat raakpunte met Eliot se "Waste land", "Die sampioenplukker" (AV,13) bevat seksuele suggesties en is 'n illustrasie van die digter se skeppingsproses. "Die nudis" (AV,19) se aftakeling tot grimmige "wulpse skelet", herinner sterk aan Elisabeth Eybers se "Röntgenfoto" (159)¹ en Peter Blum se gedigte. 'n Manier om 'n mens se eie veroudering (of enige ander krisis, ontreddeering) te verwerk, is om tot die besef te kom dat dit onontkombaar, vir almal beskore is.

3.2.3.2 "KANNELURE"

Kannelure is die groewe in 'n suil, nie net chronologies opeenvolgend nie, maar ook in die rondte. Die woord "Kannelure" bevestig die patroon van opeenvolging, sekvensie en verwys ook na 'n volgende rubriektitel, "Korridor", waar die begrip kannelure -----

1. *Die helder halfjaar* (1956). *Versamelde gedigte* (1990) word in hierdie studie as verwysingsbron gebruik.

verband hou met 'n lang reeks suile . 'n Groef waaruit nie ont-snap kan word nie, is die vaste patroon. Hierdeur word bevestig dat die mens vasgevang is in die ouderdom. Daar is net een pad wat gevolg kan word in die lewe en dit is die pad na die ouderdom, soos in die bundelmotto aangetoon. Dit bevestig reismetafore (2.2.2.5) as gerontologiese kodes.

3.2.3.3 "INSIDENTEEL"

In die afdeling "Insidenteel" is daar 'n reeks opeenvolgende groewe, mitologiese figure, voorgangers en wegbereiders. Hierdie opeenvolging suggereer dat wat nou gebeur, alreeds was, en is ook omen vir wat voorlê, soos bevestig in die gedigte: "Sewentig plus" (12), "Appels" (18) "Die wroegende" (67) en "Ordes" (69).

3.2.3.4 "KORRIDOR"

"Korridor" dui op gang, drukgang, deurgang, verbindingsgang, verband tussen begin en einde, oorgang na iets (beters?), ook die verloop, waar die dood in alle gevalle aan die einde lê. **Gang** as tydsverloop word dikwels in verband met die mens se lewe gebruik. (Vergelyk tydmetafore in hoofstuk 2, 2.2.2.4.) Omdat die verse in die teken van dood staan, is dit terselfdertyd 'n afrekening met die liggaam soos in "Soeker" (AV,71) en "Eengesprek" (AV,72). Hierdie afrekening met die liggaam toon ooreenkomste met geesge-note soos Michelangelo en Elisabeth Eybers. In "Vooroefeninge" (AV,80) kom die spreker tot die besef van die uniekheid en die onherhaalbaarheid van die mens. "The truth of masks" (AV,83) gee 'n inventaris van die maskers wat die digter dra, maar toon ook begrip vir wanneer die laaste masker val aan die einde van die

korridor. Masker sluit aan by mediese ondersoeke en dus ook by die eerste subtitel/rubriek. Teenoor die inperking van die korridor is daar uitsig op die heelal, vorentoe, sowel as terugskouend. Die wegkyk van die liggaam op vergesigte vorentoe dui op geestelike groei, soos die liggaamlike vermoëns afneem, neem die geestelike vermoëns toe.

Dit is die bundelmotto en rubriektitels in *Amulet teen die vuur* (1987) wat dit onomwonde stel dat daar vir die mens geen ander opsie is nie as om, soos al die ander voor hom, die verpligte pad van die ouderdom te loop. Saam met die ander bundeltitels word dié pad een van aftakeling wat uiteindelik in die dood eindig. Ouderdomskodes in die bundeltitels en gedigte kan nie misgekyk word nie.

3.3 BIOLOGIESE VEROUDERINGSKODES

Wanneer die pyn se duimskroef
bors en ledemaat geknelter hou,

voel ek skielik oud
soos die geplooid tronie van die see,
gelitteken soos kraters op die maan

E. van Heerden (1993:64)

Waarneming van die slopende krag van die ouderdom word oor die hele spektrum raakgesien. Soos wat skoonheid lê in die blik van die aanskouer, lyk dit asof die bejaarde digter die aftakelingsproses in die mens, dier en omwêreld - natuur en struktuur - ervaar.

Aanvanklik word die aftakeling objektief en op 'n afstand betrag, soos in "Ouperd" (KW,43). In 'n tweede groep gedigte soos by "Moeder" (TL,13), word die biologiese en verstandelike sloplingsproses geskok waargeneem met die besef dat die geliefde reeds

"wegsterwe" deur die proses wat voltrek moet word. Die algemene gesindheid waarmee die ouderdom bejeën word, blyk duidelik uit die spreker se gefokaliseerde waarneming van ánder se veroudering. In die derde plek ervaar die spreker algaande die aftakeling aan eie lyf.

3.3.1 OBJEKTIEWE OUDERDOMSWAARNEMING

In die volgende onderskeidings van ouderdomswaarneming word aangetoon hoedat die ouderdom, as iets wat aanvanklik ver in die toekoms lê, eers objektief waargeneem word. Soos 'n mens ouer word, word hierdie waarneming geleidelik subjektiewer. Die eie ouderdomservaring kan nie anders as subjektief wees nie.

'n Hele aantal van Van Heerden se gedigte weerspieël 'n objektiewe weergawe van die gevolge van ouderdom. So toon "Ouperd" (KW,43) se poëtiese beelde wat nie altyd vleierend is nie, die algemene gesindheid waarmee veroudering bejeën word. Die perd met sy "gehapte maanhaar", die huid "vlekkerig en melaats" en "holrug" en "knol" kontrasteer dié dier wat vroeër na "die sterre kap-kap-kap" met "gekrulde stertpluim// in die golwing van die galop". Hierdie selfde perd het, noudat hy oud is, 'n "onritmiese knobbelskof".

"Ou man in dekstoel" (TV,11) toon dat die oue nie meer heeltemal beheer het oor sy liggaamsfunksies nie, as hy "natneus snorkerend, oopmond" dut, die wind sy "grys donse" lig en hy "berus reeds in wat hy diep verborge weet:// die speelsheid van die dood".

"Die soeker" (KW,11) toon hoe die ou visser skraler word en "traer in sy hinkende gang". "Werktuigkundige" (TL,50) toon die

werktuigkundige in verhouding met sy "staal-minnaresse wat "uitgestal staan",

oopgesper en opgedomkrag:
soos vroue met die rokke hoog,

Die probleem is egter dat hulle 'n bron van kommer is vanweë hulle "rammeling, kranklikheid, slytbaarheid, moedswilligheid". En die probleem is om met behulp van 'n "magdom komponente" die jeugdige ongeskondenheid te herstel: "tot 'n maagdom terug te voer?"

Die gedig "Tuismeganikus" (SS,20) word 'n illustrasie van die onbeholpenheid en liggaamlike lompheid wat sinoniem met veroudering is. Die ouderdom hou allerlei bedreigings vir die vakman in veral omdat die instrumente nie meer met dieselfde vaardigheid as vroeër hanteer kan word nie. Vergelyk byvoorbeeld: "knutselende hande", "werskaf", "lewervlekkig die hande" en die gebruik van die gereedskap word metafoor van die persoonlike onmag:

Maar ai, die klophamer en moersleutel
word onhandiger en soos 'n ou knie stroef,
en as leep-oë so vervagend water,
hoe soek mens na die regte skroef?

Maar daar's 'n wete: beitels word onwenniger,

"Seekoei" (AV,20), "Avondrus" (KS,15), "Ouetehuis" (N,13) en "Vogte" (N,56) bevestig die gerontologiese aftakeling.

Dis baie makliker om ander mense se veroudering waar te neem as die eie, soos in "Ouma en kleinseun" (AV,32). Reeds met die teenstelling in die titel word die leser bewus van die tydsverloop en die twee kante van die lewensloop, naamlik jonk (klein-seun) en ou-(ma). Die lelikheid van die ouderdom word vasgevang in die "baardskyn op haar bolip", teenoor die melkbaard van die kleinseun. Ander gerontologiese kodes kom voor in die beskrywing van

haar hande: "so glad soos elpebeen,// die are kronkelend soos droë lope", asook die versteurde slaappatroon: "onrustige en onderbroke slaap".

Die kleinseun neem hier die ouderdom by die ouma waar. In "Lyer" (N,35) dien die ouma as spieël vir die spreker se eie ouderdom wat hom dwing om die waarheid geskok te aanvaar:

want jy kan sien hoe ek
meer en meer na Ouma lyk:
die yl-bebaarde bolip,
kwylmond en verlepte oë,
die ingesakte wangvlees

sigbaar
parodie en skynstuk
vir dit
wat eintlik manlik fier moet wees.

Die spreker se moeder is wat ouderdom betref, nader aan die spreker as die ouma. Die ouma was onteenseglik reeds oud. Met die belewing van die moeder se ouderdom en aftakeling bring dit die spreker ook nader aan die ouderdom en aftakeling. Die vernedering wat met die ouderdom gepaard gaan, blyk uit die besef dat 'n viriele jong man afgetakel raak sodat hy later gelyk gestel word met 'n ou vrou.

MOEDER (TL,13)

Sy't kleiner geword,
byna kromgetrek,
met spier en vel verval
en ledemate stokkiesdun
- klein skim van vroeër -
tot in die uiterste vernedering:
die oumens-baba-bed,
met tralies,
en nursies om aan vas te hou;
waar elke só
privaat bedryf

gedeel word met 'n ander
wat voer en troos en bak-hou...

Verstand se drade slyt reeds sigbaarder
en Elise en Ernst se name loop deurmekaar,
soos <<kom>> en <<gaan>>
en <<hallo, liefie>>,
<<tot siens, my kind>>;

verbysterd staan ons,
sien elke dag
'n ander stukkie
van ons warm bekendheid
- oog, hare, handgebaar,
en winteraande
op 'n stil klein dorp -
wegsterwe.

Die liggaamlike en geestelike aftakeling asook die vernedering as gevolg van die persoonlike verlies aan waardigheid, word hier waargeneem. Alhoewel dit die moeder is wat waargeneem word, is dit 'n objektiewe kyk na hoe ouderdom sloop.

In die eerste strofe word die tipiese herkenbare biologiese kodes geëien: "kleiner", "kromgetrek", "vervalle" vel en spiere, "ledemate stokkiesdun". Soos 'n baba moet sy in 'n bed met tralies lê. Met die beeld van "oumens-baba-bed" word die volwassene tot die hulpelose toestand van 'n baba gereduseer. Soos 'n baba moet sy versorg, vasgehou, gevoer, vertroos en skoongemaak word, sonder dat sy enige sê in die saak het. Haar privaatheid word haar heeltemal ontnem en ander besluit vir haar.

Die tweede strofe toon die verstandelike agteruitgang. Sy ondervind moeite om haar kinders te onderskei, hulle name asook teenoorgestelde begrippe soos "kom" en "gaan" word verwar.

Die kinders wat hierdie aftakeling waarneem, sien nie net die verval nie, maar kom tot die besef dat ouderdom die mens, tot sterwens toe, onherkenbaar aftakel.

3.3.2 SUBJEKTIEWER OUDERDOMSBELEWING AS KODE

Meer subjektief en nader aan die spreker kom gedigte waarin die

ouderdom 'n meer persoonlike aard verkry. Reünies is geleenthede wanneer die mense wat mekaar geruime tyd nie gesien is nie, se veroudering opvallender voorkom en daarmee ook die besef van die waarnemer se veroudering. Hierdie feit word deur "Familie-reunie" (SS,14) weerspieël. Die afgeleefdheid en nutteloosheid van hierdie familieleden word vergelyk met "skrootyster" "gefossiliseerde varings in 'n oerboomstam". "Onthou-jy-nogs", "liddorings" "spoggerige lakleer// vertoon al barsies soos skurwe hande", "geriatriese katte", "lagplooitjies", "ou almanakke" (bewys van geboorte-, sterf-, verjaarsdae) is sigbare ouderdomskodes. Dit is juis by reünies wat die mens pynlik bewus raak van die mate van veroudering wat by veral tydgenote ingetree het. Daarby dwing dit die toeskouer of tydgenoot tot die besef van sy eie veroudering: "en verhul al moeiliker// 'n weersin teen die weersien".

Hierdie universele en onontkombare lot van die mens ten opsigte van veroudering word verder beklemtoon deur die natuurgedigte waarin die seisoene en natuurverskynsels voorkom, soos "Droogte-ballade" (SS,67). Die droogte veroorsaak dat "sappe verdik en wil stol". Net so "onbarmhartig verpulver die brein" as gevolg van die ouderdom. Die metafore vertoon ooreenkomste met dié wat Bromley geïdentifiseer het wat houters, inhoud en die verlies aan liggaamsvog insluit (hoofstuk 2, 2.2.2.1). Reën sal uitkoms bied en is noodsaaklik vir oorlewing, maar vir die ouderdom is daar geen redding nie. Metafories word die ouderdomskodes dus bevestig.

3.3.3 PERSOONLIKE OUDERDOMSERVARING AS KODE

In 'n derde groep gedigte word die persoonlike ouderdomservaring

van die spreker weergegee. Dit sluit onder andere "Klein himne aan die ouderdom" (KW,8) en "Littekens" (KW,21) in. Albei die gedigte doen verslag oor 'n hele lewenseletsels wat op die liggaam nagelaat is deur ou beserings. Die letsels het ook die gees aangetas: "so word die ondiep geneesbare kwetsure// net vóórspel vir die ongenesing van die hart". Dit is veral die biologiese kodes wat in gedigte soos "Lacrimae rerum" (KW,52), "Dawid-Leeu" (SS,12), "Senior burgers" (SS,21), "Voorspooksele" (AV,29), "Mislukte ontmoeting" (AV,48), "Lyer" (N,35), en andere aan bod kom.

Dat die ouderdom 'n universele verskynsel is, en geen mens daaraan kan ontsnap nie, word ironies deur die dubbeldoortitel van twee konings, naamlik Dawid en die koning van die diereryk in "Dawid-Leeu: (SS,12) aangetoon. Terselfdertyd word die tweede deel van die titel metaforiese verwysing na Dawid se krag wat in die ouderdom verval tot onmag.

DAWID-LEEU (SS,12)

'n Portret

Songeel van sy vroeër maanhaar
is met spikkels grys besoedel,
een slag tand het reeds
in die slag gebly,
ou kloue hunker
na 'n stewiger en doelgerigter pas.

'n Kudde ver bespiedbaar
maak kwylbek van 'n skrale troos
en word 'n bitter
mankementsbevestiging.
Oerbrul van die grommer
word met die jare
minder grommend
en yler dreigement
vir jongbok in die waterleegte,
as al wat grasie
en bruinboud-sierlikheid is,
sy buitelandse luste wek.

Die ooitjie van die daeraad
sprankel soos 'n bruilofslied:
parabioties
maar half teësinning
kom Abisag
in vleigang nader,
waar ek,
artritities en so onbekwaam
die hardste bene kou.

Die dubbeldoortitel verwys met die eerste oogopslag na twee konings, naamlik die groot koning van Israel, asook die koning van die diereryk. Dawid word in die Bybel ook die "Leeu van Juda" genoem. Terselfdertyd is die titel 'n metaforiese verwysing na Dawid se krag. Aanvanklik word die leeu se veroudering in die derde persoon geskets, maar in die slotstrofe is die verwysing met behulp van Abisag duidelik na Dawid in die eerste persoon.

Biologiese kodes toon dat hierdie 'n gerontologiese portret is. "spikkels grys", "een slag tand het reeds in die slag gebly", "ou kloue" "bitter mankementsbevestiging", "minder grommend// en yler dreigement" en "artritities en so onbekwaam" skilder die letsels en die afname in vitaliteit as gevolg van ouderdom. Die ouderdom as negatiewe ervaring word weergegee met die grys hare wat "besoedel" en die onooglikheid bevestig met die tand wat al uit is ('n tipiese ouderdomsverskynsel) en "bitter mankementsbevestiging".

Deur die jukstaponering van jeug en ouderdom word die mens se verval skerp geteken:

songeel van vroeër maanhaar	- spikkels grys besoedel
grasie/bruinboudsierlikheid	- mankementsbevestiging
vleigang	- doelgerigter pas
oerbrul van die grommer	- minder grommend/yler dreigement
ooitjie/ bruilofslied	- artritities en onbekwaam

Aftakeling vind progressief plaas. Die eerste tekens van ouderdom

is die grys spikkels in die hare. Die tande en kloue is die belangrike instrumente waarmee die prooi platgetrek moet word. Daarby is vaart en doelgerigte optrede nodig om die prooi te vang. Met die grom en brul word die leeu se gebied en heerskappy bevestig. Dis die aantasting op hierdie vlakke wat die leeu tot magteloosheid reduseer. Hy verloor dus nie net sy krag nie, maar ook sy prestige as leier van sy trop; koning van die diere.

Aftakelingsprogressie word aangetoon vanaf die aanvangswoord "songeel" wat na die jeugjare verwys tot met die slotwoord "kou" wat nie net op eet dui nie, maar ook op koue, die verlies aan liggaamstemperatuur en die uiteindelijke uitvloei van die lewe.

Ironies dat juis die tandelose harde bene moet kou. Waardeur die onmag weer eens beklemtoon word. Deur hierdie idiomatiese uitdrukking wat swaarkry beteken, word die leeu-metafoor waar die leeu letterlik bene kou, betrek.

Die ou leeu is nie meer deel van die daaglikse aktiwiteite nie, maar moet dit op 'n afstand waarneem. As nuttelose, kragteloos en onbruikbare bejaarde is hy nutteloos in die sosiale bestel.

Dis nie net op oorlewingsvlak wat die ouderdom aftakel nie, maar ook op die seksuele vlak. Seksuele konnotasies word reeds gesuggereer met "grasie, "bruinboudsierlikheid" (waarneming), en bevestig met die "buitelende luste" wat daardeur opgewek word. Woorde soos: "bruilofslied" en "parabioties" (natuurlike of kunsmatige vereniging van twee individue) sluit in 'n ironiese sin aan by die seksuele verwysings want onbekwaamheid maak die vereniging onmoontlik.

Die ooitjie wek die leeu se eet- en jaglus op maar dit bly slegs 'n verlange en lei vanweë die ouderdom nie tot aksie nie, maar word juis 'n "mankementsbevestiging". Kragtige heerskappy verval tot impotensie. Die "ooitjie van die daeraad" (ooi as spreek- en idiomatiese verwysing na 'n jong meisie) word metafoor vir Abisag wat by Dawid moes slaap (1 Kon 1). Hy was al baie oud en selfs wanneer hulle hom baie goed toegemaak het, kon hy nie warm word nie. Daar word pertinent gemeld dat Dawid nooit geslagsgemeenskap met haar gehad het nie. Hierdeur word die dier (leeu) maar ook die mens se onmag as gevolg van die ouderdom bevestig.

Die vergrotende trap van vergelyking moet enersyds aantoon waarna hy (Dawid en leeu) strewe, naamlik: "stewiger en doelgerigter pas" waartoe hy nie meer in staat is nie, en andersyds die aftakeling. In plaas van stygende norm word die vergrotende trap van vergelyking 'n dalende norm in: "minder grommend// en ylere dreigement".

Die magteloosheid waartoe die ouderdom die sterkste en bekendste reduseer, is die lot van elkeen.

Aanvanklik, by die jonger persoon, is daar ouderdomswaarneming en word slegs die uiterlike ouderdomstekens by ander raakgesien, maar wanneer dit aan eie lyf ervaar word, kom die besef van die aftakeling, verlies en magteloosheid wat daarmee gepaard gaan. Hierdie ouderdomservaring word naak en eerlik deur die digterspreker verwoord.

3.4 SOSIAAL-GERONTOLOGIESE KODES

Die mens as sosiale wese lewe in interaksie met sy medemens. Die samelewingsnorme kategoriseer 'n mens se lewensfases en die ver-

wagte optrede. Daarom sal 'n ouetehuis 'n logiese sosiaal-ruimtelike gerontologiese kode wees.

OUETEHUIS (N,13)

Aan 'n weerstandige stoppelken word gepluk
om te bevestig:
stellig is vandag te druilerig vir skeer
en is dit gerade om genote se geklets
berekend te vermy
en liewer die beblaarde tuinpad op te soek;

stap dan al flinker by beddinkies verby,
verlos die bors van hoes en spoegklont,
versnel al sekerder die pas
en swaai die arms woens en militêr
vir ou geheues se oggendgimnastiek;

soos:
die vroeër skop en huppel, oor latte sweef,
om sonder swaarte die aarde vlinderfyn
met lugtige tred net aan te raak -
hoe moeiteloos kon hy die las verduur
wat streng teen skouerblaaie dwing;

maar nou word regopstrewing moeisamer,
want onsigbare terdeë kneukels
werskaf kneënd teen die boggelskof;
wat 'n leeftyd agteruit hanteerbaar was,
word geleidelik ontsenuwend tarra-swaar
as Atlas nader na die grond moet buk.

Die gedigtitel kondig reeds aan dat hier na 'n bepaalde groep mense in die samelewing verwys word, naamlik bejaardes wat van die res van die samelewing afgesonder is en die kwalifiserende ouderdom bereik het om in die ouetehuis te kan woon. In *Kwadratuur van die sirkel* (1990:15) heet die ouetehuis "Avondrus", 'n tipiese eufemistiese benaming vir 'n ouetehuis. Metafories word daardeur aangetoon dat die lewensreis sy einde nader. 'n Ander siening wat deur die naam verrai word, is die mening wat deur die samelewing gehuldig word, dat wanneer iemand aftree-ouderdom bereik het, hy klaar gewerk het en nou net moet rus. In "Woordpensioen" (SS,42) beplan die stadsraad "Avondrus" (ouetehuis) en "Mon Repos" (begraafplaas) met dus dieselfde geykte, eufemistiese

benamings.

In "Ouetehuis" word die onproduktiwiteit van die inwoners vanuit die staanspoor aangetoon met die ongeskeerde toestand en die onbenullige gepraat (geklets). Die bebaarde inwoner soek die (ewe onversorgde) beblaarde tuinpaadjie op. Wanneer hy die genote agterlaat, kan hy deur flink te stap, die druilerigheid afskud. Al swaai hy die arms "woes en militêr", is dit slegs in sy geheue wat sy vroeëre grasieuse en moeitelose oefening kan bestaan. Die teenstellings beklemtoon die agteruitgang van die ouderdom.

Die bewegingswoorde in die gedig onderstreep nie net die ouderdomslas op die liggaam nie, maar ook die grasie, krag en vaart van die jeug. Die jeugdige bewegings "skop", "huppel", "sweef", "vlugtige tred", toon hoe "moeiteloos" bewegings voorheen was. Atlas, een van die Titane, is deur Zeus gestraf vir sy deelname aan die Titaanse oorlog. Daarom moes Atlas die hemel op sy skouers dra (weghou van die aarde af). Die mens gaan progressief agteruit. Daarom word dit wat in die verlede hanteerbaar was, onhanteerbaar swaar en word die las wat die mens grondwaarts dwing met die las wat Atlas moes dra, vergelyk. Die las word progressief aangedui deur: "regopstrewing moeisamer"; "kneukels wat teen 'die boggelskof druk", "tarra-swaar", "nader na die grond moet buk". Boggelskof bevat in die samestelling van die woord die krom houding wat met ouderdom gepaard gaan asook die skof (soos by 'n trekdier) waarop die las gedra moet word. Deur dít wat is en dít wat was (en waarna gestrewe word) saam aan te bied, word die ontkenning van die ouderdom, asook die hopeloosheid van verzet uitgelig.

Die strofepou en -tempo hou direk verband met die inhoud. Die

eerste en slotstrofes waarin die oue van dae uitgebeeld word, handhaaf 'n trae tempo. Met behulp van lang vokale en geslote lettergrepe waar die plofferklanke veelvuldig voorkom, word die traagheid van beweging nageboots: "maar nou word regopstrewing moeisamer// want onsigbare terdee¹ kneukels//". Die versnelde tempo wat die vinnige beweging moet onderskryf, word bevorder deur die assonerende a-klanke, die allitererende s-klanke en kort geslote lettergrepe: "stap dan al flinker by beddinkies verby// verlos die bors van hoes en spoegklont". Stofes twee en drie waarin die tempo vinnig is, illustreer die ontvlugting vanuit die ouetehuis en die ontkenning van die ouderdom. Dit geskied op tweërlei wyse. Hy ontsnap letterlik aan die geklets van die genote en hulle passiwiteit deur flink te stap. Andersyds herleef hy in sy gedagtes die moeilikste bewegings waarmee hy die swaartekrag vroeër kon tart, toe hy nog kon "skop en huppel, oor latte sweef "met "lugtige tred" en "moeiteloos". Hierdie moeitelose en grasieuse bewegings vorm 'n skrilte kontras met die hede waarin die bejaarde selfs te kragteloos is om te skeer, maar ook nie lus het om met die (ouderdoms-/ouetehuis-) genote te assosieer nie.

Die eerste strofe se hortende tempo word bereik deur die oneweredige versreëllengtes, die leestekengebruik, die afwesigheid van halfrym, behalwe die herhaling van "ge-" in "gerade om genote se geklets". Hierdie herhaling dra by tot die hortende toon en het negatiewe semantiese konnotasies. Die kort sillabes in die volgende strofe versnel die tempo en dit word versterk deur die alliterasie van veral die s-klanke (versreëls 8 - 10). In die

1. Die lang vokale is onderstreep.

slotstrofe is die woordkeuse en die opeenvolging van onritmiese woorde verantwoordelik vir die trae tempo, vergelyk byvoorbeeld "onsigbare terdeë kneukels", "werskaf kneënd teen". In strofe twee word die metrum vanaf die tweede versreël feitlik suiwer jambies, maar die slotstrofe begin jambies en word daarna heeltemal onreëlmatig. Die metrum en ritme onderskryf dus die bejaarde se ongrasieuse en stokkerige bewegings.

Strofes een en vier word oorwegend in die passiewe lydende vorm aangebied en die twee middelstrofes in die bedrywende vorm waardeur die aktiwiteit en opstand met die bestaande toestand gekontrasteer word.

Die ouderdom word trotseer met die herhaalde gebruik van die vergrotende trap van vergelyking "liewer" (versreël 6), "flinker" (versreël 7), "sekerder" (versreël 9). Terselfdertyd word daarmee 'n onderskeid getref tussen die spreker en die ouetehuisinwoners. Maar ook die teenstelling word so bevestig, naamlik "vroeër" (versreël 13) en "moeisamer" (versreël 18). Om aan die huidige situasie te ontkom, moet die ou man beter doen, maar dit bly steeds 'n moeisamer en moeiliker handeling as vroeër.

Die tydgenote dien as 'n spieël vir die individu. Deur hom van hulle te distansieer, word die ouderdom ontken. Ironies genoeg toon die inleidende "maar" in die slotstrofe dat hy nie daarin kon slaag om die vroeëre glorie en lewenskrag te ewenaar nie, want hy word deur die "swaarte" waarmee hy die "aarde vlinderfyn" kon ontwyk, nou "tarra-swaar" na die aarde toe neergedruk. Selfs om regop te bly, word 'n stryd.

Ouderdom is dus 'n onontkombare toestand met sy neue-effekte en

alhoewel daarteen gerebelleer word, en daar getrag word om dit te ontken, is daar geen manier waarop 'n mens die gevolge daarvan kan vryspring nie. Liggaamlike kodes wat dit bevestig, is die verkromming en die swaartekrag wat die liggaam grondwaarts dwing. Ander kodes is verwaarlosing, onaktiwiteit, stadiger lewenstempo, passiwiteit, verkleinde lewensruimte en ontkenning in die sin dat die ou man nie met die ander ouetehuisinwoners geassosieer wil word nie.

3.5 VEREENSAMINGSKODES

Baie van die ouer mens se tydgenote sterf of het reeds gesterf. As gevolg van aftrede word die sosiale wêreld kleiner. Mobiliteit veroorsaak saam met die ander faktore dat die ouderdom ook 'n tyd van vereensaming word.

DIE LEWE IS 'N CLICHÉ (TV, 40)

In die dorre tuin
pik mossies krummels op,
maar daar is voerspooksels
van die lente:
barre struike
stoot reeds knoppies uit,
die niepswind is milder
en die gras minder geel;
maar my wêreld
bly koud en onbewoon
en die droewigheid
sak soos die vroemis neer;

daar is ongehoorde trane,
maar 'n man mag tog huil
wanneer sy geloof verbrokkel
en net die kilte agterbly.

Red ook my
uit die ysland van verdriet.

In *HAT* (Odendal, et. al., 1994:122) word 'n cliché aangedui as:

"
1. 'n Drukvorm vir illustrasies. 2. Afgesaagde, holruggeryde uitdrukking; verslete beeldspraak".

Soos 'n cliché volg die seisoene mekaar herhaaldelik in sikliese gang op. So verloop elke lewe op dieselfde patroon en eindig in (ouderdom) die dood. Die blik op die ouderdom is 'n gestereotipeerde kyk. Almal word oor dieselfde kam geskeer, want as die lewe 'n cliché is, dan is die geskilderde beeld van koudheid en ellende elke mens se voorland. Weer eens word die natuurbeeld met die menslike toestand en lewensverloop vergelyk. Hierby word die titelmetafoor ook bygesleep en die gedig word 'n toepassing van dié metafoor. Dus is ook dié metafoor cliché.

Alhoewel die lewe sy gewone gang gaan: die mossies pik nog steeds krummels op om aan die lewe te bly in die "dorre tuin" met sy "barre struik" waar die "niepswind" waai, word 'n winterlandskap geteken. Die winter is aan die verbygaan want daar is "voerspook-sels van die lente", die barre struik "stoot reeds knoppies uit", die "niepswind is milder" en die "gras minder geel".

Die gedig val in twee dele uiteen. In die eerste strofe (oktaaf) begin die herlewing uit die dorheid en koue van die winter. In die res van die gedig - bestaande uit twee kwatryne en 'n koeplet - bly die spreker se lewe mistroostig: "koud en onbewoon" met "die droewigheid" wat op hom neersak. Daar is "ongehoorte trane" want sy "geloof verbrokkel" ten opsigte van 'n nuwe lente vir homself. Die strofepbou bevestig die "verbrokkeling" en die spreker se isolasie. Daarom bly die "kilte". "Ongehoorte" trane verwys nie slegs na die eensaamheid nie, maar ook die feit dat trane onvanpas is omdat die mens weet dat wanneer hy die winter van sy lewe bereik, die dood voorlê.

In teenstelling met die naderende lente neem die spreker se

winter toe sodat die "kilte" 'n "ysland" word.

Winter word hier metafoor vir die dood waaruit daar geen ontsnapingsmoontlikheid is nie. Dit gaan gepaard met 'n gevoel van eensaamheid en moedeloosheid, vandaar die versugting in die slotstrofe:

Red ook my
uit die ysland van verdriet.

Hier is 'n buiteruimte waar die natuur sy gewone gang gaan en interaksie en groei voorkom asook 'n binneruimte waar die winter nie gaan wyk nie. Daar is dus 'n verskil tussen die wêreld en die spreker se lewe as enkeling wat alleen voor die werklikheid van die dood te staan kom. "My wêreld" is koud en onbewoon, vol droewigheid, trane en sonder geloof, daarom verdiep die heersende toestand. Aangesien die gedig in die afdeling "Vertraagde tempo" in die bundel *Tyd van verhuising* (1975) voorkom, word die winterbeeld versterk as die tyd van rus en die bundeltitel as eufemistiese idioom versterk die sterfgedagte. Die lewenstempo neem af en die verwagting bestaan dat dit binnekort heeltemal tot stilstand gaan kom. Met die geslote lettergrepe word die mossies en buitewêreld flink, lewendig en nadruklik geteken. Die vers-ritme boots die pik-aksie na:

v v / v /
In die dorre tuin
/ / v / v /
pik mossies krummels op

Deur middel van alliterasie, enjambemente, eksplosiewe en lang vokale word die gedigtempo ooreenkomstig die spreker se lewenstempo vertraag:

maar my wêreld
bly koud en onbewoon
en die droewigheid
sak soos die vroemis neer;

Met die metafoor: "die lewe is 'n cliché" word daar verwys na die patrone waarvolgens die seisoene hulle gang gaan. 'n Cliché is nie net die vorm vir eenderse afdrucke nie, maar ook die negatief van daardie prent wat voortgebring moet word. Die spreker se lewe word voorbeeld van daardie negatief en pas nie meer in die geykte wisseling nie, maar kom tot 'n einde. Dit kan egter ook die negatief wees van wat ná die dood kom.

Soos dikwels die geval by Van Heerden, eggo gedigte mekaar. "voerspooksels" in hierdie gedig, word die gedigtitel "Voerspooksels" (AV,29). Die slot bevat dieselfde ontredderende, weemoedige toon:

elke digter in sy doodswens weet:
daar kom 'n weemoed soos oor Afrika.

Die digtersbedryf moet met 'n "string geykte woorde" trag om al die aftakeling, pyn, ellende, misbedryf, en mensehaat te besweer, maar hierdie voerspooksels versterk die digter se "Vooruitsig" (N,43) naamlik die definitiewe dood van die mens en digter. Die poësie moet die dood besweer, maar is:

reeds geskonde borswering
teen die aanstoot van die vloed.

In "Eengesprek" (AV,72) word aangetoon hoe die lyf 'n al groter remmende faktor word. Rena Pretorius (1987:15) beskou dit as die begeerte van die spreker om vry te kom van sy lyf en dus aan die beperkinge van die aardse, stoflike liggaam te ontkom.

EENGESPREK

Lyf, dis hoog tyd dat ons twee uitpraat.

Jy en ek het soveel paaie saam deurkruis,
skrams by woestyne, woude en oerstede verby,
onder die maan se suinige lig gewandel,
gekyk na swiepwinde se letsels oor die water
langs verlate, reeds gans ontmeeude strande.

Hou nou op met mor as ek my wil koester
in die behaaglike omgang met Mozart,
hou op met jou gesanik as ek 'n keurwyn
oor my agterkieste wil laat spoel,

en (veral) hou op met jou geniepsige steke,
die onewewigtige geskarrel van jou hart,
die skielike inperking van 'n ledemaat
en ag, die vingers wat weier om te vat...

jou voetsole het later soos leer geruik,
die knieë skurwer as 'n brandsiekskaap,
elmboë die ene bloukopkoggelmander
en 'n bekken soos 'n doedelsak:
g'n wonder jy's netjies gehalveer nie.

Verder:

jou eindelose rekenkundes verveel my,
die gepieker oor geld en belastings,
jou morele besware en nugter bedenkinge
is - sonder verwyd - te bestempel as
'n verleentheid, 'n ondraaglike las.

As ek nog andersom wil moker, kom jy
soos Mefisto met 'n ewige "nee!";
"nee, nee, nee" is al woord wat jy ken,
en ek wat veronderstel, nee, voortbestem is
om gedurig met woorde te woeker,
word tot stomheid teruggedwing
en erger, tot 'n soort skilpad-afsondering.

Lyf: waarlik, ons twee sal moet uitpraat.

Reeds in die eerste strofe word "lyf" direk aangespreek en die slotstrofe herhaal die noodsaaklikheid en verskerp die dringendheid daarvan met die toevoeging van "moet". Jy (lyf) word daarvan beskuldig dat dit al die bestaande vreugdes ook ontnem deur die staat van aftakeling wat reeds bereik is. Die beskuldigings word gerig met woorde soos: "mor", "gesanik", "geniepsige steke", "oneweredige geskarrel van jou hart", "skielike inperking van 'n ledemaat", "vingers wat weier om te vat". Die aftakeling gaan gepaard met sosiale onaanvaarbaarhede soos: "voetsole het later soos leer geruik", "knieë skurwer as 'n brandsiek skaap", "elmboë die ene bloukopkoggelmander" en "bekken soos 'n doedelsak". Hierdeur word hy tot "skilpad-afsondering" ingeperk. Ook Pretorius

gebruik dié skilpadmetafoor (5.3).

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat aftakeling regstreeks tot vereensaming lei. Die eensaamheidskodes (droefgeestigheid, ellende, onaanvaarbaarheid) word onderskryf deur die ruimtekodes, inperkingskodes, gerontologiese tyd- en seisoenmetafore waarin die winter en koue prominent is.

3.6 ONTHEGTINGKODES

Met aftrede, soos hierbo bespreek (3.6), begin die ontheftingsproses. Daar word nie net afskeid geneem van die organisasie waar 'n lewenstaak verrig is nie, maar die persoon word as't ware oorbodig en onbekwaam vir verdere diens verklaar. Hiermee word ook afstand gedoen van status, aansien en 'n sosiale betrokkenheid.

WOORDPENSIOEN (SS, 42)

Die ou manne
in die kantien
het geswets, gespog, gelieg,
en uitgeflap
en melancholies geword,
met "niemand is vir my jammer" as toegif;

ai, die relase van burgeroorloë
 en mausers
 toom en saal,
- waar was getrouheid soos ou Poon?
Maar buite kan die sterrekiltes
bedwelming uitfaseer,
met die nag self 'n vergete minnaar
beroerd die oe-oe
van die wit flits in die blinkboom:
ou wysneus waar net geitjies en molle hou;

en op pad na die beplande nuwe dorpsplan,
met "Avondrus" en "Mon Repos",

tandelose stiltes
tussen die biermakers -
almal wissel skaars die lapidêre woord

Pensioen is die (gedeeltelike) salaris wat iemand na aftrede ontvang. Dus wanneer iemand nie meer aktief in 'n beroep staan nie, ontvang hy hierdie kompensasie. Al waarmee na aftrede nog indruk gemaak kan word, is die woorde waarmee die aksies van die verlede beskryf word wanneer geselskap in die kroeg opgesoek word. Hierdie woorde begin almal met die verlede deelwoordprefiks, ge-, naamlik "geswets", "gespog", "gelieg" "uitgeflap" (iets gedagteloos uitblaker) en dit lei tot 'n droefgeestigheid. Die "geword" dui nie net die melancholiese toestand wat hieruit voortvloei aan nie, maar ook die uiteinde van die aktiewe mense wat gelewe het. Die gepraat is geensins konstruktief nie, maar 'n manier om die tyd te verwy, (verlore) status te bekom, jouself en ander daarvan te oortuig en die eie identiteit te bepaal.

Die bewys dat hulle gelewe het, iets beteken het en moontlik iets bereik het, lê in die oproep van ou bestaande en erkende geskiedenis waardeur hulle ook hulle plek in die sosiale en volksbestel konstateer. Die burgeroorloë is verby en die bekende, genoemde gewere word nie meer vir militêre operasies gebruik nie en die vervoer het ook in onbruik verval. Net so is hierdie sprekers nie meer deel van die lewende, aktiewe stroom nie. Ook hulle behoort tot die verlede waar hulle iets beteken het en die geskiedenis help maak het. Die historiese kode moet help om hulle nuwe posisies te karteer.

Soos dikwels die geval, in gedigte oor die ouderdom, bestaan die gedig uit twee teenstellende dele waar daar van 'n binne- en buiteruimte gepraat kan word. Die wending word deur "maar" ingelei. Die binneruimte is die kroeg waar praatjies aangeknoop word, maar na die luidrugtige geklets kom die stiltes waar daar skaars

'n woord gepraat word. Die buiteruimte ruk die sprekers weer tot die hede en die werklikheid terug, tot besinning. Dit is juis hiervan wat hulle in die kroeg ontvlug, want terugkyk is bekend. Daarmee ontken hulle eintlik die hede (ouderdom) en die doodloopstraat waarin hulle beland het. Wat voorlê, is 'n kort pad, wat uitgestippel en onvermydelik na die dood lei. Die nag (dood) is soos 'n vergete minnaar wat wag, "oe-oe" en "wysneus" verwys na uil, die voël, aankondiger van die dood. Hierdie mense is "op pad na die beplande nuwe dorpsplan" waarin daar voorsiening gemaak word - eers vir plek in die ouetehuis "Avondrus" en daarna in die nuwe begraafplaas, "Mon Repos". Al bogenoemde metaforiese doodskodes, naamlik nag, uil en Avondrus dui op die dood as bestemming.

Wanneer die drinkebroers hier tot rus kom, sal 'n tandelose stilte heers. Behalwe dat "lapidêre" 'n bepaalde styl, naamlik 'n kort en kernagtige stylwyse is, beteken dit ook "in klip gegraveer". Uiteindelik verstil die mens se hele lewe (aksies en woorde) dus tot die kernagtige biografiese besonderhede wat op die grafsteen gegraveer word. Dis al bewys dat iemand gelewe het. Die doel van die luidrugtige kroeggegewe is om die toekoms te ontken, dood te praat.

Die eerste twee strofes wat na die herinneringe en die afgelegde lewe verwys, word in die verlede tyd aangebied. Die derde strofe in 'n modaliteitstyl toon die toekomsmoontlikhede en die derde strofe, in die teenwoordige tyd, dui op die universele uiteindelijke lot van die mens.

Die onreëlmatige strofepbou en wisselende versreëllengtes beklemtoon die daadloosheid van die geklets om die afloop te ontvlug.

In die tweede strofe word die nutteloosheid van die voorwerpe, tipografiese gelys, in die huidige situasie beklemtoon. Die reduksie van die bejaarde is daarin geleë dat sy aktiewe lewens eers tot woorde en daarna verder tot stilte gereduseer word.

'n Ander gedig in gesprek met "Woordpensioen" is "Digter emeritus" (SS, 63).

DIGTER EMERITUS

Met aangesig
na die rebelse winde en hul priem gekeer
(verbruik die fraksies van die tyd!)
word berekend met 'n rekenkunde vasgepen
die daelikse uitbesteding
van soveel woorde per minuut of uur...

Maar ag - hoe lendelam,
hoe kruiselings die skepping vorder!
En gebede van plastiek het die hart
tot keratien verhard

Tog vreemd hoe met oormatige gebruik
en selfs slytasie
weinig woorde - die koppiges! -
weer mals en lenig word
en God se oor bereik.

En ek mag donker weet:
die kerkering sal uitloop,
en deur die oerverwarde doolhoof
'n ander lig kom breek.

Ek sien my strompelende woede
teen die bese meganiek
van ou sisteme
verpulver en vergaan,
die selfbejammering
(arglisties, slopend en verraderlik)
verrein tot ritmiese vernuf.

Met Dionisiese raserny
wil ons die onbaat en die sluheid tem,
die kru hiate met herinnering
oor aanvaarde leed en letsels vul.

Egipties-heilig soos 'n igneumon
word skubdiereiers uitgegrawe,
behoedsaam en verteder blootgelê:
herrese as my idiolek.

Heer omskrywe my,
gee toegang tot die eerste spraak.

Sien
hoe wonderdoende en hoe klein
'n vers daar uit die doppie lig!

Die woord "emeritus" bevat die gerontologiese implikasie dat die tyd waarop 'n persoon produktief in die gemeenskap diens gelewer het, verby is en dat hy moet uittree uit die roeping waaraan hy hom sy hele volwasse lewe gewy het. Hy het dus te oud geword om verder nuttig en diensbaar te wees. In hierdie geval verwys dit na die digter en sy digterlike bedryf. Uiteindelik is dit die gedig en poësie wat die digter uit hierdie situasie moet red. Die digter se stryd om iets voort te bring, word vergelyk met die arbeider wat weens ouderdom die vermoë om sy ambag te beoefen verloor het of noodgedwonge, weens onmag, moes afstand doen van sy roeping. Die ouderdomskodes wat op hierdie onvermoë dui, sluit terselfdertyd die gebrek aan soepelheid en beweeglikheid in. Vergelyk byvoorbeeld "lendelam", "tot keratien verhard", "strompelende", "meganiek", "ou sisteme", "verpulver", "vergaan", "slopend", "leed en letsels" asook "uitbesteding".

Die spreker het die wind spreekwoordelik van voor. As "rebelse" winde wil dit hom dwing tot onaktiwiteit. Die digter moet die "fraksies van die tyd" wat oorbly, "berekend" verbruik, benut, sodat hy rekenskap kan gee soos 'n uurloner oor presies wat hy verrig het. Woorde soos "berekend", "rekenkundig", "uitbesteding" en "woorde per minuut" slaan op die loon wat verdien word, maar uitbesteding terselfdertyd ook op "emeritus" en die klaar raak van die voordele, die verkleinde beloning vir dienste afgehandel. Die tydverwysings, sosiale ontheftingsproses, onhandigheid en onaktiwiteit is gerontologiese kodes. Die dringendheid waarmee

die skeppingsproses in die eerste strofe bejeën word, asook die remmende faktore, verander in die tweede strofe na moedeloosheid. Die strofe begin met die teenstellende "maar" gevolg deur die klag "ag" en die versugting oor die onvermoë: "hoe lendelam" - vorder die skepping van poësie. Hierdie plastiese beskrywende vermoë het tot keratien verhard en vanweë die oorbenutting van woorde het hulle geslyt. Daarom is dit onmoontlik om hierdie geykte woorde weer mals en lenig te laat word. Daarom word dié woorde "koppig" en is dit saam met die gebede van plastiek, onmoontlik om God se oor te bereik. Dit bring weer mee dat redding uit hierdie situasie onmoontlik is.

Ouderdom en agteruitgang strem die skeppingsproses en vang die digter vas. Hierdeur word die digter as't ware in 'n kerker opgesluit waaruit 'n "oerverwarde doolhoof" die enigste onwaarskynlike uitkoms op redding bied. Die vyfde strofe beklemtoon hierdie selfde onmag. Net soos die "ander" lig wat aan die einde van die doolhoof uitbreek, is redding ook in die volgende strofe moontlik, want al takel die ouderdom af, bring die ervaring gesuiwerde "vernuf".

Aan die een kant is daar die lewensleed en -letsels (deur "kru", "onbaat" en "sluheid" beklemtoon) wat getem en aangevul moet word met die feit dat hierdie terugslae aanvaar is. Dan eers sal die prentjie volledig wees. Hierdie herinneringe moet versigtig uitgegrawe word, uit kerkers en doolhowe, voordat dit net so versigtig herrys as die digter se idiolek waaruit die eerste spraak en vers te voorskyn kan kom, alleen omdat God hom omskrywe.

Die vers word die digter se redding. Soos die lig aan die einde

van die kerker uitbreek, lig die vers uit die doppie van die "skubdiereiers" wat uitgegrawe is. Ontheftingskodes word herken in pensioen, aftrede, emiritus, statusverlies, onttrekking, onaktiwiteit, gevoelens van nutteloosheid, daadloosheid, woorde in plaas van dade, stilte en ruimtes soos ouetehuis en begraafplaas. Duidelik is die opstandigheid teen verpligte uittrede.

3.7 BESINNING- EN REKENSKAPSKODES

Noodgedwonge moet die bejaarde wat nou die geleentheid het om terug te kyk op die lewe wat agter lê, ook die toekoms in oënskou neem. Besinning en rekenskap, net soos bestekopname en herinnering is gerontologiese kodes.

SUB A (SS,70)

Vroeër of later
sal jy moet halt roep
en oor God en sy knellende gebooie
ruggespraak hou,

jou verwantskap afsweer
met die verwarde sterre
wat her- en derwaarts
oor en verby kwasars
nog geen raad met Hom weet
of tot vergelyk kan kom nie.

Hoe lank nog
wil jy die komete se hare deurmekaar woel,
die stygende getye
in die moederwaters terugvloek,
die passaatwinde
in hulle swaaiende bane bespot en treiter,

ewe baatsugtig, arrogant
en self-verheerlikend
oor die stede soos 'n sirokko ruis,
van uitgeholde skenkelbene
steeds fluite wil prakseer,

jy,
wat so graag die fosforflits
in die brekende brander wil naboots,
om daarmee
'n hele oseaan se diepvuur te deurpeil,
spartel op die ou end
met jou bebloede woorde
soos 'n gekweste meeu op die sand.

Die tragedie natuurlik:
die laaste troefkaart is van Skoppensboer,
en jy,
soos die dommes in die kindertuin,
natlip-lekkend en mongools,
altyd met eie prutselinkies besig,
het in die grammatikale lesuur
verleer
om elke sterfwoord op te teken
en op die telraam vas te pen.

In hierdie gedig met sy betogende aard, word die leser, sowel as die spreker, direk as "jy" aangespreek, beskuldig en tot orde en besinning geroep. Onbepaald sal daar nie uitgestel kan word nie, want "Vroeër of later// sal jy moet halt roep" (my kursivering), om veral twee redes. In die eerste plek om oor "God en sy knellende gebooie" te beraadslaag en in die tweede plek om die verwantskap met die sterre af te sweer. Daarna word die onmoontlikheid van sy ideale deur middel van die (beskuldigende) herhaalde, geïsoleerde "jy" (versreëls 20,30) en die retoriese vraag (sonder vraagteken) beklemtoon naamlik:

"wil jy die komete se hare deurmekaar woel",
"die stygende getye ... (wil) terugvloek",
"passaatwinde (wil) bespot en treiter",
"oor die stede soos 'n sirokko (wil) ruis",
"van skenkelbene // ... fluite wil prakseer"
"die fosforflits in die brekende brander wil naboots",
die oseaan se hele diepvuur te deurpeil,"

Die pogings misluk want die woorde waarmee hy die elemente pro-

beer tem, is ontoereikend en swak, want dit word vergelyk met die gespartel van 'n gekwete meeu op die sand. Die tragedie is dat "jy" weerloos is teen die laaste troefkaart, naamlik Skoppensboer/ die dood, want "jy" het verleer (voordat die vermoë aangeleer is hoe om die taal te benut) om die sterfwoorde op te teken en op die telraam vas te pen. Hierdeur word geïmpliseer dat hy sy woorde moet tel en berekend en verantwoordelik moet gebruik.

"Vaspen" wil iets akkuraat beskryf. Die probleem is dat daar verleer is om die sterfwoord op te teken. Daar word getrag om die elemente te tem met behulp van die woord, maar die vaardigheid is nooit ten opsigte van die dood aangewend nie.

Vir 'n seevaarder is dit lewensnoodsaaklik om die sterre, getye, passaatwinde, sirokke en die oseaan te ken en te peil om sodoende te oorleef en die bestemming te bereik. Die belangrikheid van die vertroutheid word bevestig met die byna familiêre beeld "die komete se hare deurmekaar woel" (my kursivering). Dat die aandurf van die elemente onmoontlik en byna vermetel is, word beklemtoon deur die werkwoorde soos "terugvloek", "bespot en treiter", "na-boots" en "deurpeil" en op die ou end "spartel" hy slegs in sy pogings. Dat daar nie geslaag word nie, word beklemtoon deur die herhaalde gebruik van die modale hulpwerkwoord "wil" in versreëls 12, 21, 23 en die versweë "wil" soos hierbo tussen hakies aange-toon, is dus teenwoordig by al die werkwoorde. Sy houding word verder gesuggereer met woorde soos "baatsugtig, arrogant en self-verheerlikend". Hierdie besef van die "jy" se arrogansie bereik 'n klimaks in die slotstrofe waar daar 'n vergelyking getref word met die domste van die dommes, hulle wat slegs met eie onbenullighede besig is en in plaas van leer, "verleer".

Meeue is, volgens De Vries (1984:230), simbool van die see, reis en avontuur, maar ook van die siele van verdrinkte vissers en matrose. As in ag geneem word dat hierdie gedig uit *Die swart skip* (1985) en die afdeling "vergesigte" kom, is dit duidelik dat die lewe as reis gesien word en daar ook op die eindbestemming of dit wat oorbly van die reis, gerig word. Soos met enige reis word daar op 'n bepaalde punt begin, maar die mens sal moet besef dat hy een of ander tyd sal moet halt roep. Ook is daar "knellende gebooie" waaraan die reis sal moet voldoen. Soos die mens deur kennis en vaardigheid probeer om die oorweldigende en gevaarlike elemente te tem, probeer hy die teenslae van die lewe afweer. Die "tragedie" is egter dat die dood uiteindelik, desnieteenstaande, oorwin. "Vergesig" beteken uitsig op die verte of toekoms. Hier is die toekomsuitsig vir die bejaarde beperk en die uitkoms die dood. Hierdie besef kom reeds duidelik in die eerste twee versreëls van die gedig na vore. Die vooruitsig kan binnekort of 'n bietjie later wees, maar: vroeër of later// sal jy moet halt roep. Dit word versterk met "afswaar", "spartel op die ou end", "tragedie", "Skoppensboer" en "sterfwind". Letterlike vergesigte lê op die vlak van die skepping en die heelal.

Die bundelmotto het duidelik betrekking in hierdie gedig:

"Poetry cannot tell us whether the author was a happy person, or a sinner, or justified in his politics, or suffering from bad dreams; but it can tell us all we need to know about the author's ability to convert his experience into vision."

Lawrence Lipking: The life of the poet - beginning and ending poetic careers (The University of Chicago Press, 1981)

Ironies is die vergelyking van die "jy" se ervaring en kennis met dié van Sub A, die eerste skooljaar, wanneer daar nog geleer lees en skryf word en die hantering van die instrumente lomp is.

Hierdeur word die verband tussen wat "jy" moet en wat hy wil (en nooit kon nie) aangetoon.

Bogenoemde twee gedigte hou duidelik verband met die bejaarde digter wat nie net terugkyk op sy kunstenaarskap nie, maar ook die vermoë om steeds die digterskap te beoefen, wil toets. As digter besef hy dat die lewe sowel as die digterlike bedryf einde se kant toe staan.

3.8 BESTEKOPNAME AS KODE

Ouderdom word by Van Heerden nie slegs as negatief ervaar nie. Saam met die herwaardering kom die besef van groei en die bereiking van wysheid. Hierteenoor is die jeug soms die negatiewer element want dit is die tyd van onvolwassenheid in die lewensloop.

KLEIN HIMNE AAN DIE OUDERDOM (KW,8)

(Dennelaning waar die son draai)
Vir Gladstone

Die onvermoeide wind ontroer
vermolmende bas en blare,
so langsaam en onhaastig
dat die digte dennebos
se dronk-gestookte son
druppelend syfer in veelvuldigheid.

Wat hier gekneus word en gebreek,
is soet en geil reeds aan die groei
vir later herbevestiging en opstand:
uit ondergang word jeug én rypheid
tot 'n wedersydse vreugde saamgesnoer.

Die jonkheid - altyd raserig,
onmatig en verbeuseld -
het sy kwetsure nagelaat;
maar die mure tussen nou en ééndag
wat vroeër so weerstrewig was,
word tot 'n nuwe, ander klip ver-lei
en gaan plaveiselend op ruimer dae oop.

So moet 'n mens die sterwe leer bemin,
 en uit die marteling van paradoks
 die blydschap puur van ewewig,
 die toegemete pyn en letsels
 liefkry en tot hoër wyding voer:
 as onbewoë, onbeweegbare deel
 van 'n uiteindelijke volle kring.

Waar hierdie wonderwording steeds
 sy nooit voltooi Credo sing,
 rys stralende van tak tot tak
 -reikhalsend na die rykste lig -
 die hoë, hoogste kruin
 wat nou eers waarlik
 van sy suiwerende oorsprong weet.

In hierdie gedig word die jeug en ouderdom, en beelde van groei,
 verval en wedergroei, paradoksaal teenoor mekaar gestel. Nie net
 bring die ouderdom groei en rypheid nie, maar dit vorm die hoog-
 tepunt van die lewe "- reikhalsend na die rykste lig - die hoë
 hoogste kruin". Eers by hierdie punt kan die mens sy oorsprong
 deurgrond. Die voorwaarde is egter dat die mens die sterwe moet
 leer bemin. Ironies is die jeug die tyd waarin die aftakeling
 plaasvind en die pyn en letsels toegedien word en die ouderdom
 die tyd van purging, ryping en rykste lig.

Die teenstelling tussen jeug en ouderdom word dwarsdeur die gedig
 gehandhaaf:

gekneus en gebreek	- soet, reeds aan die groei
	herbevestig opstand
ondergang, jeug	- rypheid, vreugde saamgesnoer
jeugheid, raserig,	
onmatig, verbeuselend	
kwetsure nagelaat	
nou	- eendag
nuwe	- ander klip ver-lei, gaan oop
marteling	- blydschap puur

pyn en letsels

- liefkry, hoër wyding
uiteindelijke volle kring
- wonderwording

oorsprong weet

- hoogste kruin

"Begin en einde" (KW,74) vertoon hierdie selfde sikliese voorwaarde waar die "blink beginpunt" gesoek word in die dae wat hul sirkels loop met die wete van "voorbestede eindigheid", ondergang en aftakeling.

"Vooroefeninge" (AV,80) toon al die oefeninge, 'n hele lewe se ondervinding voordat die spreker tot die universele waarheid kom, dat alhoewel daar uiteindelik niks van die mens wat gelewe het, oorbly nie, is elkeen uniek en onvervangbaar, onherhaalbaar.

die mens is enig soos 'n sneeukristal,
enkel, smeltbaar, onherhaalbaar,
en wat hy reeds in elke klier voel kriewel,
is die suiwerste van alle leefervarings:
die dood.

Die hele lewe word dus ook vooroefening vir die dood as die suiwerste ervaring.

Teenstellend hiermee kom die spreker in "Ich bin der Welt abhanden gekommen" (N,44) tot die gevolgtrekking: "ek het by alles dalk vergeefs geleef". Dit word voorafgegaan deur 'n opname van 'n ontluisterde lewe waarin hy tot "trae gediensdigheid geboek" is en hy besef dat dit tyd geword het om hom "roekeloos te verwyder" van "die wêreld se gedruis, simulaties, knoeiery", 'massale sondes en besoedelings', "eensaamheid", "verrinneweerde jare wat agter lê". Ook die huis staan volledig in die teken van iemand wat gereed is om 'n ver reis te onderneem of 'n plek waaraan niemand hom meer steur nie omdat dit nie langer van belang is nie. Soos reeds in hoofstuk 2 (2.3..3.1.6) getoon, word die eise

ten opsigte van die voordele wat die lewe inhou, te hoog en die waarde van voortbestaan verlaag. Daar word dus afskeid geneem. In hierdie gedigte is dit veral die reis- en tydmetafore wat benut word om die veroudering en verwerking daarvan te belig.

3.9 AFTAKELINGSKODES

Die aftakelingskodes toon die mens se geestelike en fisiese verwording en word vervolgens aangedui.

Terugkerende kodes van eensaamheid, verskrikking, gevangenis, verminking, mense op ryp en winter ingestel, wat kwesbaar en bedremmeld bibber, is opvallend in hierdie gedigte. T.T. Cloete (1982:4) noem die gedigte in (KW) die poësie van kwesbaarheid, van kerf en vermink. Meestal is verminking op die eie lewe gerig, maar soms is dit geobjektiveerd. Vernietiging word soms onverwags omskep in iets positiefs, vergelyk byvoorbeeld "Viswinkel" (KW,3) en "Klein himne aan die ouderdom" (KW,8) wat verset teen die pyn word.

Aftakeling bied juis die geleentheid vir oorlewing. Toestandverandering of transformasie word feitlik tema deur aftakelings- en verhuisingskodes.

Die biologiese en psigiese sloTINGSproses word nie net met skok deur die omstanders waargeneem nie, maar veral aan die lyf van die spreker in die gedigte ervaar. SloPING word universeel waargeneem deur middel van die natuur en die menslike aktiwiteite, vergelyk byvoorbeeld gedigte soos: "Naweek-tuinier" (TV,6), "Waterval" (TV,7), "Griekse groenteverkoper" (TV,13) "Banneling"

(TV,30), "Voëlverskrikker" (TV,31), "Vrae" (TV,37), "Die vleeseters" (TV,42), "Afbraak" (TV,64), "Operasie" (TL,21), "Slaghuis" (TL,38), "Maansverduistering" (KW,12), "Na die amputasie" (KW,17), "Rustende atleet" (KW,18), "Kontra-rewolusie" (KW,25), "Opstanding" (KW,27), "Praatjie vir die vaak" (KW,38), "Digter-emeritus" (SS,63), "Ramp" (SS,88), "Eengesprek" (AV,72). Uit die aard van die saak bevat al die gedigte waarin die ouderdom direk aangespreek word ook slopingskodes.

VOËLVERSKRIKKER (TV,31)

teemuskop
robotarms
leëblikhart
rosyntjietepels
druiwekorrelnawel
sponsrubbermaag
vadoeklieste
tabaksakkie
houtdye
 knieë
 kuite
 voete

Hierdie gedig is die manifestasie van die "meedoënlose selfbe-tragting van die vreeslose van die kern van die folterende bele-wenis" (Blignault, 1975:12). Deur die enumerasie van die kompo-sita van die onnatuurlike bereik die sloping, aftakeling van die mens tot voëlverskrikker 'n klimaks. Daarby is die voëlverskrik-ker se bene volledig, ongeskonde, anders as die digter. Ironies is albei se bene nutteloos.

Die verbrokkeling en geleidelike vernietiging van alles is 'n natuurlike proses. Jaarliks voltooi die seisoene hierdie siklus van groei en afsterwe. Nog 'n voorbeeld van 'n vers oor die ver-loop van tyd wat met aftakeling gepaard gaan, is "Waterval" (TV,7).

WATERVAL

Die water val
-wit potlood teen die krans -
so afgemete en presies
asof sy teer geweld
geduldig deur die eeue werk;

hy sing sy lang ballade
as 'n ritus van die tyd,
en selfs
die bot, beweginglose rots
is later
uitgekalwer en verweer.

Ook by die mens vind die aftakeling geleidelik plaas. Dis nie 'n proses wat opsigtelik waarneembaar is nie, net soos by die waterval waar dit "afgemete en presies" "geduldig deur die eeue werk". Dit word 'n "ritus van die tyd", 'n proses wat vooraf bepaal is en voltrek moet word. Niks is bestand teen hierdie vernietiging nie. Tot die "bot rots" is uiteindelik "uitgekalwer en verweer". By die mens is dit die "Die vleeseters" (TV, 42) wat vir die sloping verantwoordelik is.

DIE VLEESETERS

'n Verbete broederskap
is die vleeseters:
hulle knaag die dae
en nagte deur,
skakel met mekaar,
het 'n eie verbindingsstelsel -
soms mikrobiologies,
soms kardiologies,
soms dermatologies,
soms vaskulêr

ek sien hulle nooit,
maar wéét hulle moet daar wees,
in hulle eie koninkrykie,
want ver, skaars hoorbaar,
met stil suising
soos van ondergrondse gas,
sing hul 'n temalied
met kort koor-strofes:
rol, o rol, o rol die kiste uit ...

Vlees is die Bybelse woord wat slegs figuurlik gebruik word en dikwels na die mens en sy verganklike aard verwys. "Vleeseters"

ord dus 'n eksplisiete aftakelingskode. Die vleeseters opereer in die geheim. Etlike verwysings soos "broederskap", "skakel met mekaar", "eie verbindingsmiddel", "sien hulle nooit", "eie klein koninkrykie", "ondergrondse" en selfs "temalied" skep die indruk van geheimsinnige, ondergrondse, ongewenste ondermynende bedrywighede. Hiermee saam is hulle so diep ingegrawe in die proses want hulle verbindingstelsel het reeds al die vitale liggaamsprosesse geïnfiltreer. Die opset is duidelik om die dood tot gevolg te hê want dit moet tot die uitrol van die kiste lei. Dat dit die tyd is wat verbyspoed en die aftakeling tot gevolg het, blyk uit die feit dat hulle die dae en nagte deur knaag. Soos met "Operasie" (TL,21) word die aftakeling met humor en ironie betrag. Op geen manier kan die sloping verhoed word nie.

Afgesien van die liggaamlike gevolge van die aftakeling, laat dit ook letsels op die gees omdat dit verhoudings beïnvloed en onsekerheid en steurnisse veroorsaak. Die jonger persoon neem die aftakeling soms noukeuriger waar, vergelyk byvoorbeeld "Ouma en kleinseun" (AV,32) en "Moeder" (TL,13). In "Vrae" (TV,37) word hierdie vrae wat die afgetakelde persoon teister, geopper.

VRAE

Sal jy my nog liefhê,
noudat ek onvolkome is,
en die wuiwende liggaam
se fyn haaraartjies
en polsende arterieë
langsaam gestol het;

Sal jy my nog liefhê,
noudat ek verbrysel is
en ingekerker soos 'n dier
aan 'n magtelose ketting
wat net kan kerm
en ongeneeslike wonde lek;

Sal jy my nog liefhê,
noudat ek gevonniss is,
gedoem tot 'n eiland,
ontoereikend en verlate,
met die onagterhaalbaarheid
van leë horisonne;

Sal jy my nog liefhê,
noudat ek die donker man ken,
daagliks die bitter brood eet
en verskriklik weet:
die lewe is eensaam
soos die dood.

Aangrypend is die onsekerheid wat by die spreker ontstaan as gevolg van sy fisieke aftakeling. Anders as die stadige daagliks-onwaarneembare slooping het hierdie dramatiese aftakeling eensklaps geskied en is daarom duidelik sigbaar, voelbaar en benodig fisieke en geestelike aanpassing. Die gestremdheid wat met hierdie slooping gepaard gaan, bring afsondering, eensaamheid en moontlike verwerping mee. Hy vrees dat hy nou verwerplik kan wees vir ander.

Die eerste twee versreëls van elke strofe verloop parallel en verkry verdere dringendheid deur die herhaalde retoriese vraag wat aan die leser of ontvanger gerig word. Onmiddellik daarop volg die rede vir die vraag. Aftakeling het die spreker "verbrysel" en "ingekerker", "gevonnis", "gedoem tot eiland", hy het "ontoereikend en verlate" geword en daar is geen hoop op redding nie. Die aftakeling sal sy volle loop moet neem want dis "ongeneeslik" en "onagterhaalbaar".

Elke strofe intensiveer die voorafgaande strofe se gegewe. In die eerste strofe word iets van die viriliteit weergegee met "wuiwende liggaam" en "polsende arterieë", maar word onmiddellik weerspreek met "gestol". Die tweede strofe toon hoedat die

spreker afgesonder en ingeperk word. Die beeldspraak moet die omvang daarvan en die magteloosheid wat daarmee saamhang, weergee. Hy word vergelyk met 'n dier aan 'n ketting. Ketting word verder gepersonifiseer as "magteloos". Metafores word die spreker met 'n dier vergelyk wat net kan kerm en sy wonde lek. Wonde lek is die idiomatiese uitdrukking vir selfbejammering. Letterlik is dit die manier waarop 'n dier 'n wond behandel. Hierdie diermetafore is tipiese gerontologiese kodes.

Die begrip van inkerkering in die tweede strofe word uitgebrei in die derde strofe waar die spreker "gevonnis", gedoem word tot 'n eiland", met geen hoop op redding nie. Die afsondering word benadruk met "onagterhaalbaarheid en "leë horisonne".

Wat die slopingsproses nog skrikwekkender afmetings laat afneem, is die besef dat die dood reeds ingetree het, dat die proses net voltrek moet word. Deur die beeldspraak word die magtelose gevoel wat hom van die spreker meester maak, oorgedra. Eensaamheid tot die dood toe is al wat oorbly in die vierde strofe. Die dood sal die klimaks van die eensaamheid wees. Aftakeling het dus die eensaamheid en dood tot gevolg, waardeur die spreker reeds tot die dood toe eensaam is.

In "Praatjie vir die vaak" (KW,38) word die slopingsproses met dié van 'n gebou vergelyk wat onbruikbaar geword het en nie meer die nodige huisvesting aan die lewendes kan bied nie: die doodsreuk is reeds waarneembaar en die aftakeling sal voortgaan tot die struktuur terugkeer tot stof.

My liggaam is tot 'n stuk
verrinneerde argitektuur gesloop;
met die reuk van 'n tóé kamer
kan 'n flou hartklop
hom bitter magteloos weer
teen stof
en die verseëlde en onneembare dek.

Nog 'n uitbeelding van 'n gebou wat gesloop word, kom voor in
"Afbraak" (TV,64), die slotgedig in hiêrdie bundel waar die
agteruitgang en uiteindelijke vernietiging van alles, eensaamheid
en dood 'n duidelike gerontologiese karakter aanneem.

AFBRAAK

Die onweloweglike gewel
onder sloophamers toegesak,
swaai krakend en spasmodies
in primêre val;

die ysterbal
pluk aan sy ketting
en parabool in wilde
maar sekure doelskop
teen mure, rame
en antieke poort

stof en storting vergesel
die brulgeluide
van stoters, skrapers
brekers, suiweraars

en oor die ingetuimelde
en so versmade dinastie
hang eindelijk in rein triomf
die yster-aardbol waterpas.

Baie pertinent word die weerloosheid en magteloosheid teen die
doelgerigte en onafwendbare maar ook noodsaaklike sloping beklem-
toon. Ironies dat die verweer wat oor jare intree uiteindelik tot
nutteloosheid aanleiding gee wat dan die doelgerigte vernietiging
tot gevolg moet hê. Hierdie gebou pas nie meer in by die huidige
behoefte nie. Eens was die gewel die sierlike fasade van die
gebou. Nou is dit "onweloweglik". Die konflik tussen positiewe en
negatiewe magte as metafoor, soos hierbo uiteengesit in 2.2.2.2,
is duidelik in hierdie gedig ter sprake.

Magteloos teen die slopingsproses, word die felle aanslag op die gebou deur soveel oorweldigende kragte beklemtoon. Hierdie gebou staan geen kans teen die "sloophamers", "ysterbal", "stoters", "skrapers" en "brekers" nie. Daarbenewens word hierdie aksie met groot doelgerigtheid geloods soos aangetoon met "sekure doelskop".

Dat die aftakeling met mening geskied, blyk uit: "toegesak", "swaai krakend", sodat dit heeltemal afgebreek word tot "primêre val" en "stof" en "storting", "brulgeluide" en "ingetuimelde", dat die "triomf" klimaks van die afbraak sal wees.

Aftakeling triomfeer in die slot. Hiermee word die ewewig herstel en sluit die slotversreël by die aanvangsversreël aan sodat dit wat onwel was, nou "waterpas" hang.

Niks is teen aftakeling bestand nie nie eens hierdie sierlike gebou met sy eens deftige "gewel", "antieke poort" en "versmade dinastie" nie. Die adjektiewe "antieke" en "versmade" spreek die verdoemenis oor die gebou uit. Deur gebruik te maak van personifikasie kry nie-lewende dinge menslike eienskappe. In hierdie gedig word die situasie omgeswaai. Dit wat waar is ten opsigte van die mens se biologiese verswakking wat uiteindelik tot die dood lei, word met behulp wat die gebou se sloping geïllustreer. Met die verwysing na die gebou wat tot "stof" afgebreek word, eggo dit die begrafniswoorde: "stof is jy en tot stof sal jy terugkeer". Die mimetiese verloop verwys ook na liggaamsdele wat 'n oorlas geword het, afgesterf het en verwyder moes word.

Naas jeugherinneringe waardeur aan die huidige toestand ontvlug

word, word daar aan die ander kant deeglik van die agteruitgang by die mens en veral by die spreker self rekenskap gegee. Met brute eerlikheid word die situasie ontleed en getrag om die nodige aanpassings te doen en vrede te maak met die aftakeling wat reeds 'n sterwensproses is. Die aftakelingskodes word metafores ondersteun.

Ouderdom word dikwels met jeugdigheid gekontrasteer waardeur die aftakelings- en slopingskodes prominensie verkry. Dié kodes word van toepassing gemaak op die digter as persoon en die ek-spreker in die gedig.

3.10 AFSKEIDS-, DOOD- EN STERWENSKODES

Sloping en liggaamlike verval is verantwoordelik vir die herwaarderling van die lewe en die dood; voorbereiding op die dood en heraanpassing by die veranderde lewe. Die bestemming van die mens is dié van verduistering, ryp en winter. Die oorheersende beelde van ondergang, ontnugtering en verminking groei daaruit.

Daar word probeer om die dood te besweer met behulp van palmlessers, hoedende gestaltes, en God, in gedigte soos "Die valkenier" (AV,11), "Strandwag" (AV,17), "Branderryer" (AV,15). In *Amulet teen die vuur* (1987) word dood die korridor tussen lewe en lewe en feitlik elke vers is 'n wete dat daar afgestuur word op die dood, die suiwerste van alle leefervarings soos in "Vooroefeninge" (AV,8), "Karooonag" (TL,8) waarin slaap, rus en dood betrek word, Tom de Reimer (TL,10) waarin digterlike dood ter

sprake kom, en vele ander gedigte. ¹ Dis veral die bejaarde wat hierdie feit nou in die gesig moet staar en vrede daarmee moet maak.

SENIOR BURGERS (SS,21)

Oorskou die veelgelese Bybelse maat
en vra:
hoe is ons tot dié porseleinkruik teruggebrand?

Want mens moet oppas:
nie oor verdwene glories knieserig raak,
en elke klein triomf beklou,
weer ligvoet teen die skarebrul wil loop;

die ver valleise eggo's
is net 'n dor herinnering
as ons weer die owerspele van die somer speel
en by die hooimied sprietjies optel.

Kyk:
die skadu's van groot bruin kerke kantel om
en die salamanders groet sku-sku om elke hoek,
êrens lees ons van 'n see-begrafnis
Faust se getorring aan geboorte en die graf,
en Jubal se wonderlike lier...

Ons sit en prut die hele dorp se stoepe vol,
met gesigte gekrater soos die maan,
makrokosmies onbetrokke
en tog raak ons aan die sterrepunte
soos aan ou manelle;

hoe moeisaam tog is die verwyl
tussen al die blink trofeë!
Meer sonder oewers,
berge sonder spits,

1. "Afwagting" (TL,48) die onafwendbaarheid van die dood, "Vuur-vlieë" (TL, 52) "Spel met tyd" (TL,54), "Hospitaalbed" (TL,57), "Digterlike toerusting" (TV,8), "Voorgevoel" (TV,9), "Aan die verhuisingsmanne" (TV,15), "Klein vaderland" (TV,18), "Pilletroos" (TV,34), "Die lewe is 'n cliché" (TV,40), "Die vleeseters" (TV,42), "Begrafnis-kapel" (TV,48), "Die onvoltooide gedig" (TV,54), "Skryfprobleem" (TV,56), "Jan Fiskaal" (TV,63), "Verplasing" (TV,15), "Hande" (KW,20), "Littekens" (KW,21), "Teregstelling" (KW/Y,64), "Oorlog" (KW/Y,67), "Huishuur" (KW/Y,74), "Vonnis afwagtend" (SS,24) "Do not go gentle" (SS,25), "Klanke" (SS,43), "Sterfhuys" (SS,69), "Pandjieswinkel" (SS,87), "Digter word veras" (AV,59), "Tot siens" (AV,80), "Logboek" (KS,18), "Aan die einde" (KS,23), "Slot" (KS,45), "Testament" (KS,55), "Come out into the cold" (KS,64), "Ich bin der Welt abhanden gekommen" (N,44), "Tsal hier haest zijn ghedaen" (N,49), "Uniek" (N,54), "Groet" (N,55), "Anachoreet" (N,60) en "Bede" (N67).

oerwoud sonder toppe
sê vir ons;

jy weet
die astrologie
is 'n digterlike wetenskap.

Die Bybelse maat vir die mens se lewensduur is "sewentig, of as ons baie sterk is, tagtig jaar" (Psalm 90). Prediker 12 verwys na die dood as die tyd wanneer die kruik stukkend val. Die "porseleinkruik" (naas die metafoor soos in 2.2.2.2.1) is in die gedig 'n verdere toespeling op die kruik met die menslike oorskot na die kremasie. Met die eerste strofe word dus aangedui dat die mens se uiteinde stof is; dat alles tot niks kom nie. Reeds in die tweede strofe word aangetoon hoe die jonger lewe die prestasietyd was en die lewe met die vordering van jare verstil. Die gevaar bestaan dat 'n mens dan slegs deur en in die verlede se glories wil bly leef. Dié gevaar word drievoudig beklemtoon. Die glories kan 'n mens "knieserig" maak oor dit wat verby is; aan elke sukses kan vasgehou word tot vervelens toe en die werklikheid kan ontvlug word deur na die onmoontlike terugkeer na die verlede te hunker. Deur hierdie gevare te vermy, kan die mens sy laaste dae nog steeds lêwe. Deur aan die verlede vas te klou, word die hede ontken en die lewe as't ware as reeds geleef beskou. Retrogressie of teruglewe in die verlede is 'n algemene gerontologiese kode. Ironies genoeg word juis dít wat ontvlug word, met hierdie handeling bevestig en daarom moet mens "oppas" daarvoor. Hierdie universele probleem word beklemtoon met die gebruik van die onbepaalde voornaamwoord "mens".

Die herinneringe word vergelyk met die eggo's wat slegs 'n terugkaats van woorde, 'n "dor herinnering" is, waaruit geen lewe kan voortkom nie.

Dat die lewe naby sy einde is, word ryklik deur tyd- en seisoens-metafore (soos in 2.2.2.4 bespreek) geïllustreer. Die somer is verby; hooimied toon dat die oes ingesamel is; die dag nader sy einde want die kerk se skaduwees "kantel om"; die salamanders wat die son opsoek, groet. Daarby is die verwysing na seebegrafnis en graf.

Met die verwysing na Faust en Jubal word daar na onsterflikheid gesmag. Nie net is Faust die persoon wat talle kunstenaars se verbeelding aangegryp het nie, maar hy het met die duiwel onderhandel om sy siel vir 'n verdere 24 lewensjare van onbeperkte plesier en kennis te verruil. Uiteindelik het die duiwel hom vir homself toegeëien. Deur middel van die kunswerk is dit moontlik vir die kunstenaar om onsterflikheid te bereik.

Jubal word in die Bybel (Gen. 4:21) as die eerste kunstenaar bekendgestel en sy naam leef steeds voort. Faust het as karakter en as kunswerk onsterflikheid verwerf. Marlowe en Goethe se Faust is gebaseer op dr. Johann Faust of Faustus, 'n tovenaars en astroloog wat in Württemberg gebore is en ongeveer 1587 gesterf het. In 1587 is *Die geskiedenis van dr. Faust, die berugte tovenaars en meester van die swart kuns* deur Johann Spies in Frankfurt gepubliseer. Dit het gou bekend geraak en is in verskeie tale vertaal. Gefassineerd, maar ook bang vir Faust se uitdaging van die dood, word die tema deur talle kunstenaars weergegee. Goethe het in sy drama oor die figuur die nekromansie verander in die persoonifikasie van die stryd tussen die goeie en slegte in die menslike natuur. Daar is nog Spohr se opera *Faust* 1813, Wagner se ouverture, 1840, Berlioz se *Die verdoeming van Faust* 1846, Gounod se opera, *Faust*, 1859, Boito se *Mefistofeles* 1868 en

Busoni se *Doktor Faust*, 1925, aldus Brewer's Dictionary of Phrase and Fable (1988:417,418). Elk van bogenoemde pogings was 'n vergeefse strewe van die karakter na immortaliteit. Ironies genoeg het die kunstenaars se uitbeelding van Faust se stryd aan hulle onsterflikheid besorg.

Aanvanklik word 'n algemene stelling ten opsigte van die mens se lewensloop en die onafwendbare einde gemaak. In die tweede strofe word duidelik aangetoon hoe hierdie laaste jare nie verwyd moet word nie en in die daaropvolgende twee strofes word die futiliteit van teruglewe beklemtoon. Met behulp van tydmetafore word aangetoon dat die lewe tussen die geboorte en graf verloop en dat daar niks aan te verander is nie.

In die vyfde strofe word hierdie algemene verwysing nou baie persoonlik, want "ons", die "senior burgers" "sit en prut". Prut beteken dat die pot net-net aan die kook gehou word. Om die pot aan die kook te hou, beteken idiomaties om as't ware net 'n leeftog te bly verdien. Prut word nou 'n reduksie daarvan, net aan die lewe bly. Min kook, word min lewe. Hierdie senior burgers se gesigte dra die tekens van die ouderdom, maar ook op sosiale vlak is hulle onbetrokke en uit die samelewing onttrek, uitgestoot op die stoepe. Alhoewel hulle totaal onbetrokke is - "makrokosmies", "raak ons tog aan die sterrepunte soos aan oumanelle" - waardeur die vroeëre glorie weer opgeroep word en met "blink trofee" opgevolg word. Met behulp van die verlede moet die hede dus besweer word,

Naby aan die einde van sy lewe, omtrent gedurende die tyd toe hy "Sterrenag" geskilder het, het Vincent van Gogh (1959:605) aan sy

broer geskryf:

For my own part I declare I know nothing whatever about it (dying), but looking at the stars always makes me dream, as simply as I dream over the black dots representing towns and villages on a map. Why, I ask myself, shouldn't the shining dots of the sky be as accessible as the black dots on the map of France?

Just as we take the train to get to Tarascon or Rouen, we take death to reach a star. One thing undoubtedly true in this reasoning is that we cannot get to a star while we are alive, anymore than we can take a train when we are dead.

R. Arnheim (1966) toon in sy werk, *Toward a psychology of art* dat die sterrebeelde dikwels by ouer kunstenaars voorkom, asook die verband tussen die kunstenaar en sy taak. Daar is 'n analogie tussen die kunstenaar se lewensreis en sy taak om betekenis aan die lewe(nsgang) te gee. Kunstenaars se singewing aan en reken-skap van hulle lewe en kunstenaarskap word elk op sy eie manier aangedurf. dit word die digter, die kunstenaar se taak om die sterre te lees, dit as rigtingwyser te gebruik en die koers vir ander aan te dui. Van Heerden dui in sy verwerking van eie afta-keeling ook die weg vir ander aan.

Sterre is 'n motief wat vry algemeen in Van Heerden se gedigte voorkom. Dikwels as noodsaaklike rigtingwysers (reismetafore) vir die skeepsvaarder op die reis. Vergelyk ook "Die digter as sterrewiggelaar" (AV,77).

Die senior burgers het 'n netelige probleem. Hulle sit vasgevang in 'n tussenstadium; nie meer deel van die lewe nie, maar ook nog nie dood nie. Terug kan hulle nie, slegs vorentoe en daarom "verwyl" hulle die tyd "tussen die blink trofee". Dit wat agter lê, bly steeds meer opwindend as wat hulle nou beleef, of die onbekende en die dood. Die paradoksale voorlaaste strofe waarin "sonder" parallel aangewend word, toon die ironiese bestaan van

die senior burgers:

Meer sonder oewers,
berge sonder spits,
oerwoud sonder toppe

Hulle het reeds die hoogtepunte beleef, maar nou is daar geen redding of klimaks nie. Nou word die leser, senior burger en mens direk aangespreek met die slotstelling; "die astrologie/ is 'n digterlike wetenskap". Die implikasie is dat die mens se lot afhanklik is van die loop van die sterre. Hierdeur word aangesluit by die dag-wat-verbygaan-beeld en die feit dat die onbetrokke bejaardes "aan die sterrepunte raak". Dié digterlike wetenskap is al waarop die mens sy hoop kan vestig as hy nog op verlossing hoop.

Digterskap word so 'n doodsbeweringskode.

3.11 DIGTERLIKE ONSTERFLIKHEID

Vertaal my
sodat ek ook in ánder klankgolwe
betekenis kry,
ook as ek wil prewel in 'n denkbegín
E. van Heerden (1993:67)

In etlike van Van Heerden se gedigte blyk dit duidelik dat die dood al is wat voorlê. Saam met die besef van die dood is daar 'n sterk hunkering dat dit tog nie die finale einde is nie; dat dit nie uitloop op die niks nie en dat die persoon wat gelewe het iets agterlaat wat 'n mate van onsterflikheid sal bevestig.

Aangesien 'n mens nie fisiese onsterflikheid kan bereik nie, moet dit ten minste op 'n geestelike vlak moontlik wees. "Vooruitsig (N,43) worstel met hierdie probleem:

VOORUITSIG

Bewus van paradyse en woestyne om hom heen,
soek hy in labirinte van besinning
die gronde vir die durende bederf
wat hy sy lewe noem
en moet teësnig 'n bekentenis aanvaar:
hoe swak en weerloos
was hy teen onvervuldheid gans bestand.

Want dit word geopenbar
dat hy as digter
op drieërlei wyse sal moet sterf.
As die narsingeur
en die raaiselagtige rose
reeds verwelk is
voor die oondvuur
se verbysterende gloed
wat vlees en been verteer,
is dit rekenkundig die primêre dood.

En later as dit al hoe duideliker blyk
sy verse word minder aangehaal, gelees,
'n verleentheid vir alle betrokkenes -
die tyd se stroom en golwe het hom
ampelik tot enkel voetnoot omgerek -
dit is die tweede, die hartseerste dood.

As dié waar hy die warmste liefde kon ervaar,
met hul herinnerings ook sterf,
dan is die niks voltooi
en vervolmaak.

Hierdie is die inleidende gedig in die rubriek getiteld "Vergissmeinnicht". Verrassend genoeg is die titel "vergeet myne nie", waar 'n mens eerder "vergeet my nie" sou verwag het. Die gedigtitel wek die vermoede van iets positiefs waarna uitgesien word. Reeds die eerste versreël toon albei moontlikhede, naamlik "paradyse en woestyne". Die spreker het wel die vryheid van keuse, maar "labirinte" en "durende bederf" versterk die vermoede dat die titel ironies gelees moet word as swak vooruitsig of selfs paradoksaal as geen vooruitsig, maar uitwissing. In die slot, na die derde dood, is die uitwissing "vervolmaak". Dit sou wees asof iemand glad nie gelewe het nie. In plaas van toekoms, is die vooruitsig 'n doodloopstraat.

Die enigste vooruitsig vir die spreker, vir elke mens, is die dood. Dit dwing ook tot rekenskap. Daarom is daar saam met die besef van die "durende bederf" ook die onbeantwoorde vrae na die redes daarvoor. Daarom kom hy tot die besef dat hy "swak en weerloos" was teen die onvervuldheid, en juis as digter sal hy drie keer moet sterf. Die eerste dood is die fisiese dood wanneer die liggaam deur kremasie vernietig of uitgewis, "verteer" word sodat niks herkenbaars oorbly nie. Tweedens wanneer hy as digter nie meer vir die leser bestaan nie; hy so in die vergetelheid verval het, dat 'n voetnota sal moet verduidelik. En dit is vir die digter die hartseerste dood want dan was sy digterlike bedryf tevergeefs. Maar wanneer dié wat hom met warm liefde onthou het, sterf, bly daar niks oor nie en sterf hy as mens finaal; word hy koue geskiedenis in naslaanwerke.

Die aftakelingskode, "durende bederf", se gang word ondersteun deur: "swak en weerloos" (versreël 6), "onvervuldheid" (versreël 7), "drieërlei wyse sal moet sterf" (versreël 10), "verwelk" (versreël 13), "vlees en been verteer" (versreël 16), "primêre dood" (versreël 17), "tweede hartseerste dood" (versreël 23), "herinnerings ook sterf" (versreël 25) en "die niks voltooi" (versreël 26) dan is die bederf "vervolmaak". In die slotstrofe word die versreëls al korter, minder soos wat die geleidelike wegsterf sal plaasvind, en ironies word die niks dan volmaak.

Van Heerden vra in sy outobiografiese vertellings (1988:108):

Wat word van digters na hulle dood? Hierop kan die sinici seker rustig antwoord: Hulle bly dood. As 'n mens let op die beperkte rol wat digters in die lewe van 'n volk (die mensheid?) speel, steek daar 'n element van waarheid in die houding.

en ook:

So is die "resepsie", ook van die nageslag, nie in ons hande nie. Ons moet maar woeker met wat ons het en die kwade dag van afrekening so lank as moontlik uitstel.

Die spreker kom tot die gevolgtrekking dat die digter drie maal sterf. Die simboliese waarde van drie (De Vries, 1984:463) dui op volledigheid, voltooidheid en perfektheid. Dit dui verder op begin, verloop en einde; geboorte, groei en dood. Hierdie waardes onderskryf die inhoud en gevolgtrekking waartoe in die gedig geraak word.

Die blomme, narsings en rose, wat in die gedig ter sprake is, bevestig die doodskodes. Narsings se simboliese betekenis hou verband met die getal drie, want dis 'n blom wat drie maal per jaar blom en dit val saam met die tradisionele ploegtye. Verder is dit ook simbool van ydelheid en selfliefde (De Vries, 1984:338). Selfs die roos simboliseer ydelheid, maar hou verband met die paradys en transendensie van die menslike siel (De Vries, 1984:391). Alhoewel die finaliteit van die algehele dood beklemtoon word, glimmer daar tog iets van die hoop op herlewing en onsterflikheid.

Alhoewel "Sewentig plus (AV,12)", soos die voorafgaande gedig, die dood as die enigste bestemming uitwys, is die slot positief met die hoop op herlewing, 'n moontlikheid tot nuwe groei.

SEWENTIG PLUS

Soos nagte langer uitwas,
word harte
op ryp en winter ingestem;

en luste, hongers, bloedbehoefte
is ongesiens, gelate
tot 'n maanlandskap hobbelerig gestoot.

Letsels, grippe, kerwe en vlekke
wil spoorsny
soos die ploeg geloop het,
wys hoe klonterig
die kluite alkant vou.

Verlore in ons geologiese drome
vra die bordjie voor die kamer:
moenie steur!

Want as die donder luider praat
en in Sanskrit sy woede uitbulder,
is hy 'n indringerige gas aan huis
waar ons so kwesbaar en bedremmeld bibber.

Uit nekrologiese geheues
kom die preweling:

Heer, help ons
om in die droë lei-akkers
die mildelike modders in te wag.

Op sewentig plus moet die mens besef dat hy op nag en winter
ingestem moet raak. Hy moet vrede maak met die vooruitsig op die
dood en rekenskap van sy lewe gee.

Met behulp van 'n komplekse tydmetafoor en tipies gerontologiese
aftakeling- en doodsbeelde van nag en winter word die persoon
ouer as sewentig se vooruitsigte uiteengesit. Daar word terself-
dertyd op aftakeling en dood asook herlewingsgedui. By implikasie
volg dag op nag en lente op winter.

Die lewe na sewentig word vergelyk met nagte wat langer word. Dit
is, net soos die tydmetafoor in versreël 2 - 3: "word harte// op
ryp en winter ingestem", gerontologiese metafore wat op die einde
van die lewe dui en dus die vooraand van die dood aankondig.
Hierdie winterbeeld word metafories deurgetrek. Winter is die
dooie of russeisoen waarin die lande gereed gemaak moet word om
die someroes te ontvang. In strofe drie word ploegmetafoor van
die aftakeling wat met ouderdom gepaard gaan, sodat die kluite
klonterig na albei kante toe vou. Maar hierdie ploeg hou verband

met die "letsels, grippekerwe en vlekke" wat verband hou met die aftakelingskodes. Dit is die tydspoor wat gelaat is. Kluite wat alkant vou, kan terselfdertyd na die graf verwys. Dis verder die gereedmaak vir die nuwe oes wat na die winter in die grond moet kom. Die donder verwys na die reën wat die "droë lei-akkers" in "mildelike modders" moet verander.

Donder is egter ook die oeroue (Sanskrit) teken van die apokalips, ongewens ("opdringerige gas") en gevrees ("kwesbaar en bedremmeld bibber"). "bibber" is reaksie op die winter en ryp. Ryp dood die plante. Uit die herinneringe aan die mense wat reeds oorlede is, of die besonderhede van 'n pasgestorwene (nekrologiese geheues) word aangetoon dat dit die lot van die persoon van sewentig plus is. Ironies genoeg, kan "ryp" ook die teendeel beteken, naamlik om volle wasdom (die klimaks) te bereik, maar daarna begin die afloop, die einde van die lewe. Die doodskodes en wintermetafoor ondersteun mekaar.

In gebed word daar in die slot gesmeek om hierdie afwagting op die dood as 'n positiewe transformasie en as geleentheid tot nuwe groei te ervaar. Alhoewel nog in die greep van die "droë lei-akkers" is daar die vooruitsig van die "mildelike modders". Dis duidelik dat hierdie gedig uit die afdeling "Volgende asseblief" kom. Ook die motto geld hier, naamlik: "Turn from us all those evils that we most righteously have deserved".

Uiteindelik kom die spreker en digter tot die gevolgtrekking dat die dood noodsaaklik is om die lewe te voltrek. Dit is die logiese uiteinde van die lewe. Die dood is ook die spieël waarin die lewe gereflekteer moet word. Dit dwing die mens om vrede te

maak met die lewe en die dood en afstand moet van die lewe gedoen word, daar moet opgehou word om terug te kyk. Doodskodes word so ook herlewingskodes.

TSAL HIER ZIJN GHEDAEN (N,49)

...En alleen is leven leven
als het tot den dood ontroert
P.C. BOUTENS

'n Hele lewe is haas afgewikkel -
dus: raak ontslae, deel uit, maak vrede,
los die gepieker, die weërige terugskouings
wat almal (veral lydsame vriende)
nou onuitspreeklik moet verveel;

lewe en dood is waarlik
twee eenderse onwerklikhede,
wat onbesonne en venynig
mekaar die loef wil afsteek;
maar hoe kan ons in goeder trou
soos figurante in 'n korridor
die teistering van eenderse spieëls
weerskante nog verduur?

Miskien moet ons
-soos die digters eeuelank voorsê -
van vyande liewers makkers maak,
dat net soos by spoeling van die littoraal
ek en genote nou kan sien en proe
hoe die rivier, die see
hul varsheid en hul soute
steeds verrykender kan deel.

In plaas daarvan om na die vyand as die dood te kyk, moet dit dus aanvaar word. Die kodes wat meewerk om die onsterflikheid van die digter as spreker te bevestig of te bevraagteken, is die dood- en sterwenskodes, groei-, herlewing en immortaliteitskodes.

3.12 TERUGSKOUING EN JEUGHERINNERINGE

Naarmate men ouder wordt vervangt
men aardrijkskunde met geschiedenis.
K. Jonckheere (1970:65)

Die jeugherinneringe is terselfdertyd 'n blik op die verlore paradys, maar ook bestekopname van wat gedurende die leeftyd

bereik is. Die beelde van herinnering in hierdie afdeling is oorheersend en soms "rotte van herinnering", soms afgeremde herinnering" of hy het "blink en borrelend geleef" en sien 'n mens as "'n hele lewe se kardoese" en die "speelgoedwinkel van die hart". Hierdeur word getrag om die menslikheid te verstaan en antwoorde te verkry. "Besoek aan die geboortedorp" (AV,63) en "Opruiming" (AV,61) twee herinneringsgedigte loop albei uit op 'n soort ontnugtering. Ten slotte kry die hart wat sy eie hongerte vertroetel.

Die herinneringe is aan die een kant die terugleef in die verlede van 'n ingeperkte wie se onmiddellike grense vereng het en 'n wyse waarop die najaarstyd beleef en teruggeleef word. "Die herinneringe se storiekruik gulp voort". Aan die ander kant is dit bestekopname van 'n lewe wat agter lê en daarom is die herinneringe dikwels ontgogelend, soos in "Karoostasie, middernag" (N,29) en "Misanthrop" (N,50) en die "drome lank reeds op die vullishoop" (Biervlek, N,57). Nie alle herinneringsgedigte bring ontnugtering mee nie, maar het soms 'n gelukkige slot, byvoorbeeld "Amsterdam" (N,38). Daar kan nie in die herinnering vasgesteek word nie en gewoonlik keer dit na die huidige toestand terug wat 'n teenstelling met die verlede is. ¹ "Klein vaderland" (TV,18), soos "Opruiming" (AV,61), is 'n herinneringsgedig, maar

¹ Herinneringsgedigte ten opsigte van veral die Karoo-jeug, is byvoorbeeld "Operasie" (TL,21), "Brief uit die dodesel" (TL,33) "Brief in die lente" (TV,4), "Digterlike toerusting" (TV,8), "Seeloop" (TV,12) "Pearston herbesoek" (TV,10), "Algemene handelaar" (TV,16), "Klein vaderland" (TV18), "Verplasing" (TV41), "Tussenstasie" (KW,53), "Begin en einde" (KW,75), "Kleintyd" (SS,33) "Terugblik" (SS,77), "'n Vreemde man" (SS,78), "Bossiestee" (SS,82), "Pandjieswinkel" (SS,86) "Ramp" (SS,88), "Dorpsbegrafnis" (SS,89), "Appels" (AV,18), "Ouma en kleinseun" (AV,62), "Opruiming" (AV,61), "Besoek aan geboortedorp" (AV,63), "Sirkus op die Karoodorp" (N,14), "Uitwissing" (N,16).

dit hou ook rekening met die toekoms en konfronteer die gedagte aan die dood as eindbestemming.

KLEIN VADERLAND

My vroeë jare was lenteblink;
min dinge het die seunstyd ru
versteur - geen sterfgeval, behalwe
van 'n verre, skaars bekende oom.

Pearston se skoon Karoolug
was te heilsaam vir die dood;
maar saggies het die oues weggekwyn,
en oral het die kerse laag gebrand.

Die dood se gang was in my boeke:
bloeddorstige Shakespeare
met wrede Macbeth
en edel Hamlet, lief Ophelia.

Deur drama, vers en ou verhaal
het ek die dood leer ken,
en toe, eendag, ook nader tuis
ons kerkhof, blomverlep en stofgetrap.

Pa se graf, bedagsaam en voorlopig
reeds netjies uitgemessel,
was wagtend op 'n man en vrou
wat saam daar weggelê moes word.
Maar hy rus enkel: die asse
van ons Ma is in die Jakarandastad
gestrooi - bemesting vir 'n tuin
wat ver is van Karoobosgeur.

My verse oor die dood as mooi koraal
was teoreties en versin;
literêre oefeninge vir
'n later ernstige spel.

Saam met die Karoo-vertrek
het ek die menseliefde kwyteraak,
en soek nou boetedoening
in 'n onbekende, bitter plek,

om aptekerswys, falankse
fyn fiooltjies¹ aan te koop -
as waarborg van 'n elikser
vir ontwyfelbare onsterflikheid.

Maar uil-gedagtes fladder terug
na die ou verrinneweerde hof
met sy half-ge vulde dubbelgraf
wat so geduldig wag.

1. 'n Langhalsfles met ronde buikie. (HAT, 1994:214)

In die kinderjare was daar (soos die gediginhoud bevestig) geen besef van die dood nie. Deur die algehele afwesigheid daarvan, word die dood ontken. Geleidelik maak die spreker op indirekte wyse met die dood as werklikheid kennis. Vroeër, deur die oë van die kind, het die ouer mense saggies, dus ongemerk, "weggekwyn".

Daarna kom die spreker deur middel van sy boeke en karakters met die dood in aanraking, veral met onnatuurlike sterftes: moord (Macbeth) en selfmoord (Ophelia). Met sy eie ouers se dood begin dit vir die spreker 'n realiteit word, en deur middel van aftakeling en eie toenemende ouderdom, word dit aan eie lyf ervaar. Die besef daag dat dit die onontwykbare uiteinde van elkeen is. Vanaf die oues wat so ongemerk "wegkwyn", het die lewe nou sy volle loop geneem vir die spreker wat self met falankse en fiooltjies probeer ontsnap.

Twee ruimtes word teenoor mekaar geplaas, naamlik die werklikheidsruimte waarin die spreker bestaan en die psigiese ruimte binne die spreker in die vorm van herinneringe. Die vroeëre herinneringe word met "was" aangetoon en is afgehandel. Die jeugruimte is nie net ver van die dood verwyder nie, maar nuut, gesond en idillies: "my vroeë jare was lenteblink", en min dinge het die seunstyd "ru versteur" en "skoon Karoolug". Die "maar" in strofe twee toon die wending wat ingetree het. Gaandeweg het die dood die gang versteur. Teenoor die gelukkige jeugruimte word die "onbekende, bitter plek" gestel waar die spreker deur middel van boetedoening bevryding soek. Hierdie "plek" kan ook na die huidige toestand verwys. Daarom dat die terugblik terselfdertyd bestekopname is. Gaandeweg het die dood die gang versteur. Ma se as is in die Jakarandastad gestrooi en rus nie soos beplan saam

met Pa nie, wat nou alleen in die dubbelgraf is. Daar is 'n suggestie dat die graf "geduldig" vir die spreker wag.

Eufemisme word gebruik om die harde werklikheid van die dood te temper wat sy lewe nou, anders as in die seunstyf "ru versteur". Dié eufemismes kom dwarsdeur die gedig voor: "maar saggies het die oues weggekwyn", "oral het die kerse laag gebrand", "saam weggelê moet word" en "hy rus enkel".

Reeds vanaf die verwysing na die stofgetrapte kerkhof kom die beelde van dood en aftakeling voor. Daar is geen romantisering meer oor die dood as "mooi koraal" nie en "vroee lente" in die eerste strofe word in die slotstrofe met "uil-gedagtes" gekontrasteer. Die spreker erken self sy teorieë oor die dood was slegs "literêre oefeninge vir// 'n later ernstige spel".

Jeugherinneringe is soms 'n ouderdomsontkenningskode. Deur terug te kyk, word aan die huidige onaangename en gestremde situasie ontsnap. Die tydperk wat in die toekoms lê, is onseker. Saam met herinneringskodes sou "Slaapwandelaar" (TV,38) en "Droom" (TL,62) as gedigte met ontkenningkodes geklassifiseer kan word.

DROOM (TV, 39)

Helder herinnerde heerlikheid
van beurende
tone, knieë, dye
van destyds...

Dit was my droom vannag:
ek kyk by my verminkte dye langs,
en sienderoë
word 'n klein mirakel
onder my voltrek:
soos kruise
waaruit die wonderrose bloei,
spruit uit my stompies,
uit die afgekapte onderlyf,
gaaf en heel,
die bene roserooi.

Soos die jeugherinneringe soms ontvlugting uit die onaangename onaanvaarbare werklikheid is, verrig die droom dieselfde funksie. In die droom word die vroeëre toestand wonderbaarlik en volkome, nuut herstel sodat die "beurende" kragtigheid van die geamputeerde bene herstel word. Die felheid van die verlies word deur kontras sowel as kruheid beklemtoon, soos aangetoon met: "verminkte dye", "stompies", "afgekapte onderlyf" en daarteenoor slaan "wonderrose bloei" op die kuur van die rose, groei en bloed wat saam met die kruisverwysing op redding dui. Afgekapte stompies dui op 'n boom wat afgekap is en daaruit spruit nuwe takke. Hierdie wonderwerk word die beswering teen die verganklikheid. Progressie toon aan hoe daar uit die nuttelose stompies goeie, nuwe bene groei. Die huidige toestand word nie net deur die droom 'n ontkenning van die huidige toestand nie, maar algehele herstel.

'n Belangrike deel van die geestelike tydverdryf in die later jare is om die lewensbedryf in oënskou te neem. Memoirs word geskryf en verantwoording van die digterlike bedryf word kode in gedigte soos: "Skryfprobleem" (TV,56), "Die onvoltooide gedig" (TV,54), "Geschilderde tuin" (TL,4), "Tom de Reimer" (TL,10), "Surrealisties" (TL, 53), "Mislukte doel" (SS,45), "Afskeid" (SS,53), "Digter emeritus" (SS,70) "Sub A" (SS,70), "Die handle-ser" (AV,21), "Die digter as sterrewiggelaar" (AV,77), "The truth of masks" (AV,83), "Jong digter" (KS,35), "Klipfantasie" (N,27). Dis egter nie net die digterlike bedryf wat gerontologies bedreig word nie, maar alle bedrywe soos dié van die visserman en werktuigkundige en ander kunstenaars.

3.13 RUIMTEKODES

In die krisanteweer van die jaar
word ek stoepsitter en sterreteller,
beskou die jare se herinnering
al ontstellender
soos hul anders in eendersheid wil wees.
Ou huis (E. Van Heerden, 1996:30)

In 'n gesprek met George Boshoff (1975:9) kort na die verskyning van *Tyd van verhuising* (1975) verklaar Van Heerden dat hy so gou moontlik na die operasie wou terugkeer na sy huis om naby die dinge te wees wat vir hom kosbaar is: boeke, plate en skilderye. Hierdie bundel word 'n spieël van sy herwaardering van alles. Die poësie is baie persoonlik soms bitter, soms vol huiwerige vrees vir die ouderdom soos sy aftrede wat twee jaar verder gelê het.

Die gerontologiese ruimtekodes manifesteer sig veral in die verkleinde ruimte van die bejaarde en funksioneer baie prominent in *Tyd van verhuising* (1975). As gevolg van die inperking wat die ouderdom meebring, bevind die bejaarde hom al hoe meer in afsondering, ingeperk in 'n (ouetehuis-)kamer waarvandaan hy uit-kyk.

Ook op geestelike vlak word daar na binne gekeer en vanuit hierdie geestelike binneruimte na buite (verlede en toekoms) waargeneem. Hierdie verinnerliking gaan gepaard met bestekopname van wat is, was en hopelik sal wees. Hierdie kodes kom sterk voor in gedigte soos: "Huisbaas" (TV,25), "Verandering" (TV,28), "Die enkeling" (TV, 36), "Die lewe is 'n cliché" (TV,40), "Tronkbe-waarder" (TV,47), "Klag van die witrenoster" (TV,52), "Albino springbok" (TV,54), "Voël in 'n kou" (TV,61), "Aangehoudene" (KW, 55), "Die gevangene" (AV,74). Eensaamheid is 'n verdere kode in hierdie verband.

Minder wisselende geografie kom in die later bundels voor. In die

vroeëre poësie het Van Heerden veral die buiteruimte benut, maar nou word binneruimte en meditasie benut. Die groot buite kom nou na binne en hy kyk van binne uit na buite; letterlik en figuurlik.

HUISBAAS (TV, 25)

Nou word my dae ingekatrol
soos vrye vlieërs van weleer:
die doringdraad van binnenshuis
'n vlugoord vir die hart se seer.

Die wêreld word dan ingeperk
tot al wat grens is en amorf,
maar vrye beelde soem in my
soos goue bye om die korf.

Die ironiese aard van die titel vestig die leser se aandag daarop dat die inwoner nie die baas van die huis is nie, maar dat die huis in werklikheid die inwoner se baas word, sy tronk, plek van noodgedwonge inperking: "die doringdraad van binnenshuis". Terselfdertyd word dit ook die (toe) "vlugoord vir die hart se seer". Die inperking van 'n vol en groot lewe word in die eerste plek metafories bepaal deur: "my dae word ingekatrol// soos vrye vlieërs van weleer", en herbevestig met "die wêreld word dan ingeperk. In teenstelling met die fisiese inperking kom daar 'n soort geestelike bevryding. Anders as met 'n vlieër waarvoor beheer uitgeoefen word en wat altyd geanker word, is die by se korf (as sy anker) sonder fisiese bande. Alhoewel daar inperking is, word die gedagtes geensins begrens nie. Deur middel van die gees word aan die liggaamlike inperking ontkom, en is bevryding moontlik. In daardie opsig is die inwoner nog steeds die baas van sy huis. Die binneruimte en fisiese inaktiwiteit lei tot ontginning van die innerlike.

Soos reeds in vorige gedigte in die hoofstuk bespreek, is hier dus weer eens 'n kontrastering van definitiewe binne- en buite-

ruimtes, van weleer en tans.

Die vereensaming en die inperking tot die huis word versterk deur die nagmilieu in "Opruiming" (AV, 61) waar die "laataandse winde// aan dakpanne en kosyne ruk,// die huis sy fondamente wil verskuif". Nie alleen word hy ingeperk nie, maar sy wêreld word onveilig.

OPRUIMING

Wanneer laataandse winde
aan dakpanne en kosyne ruk,
die huis sy fondamente wil verskuif,

word die vergeelde lessenaar
se laaie oopgetrek
vir die selfkoesterende verkenning
van opgegaarde knutselarye
en die ou koeverte van herinnering
uitgeskud.

Dié bindlint in sy dik rol
moes 'n gedeë manuskrip omvou
en afsydig in 'n ver buro beland.

Dié sleutelring van 'n eerste vuurwa
het geklingel en gebokspring
oor vreugdes op onbeproefde paaie.
Dié sakmes uit 'n prille tyd
moes toue, sweepstok, biltong
hanteerbaarder vir handjies maak
Die eerste bril
- weinig toé miopies -
moes 'n skilpadraam na wysheid voer.

Inkstempels met gesloopte woning se adres,
bestempel nou verwyf
oor liefdelose, ongeskrewe briewe.

Die relikweë van beswering
word 'n ouditeur se somtotaal

Dus:
hou liever alle laaie tóé

Die metaforiese tydverwysing sinspeel deur "laataandse" dat die einde van die lewe bereik is, en "fondamente wil verskuif" versterk die gedagte dat 'n bepaalde tyd uitgeloop het. Dit sluit

verder aan by "gesloopte wonings se adres" in die sewende strofe wat op letterlike vroeëre wonings toon.

'n Hele lewe en sy hoogtepunte word gereduseer tot 'n enkele lessenaarlaai. Die artikels soos, inhoude van 'ou koeverte, 'n manuskrip, sleutelring van die eerste motor, sakmes, eerste bril, inkstempels van vroeëre adresse sal vir enige ander mens "opgegaarde knutselarye" wees. Vir die eienaar is dit egter relikwieë waarmee hy die ouderdom kan besweer. Dit is net soveel werd as die gevolgtrekking. Deur die laaie oop te trek, het hy "die ou koeverte van herinnering uitgeskud" en daardeur 'n "selfkoesterende verkenning" begin. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat eintlik nie veel oorgebly het nie en daarom moet die laaie liewer dig gehou word. Deur die herhaling van "eerste" word gesuggereer dat hy nou met die laaste in 'n reeks besig is.

Juis dit wat vir ander mense nuttelose gemors sou wees en sonder meer opgeruim sou word, word vir die bejaarde sy kosbaarste besittings en kan as besittingskodes aangedui word.

Alhoewel "Aan die verhuisingsmanne" (TV,15) duidelik in die afskeids- en doodskodekategorie inpas, bevat dit belangrike ruimtecodes sover dit die bejaarde aangaan. Soos in die vorige gedig aangetoon, is daar sprake van verhuising, van die aflegging van die lewe. Alhoewel die laai op die verlede toegestoot word, is daar nog nie toekomsbeplanning nie. Die volgende gedig is die logiese uitvloeisel van daardie stap, naamlik die toekomsbeplanning: die aflegging van een ruimte en die aanvaarding van die volgende.

AAN DIE VERHUISINGSMANNE

Dra saggies, vriende,
want sierpotte en erdewerk,
keurborde en fyn glas
sluit 'n hele lewe
met sy drome
en verlangens in;

Dra saggies, mededraers,
want die drag
van veerbed,
tafels, lessenaar
druk teen die bors
se dun skelet;

Dra saggies, regters,
want die oordeel
oor my klein bedryf
lê vasgevang
in prente, boeke
en 'n eie ou gemakstoel;

Dra saggies, gode,
want die hart se porselein
is broos en tot veel seer
en kwesbaarheid geneig:
die kratte van 'n lewe
kan so maklik breek.

Met die letterlike lees van die gedig word 'n trek met al die risiko's wat met gewaardeerde besittings gewaag word, op die mimetiese vlak betrek. Gou besef die leser dat die eufemistiese titel slaan op die dood. Die menslike lewe, broos en vir eindigheid bestem, word vergelyk met dit wat deur 'n leeftyd byeenbring is en self ook breekbaar is. Deur parallelisme word 'n hele aantal ander mense betrek wat veral versigtig te werk moet gaan, naamlik vriende, mededraers, regters, gode. Herhaaldelik word in die eerste versreël van elke strofe 'n opdrag gegee dat daar "saggies" gedra moet word.

Progressie in die gedig toon dat die draers nie net gewone (verhuisings)mense is nie, maar dat die vordering geleë is in die opeenvolging van die aangesprokenes, naamlik: vriende, mede-

draers, regters en gode. Daar word ook van die aardse na die bo-aardse beweeg.

Ohlhoff (1981:140) toon dat die opdragontvangers 'n bepaalde verwantskap met die spreker vertoon. Die vriende is persone na aan die spreker wat sy drome en verlangens gedeel het, daarom sal hulle versigtig daarmee kan omgaan en nes werklike verhuisingsmanne die ornamente saggies moet dra, sal die vriende die drome en verlangens van 'n ganse lewe versigtig hanteer. Mededraers staan 'n bietjie verder van die spreker af as die vriende. Hulle word verbind met die meer alledaagse artikels soos 'n bed, tafel en stoele (gebruiksartikels teenoor die vorige strofe se estetiese objekte). Dit moet ook saggies gedra word want dit hou verband met die "bors se dun skelet". Met die begrafniskonnotasie van mededraers word die broosheid van die liggaam en sterflikheid beklemtoon.

Vir sy bedryf vra die spreker respek van die "regters" - mense wat nog verder van hom af staan - se oordeel. Deur twee metafore word die oproep in die laaste strofe op die "gode" gedoen: "die hart se porselein" en "kratte van die lewe". Die eerste wys op die emosie en die tweede op die liggaamlik broosheid en die dood waarop die mens afstuur. "Die vleeseters" (TV,42) sluit hierby aan met sy slotversreëls: "rol, o rol, o rol die kiste uit...

Dis die besef van die dood wat die mens weer eens na sy besittings, waardevolle artikels en lewensbedryf laat kyk. Die spreker besef dat hierdie artikels, asook sy lewe, vir geen ander mens die waarde kan inhou wat hy self daaraan heg nie. Alhoewel dit nie hier ter sprake is nie, is dit 'n belangrike rede waarom 'n mens jou besittings aan iemand sal nalaat wat dit wel sal kan

waardeer - dit saggies sal dra. Daardeur word iets van die self die toekoms ingedra en word 'n mate van onsterflikheid bereik.

Die ruimtelike kodes word ondersteun deur besittings- en verhuissingskodes, binne- en buiteruimtes, die uitkyk na buite, inperking, winterse landskappe wat die spreker bedreig.

3.14 "DIRTY OLD MAN"- EN WYSE-OU-MAN-KODES

Twee algemene figure in ouderdomskunswerke is die "dirty old man" en "wyse vader". Albei hierdie figure word in Ernst van Heerden se latere poësie aangetref. Vergelyk byvoorbeeld "Die ou wellusteling" (TL,62), "Die verkragter" (TL,37), "Gluurder" (SS,23), "Die nudis" (AV,19) en "Die marmersater" (N,36). Rypheid en wysheid van 'n ryk lewe en wye ervaringsveld vind neerslag in die poësie.

Daar word rekenskap gegee in hierdie verband, vergelyk "Digter emeritus" (SS,63) waarin die negatiewe deur die poësie gepuur word en gedigte soos "Huisbaas" (TV,25), "Droom" (TV,25), Begrafniskapel (TV,48). Hoedat wysheid deel van die bejaarde se positiewe eienskappe en ontwikkeling is, is reeds hierbo aange- toon daarom word slegs die negatiewe onder hierdie opskrif geïllustreer.

DIE OU WELLUSTELING (TL,62)

Uit die bronstyd
dié uitgedyde horing-ouderdom:

elke mini-lag en -swaai
laat geskifte bloed
uitraas, uitwoed...

maar binne is vermolmde hout,
en drifte kort en slap
die ou leersak se wyn nou suur.

Die woord "bronstyd" het nie net 'n seksuele konnotasie nie, maar bevat ook 'n verwysing na die jeugdige bekwaamheid in dié verband. Die tweede versreël bevestig dit. Strofe twee gee die rede vir die toestand maar "geskifte bloed" toon die verandering wat deur die ouderdom meegebring is. Die reaksie is nog heftig. Die teenstellende voegwoord "maar" waarmee die derde strofe ingelei word, toon dat die uitkoms egter teleurstellend is vanweë die ouderdom", "vermolmde hout", drifte kort en slap" en "die ou leersak se wyn nou suur". Die gerontologiese aftakeling van die liggaam lei daartoe dat die drifte soos vroeër ontketen kan word, maar die liggaam laat hom in die steek. Volgens die liggaanlike vermoëns sou dit eintlik onbetaamlik wees om nog op erotiese prikkels te reageer, vandaar die gedigtitel met sy dubbele negatiewe suggestie, naamlik oud en wellusteling.

"Gluurder" (SS,23) sluit aan by die gedagte van die ongeoorloofde erotiese.

GLUURDER

Hoe trek die lig
 en die enkel onbewaakte luik
 die weerlig en die krieke nader;

Lotharius tussen die asters
 adem in die marathon
 en moet sy lyf langs meidorings wring;

sien deur die tenger kuisheid
 hoe geblomde skerms golf, teater word,
 en sy,
 roekeloos voor die vensterruit-proscenium,
 die aaiende hande
 oor skouerblad en bekkenholte sag laat fladder;

hy snak
 by die puil van skaduborste,
 die skimmespel van dye
 en 'n eden-buikie mals en nawel-wit...

as waardig en betigtend
sy die skaamtelose hortjies sluit,
ruk hy die nat gras woedend los.

Hierdie gedig kom in die afdeling "Gestalties" voor en word direk voorafgegaan deur "Senior burgers" (SS, 21-22) en "Tuismeganikus" (SS, 20) en opgevolg deur "Vonnis-afwagtend" (SS, 24) en "Do not go gentle" (SS, 25). Hierdeur, asook die teenwoordigheid van ander gerontologies-verwante gedigte word die verwagting by die leser geskep dat die gluurder 'n ouer persoon is wat 'n jong meisie of vrou afloer.

Die gluurder word vergelyk met Lotharius, 'n ligsinnige vroueverleier in Rowe se *The fair penitent* (1703) wat deur die lig in die oop venster "onbewaakte luik" nader getrek word. "Onbewaakte" bevat die suggestie van 'n bedreiging. Hoe hy indring, word aangetoon deur die teenwoordigheid tussen die asters (ook verwysing na 'n jong meisie) en hoe hy langs die "meidoring wring".

Teenoor die doelbewuste, doelgerigte handeling van die gluurder word die onbewuste handeling van die meisie as onskuldig voorgestel: "tenger kuisheid". Sy is onbewus daarvan dat haar handelinge soos op 'n verhoog ("teater") 'n duidelike reaksie by die toeskouer ontlok: "hy snak". Wanneer sy die "hortjies sluit", is die reaksie heftig: "ruk hy die nat gras woedend los". Op seksuele vlak word die ouer persoon uitgesluit, soos in "Dawid-Leeu" (SS, 12) en "Ou wellusteling" (TL, 62) is hy genoodsaak om slegs belustige toeskouer te bly.

Biologiese aftakelingskodes bevestig op 'n teenstellende wyse dat die belangstelling en begeerte die vermoë oorskadu en daarom word die erotiese kode (wellustigheid) ook gelyk ontkenningkode.

Dit blyk duidelik uit die bespreekte gedigte dat dit moeilik is om slegs een bepaalde gerontologiese kode per gedig(te) te isoleer. Meestal oorvleuel die biologiese, sosiaal-gerontologiese, ontkennings-, onthegtings-, sterwens- en ruimtecodes. Al die kodes saam vorm die netwerk waarvolgens die gedigte as gerontologiese gedigte geklassifiseer kan word.

3.15 VOORLOPIGE SAMEVATTING

Ernst van Heerden se bundels sedert *Teenstrydige liedere* (1972) bied 'n ryke verskeidenheid gerontologiese kodes in oorfloed aan. Dit is onmoontlik om volledig aandag aan al die gedigte met hierdie kodes te gee. Deur middel van 'n seleksie is getrag om aan te toon hoe die ouderdom sy merk op die liggaam maak, dit aftakel, watter sielkundige implikasies dit inhou en hoe die besef van die naderende dood verwerk word.

Daar is aangetoon hoe persoonlike veroudering en aftakeling daartoe lei dat hierdie gerontologiese fasette in die gedigte aangespreek en verwerk word. Deur ironisering, satire en humor word die situasie leefbaar gemaak.

Die kragdadige sportgedigte van vroeër word nou vervang met gestalteverse. Die gestaltes is dikwels die van ouer mense wat verskillende ambagte beoefen of gewoon besig is met bedrywigheide van ouer mense wie se fisieke vermoëns en mobiliteit afgeneem het.

Die ruimte het aansienlik verklein en die wye buiteruimtes word vervang met 'n ingeperkte binneruimte vanwaar daar dikwels na

buite uitgekyk word. Die seisoene wat prominent materialiseer, is veral die herfs en winter. Uit laasgenoemde sal hopelik weer nuwe lewe spruit. Die dood word as werklike toekoms verwoord en daarmee word vrede gemaak. Baie gedigte word 'n aanvaarding van die aftakeling en 'n afwag van die einde.

Ironie is 'n stylmiddel wat algemeen voorkom, waardeur die hede en verlede dikwels teenoor mekaar gestel word. Verskeie stylmiddele het 'n vertraagde gedigtempo tot gevolg wat die lewenstempo wat afgeneem het, moet weerspieël. Seisoens- en reismetafore word benut om aan te toon dat die einde van 'n lewensiklus of -pad aanbreek het.

Ouderdom en aftakeling is 'n vernederende ervaring wat verhoudings aantas en wat aanpassing verg. Daar moet vrede gemaak word met die liggaam wat die lewendige gees in die steek laat. Dit bring die positiewe besef dat ervaring en vernuf die ryke oes van 'n lewe is. Onsterflikheid is iets wat nagestreef word en terselfdertyd moet daar met die werklikheid van die naderende dood afgereken word.

Van Heerden se poësie is 'n ryk bron van gerontologiese kodes. Soos wat met behulp van die voetnotas aangetoon is, is daar slegs enkele gedigte uit 'n groot verskeidenheid benut om elk van die gerontologiese kodes in die hoofstuk te illustreer.

Troos my
as stram gewrigte die pen misvat,
die ou skommelhart bokspring,
as die kerktoering se pyl na die kerkhof wys
E. van Heerden (1993:68)